

**DIE HERSKEPPING VAN LEWENSROME NA 'N VERLIES: 'N  
GESTALT PERSPEKTIEF**

**deur**

**BELINDA VON WIELLIGH**

**voorgelê ter gedeeltelike vervulling van die vereistes vir  
die graad**

**MAGISTER DIACONIOLOGIAE  
(SPELTERAPIE – RIGTING)**

**aan die**

**UNIVERSITEIT VAN SUID-AFRIKA**

**STUDIELEIER: DR. M. VAN HEERDEN**

**JUNIE 2006**

## **BEDANKINGS**

Sonder die volgende persone se hulp, liefde, ondersteuning en leiding sou die skryf van hierdie verhandeling nie vir my 'n realiteit geword het nie.

- Aan elke kind en adolessent wat my in hul lewe toegelaat het, met my hul drome, ideale en seerkry gedeel het. Sonder hulle bereidwilligheid om deel te neem en hul insette sou ek nie soveel insig in hul verliese kon kry nie.
- Hiermee bedank ek graag my kollegas, mede-studente en vriendinne met wie ek eindelose gesprekke oor die onderwerp gehad het, vir hul insig, gewilligheid om te luister en emosionele ondersteuning.
- Aan my vriendin, Nadine, wat haar lewensstorie met my gedeel het, sodat ek beter kan verstaan waardeur 'n adolessent wat 'n verlies ervaar het gaan.
- Ek bedank ook graag vir my studieleier, Dr. Magdie van Heerden vir haar opregte belangstelling in my onderwerp, haar leiding en positiewe terugvoer.
- Aan my ma, Helene Louw, wat my lewenslank inspireer tot net my beste, vir haar volgehoue ondersteuning, moeite, hulp en liefde.
- My ouers het my grootgemaak in 'n huis wat gevul was met liefde en waar ons drome vir die toekoms altyd gerespekteer is. Ek sal my ouers ewig dankbaar wees hiervoor.
- Aan my man, Franz, my grootste bewonderaar, vir sy onvoorwaardelike liefde, humor en die eindelose vreugde wat hy in my lewe bring. Dankie vir al die ondersteuning, aanmoediging en belangstelling in my veld van werk.
- Laastens aan my Skepper, wat vir my die passie gegee het om met kinders en adolessente te werk.

## **OPSOMMING**

Enige verlies in adolessente se lewens kan lei tot verbrokkelde lewensdrome. Terapeute wat werk met adolessente wat 'n verlies ervaar het, moet hul ondersteun en begelei sodat hulle bewustheid kan ontwikkel van hul behoeftes, drange en drome. Terapeute moet verder bewus wees van die faktore wat 'n keerpunt meegebring het by die adolessente wat wel hul drome kon herskep.

Adolessente se lewensdrome word beïnvloed deur die huidige omstandighede in Suid-Afrika, sowel as deur hul ouers se persepsies en ouerskapstyl. Die verlies aan dit wat kon wees, na afloop van 'n verlies moet dus ook aangespreek word. Die gestaltterapeut bewerkstellig die bewusmakingsproses in die hier-en-nou. Verder moet die adolessent gelei word om verantwoordelikheid te neem vir sy eie keuses en om doelbewus 'n nuwe lewensdroom te skep.

## **SUMMARY**

Any loss in an adolescent's life may lead to shattered dreams. Therapists, who work with adolescents who have experienced a loss must support and guide them to develop an awareness of their needs, impulses and dreams. Therapists must furthermore be aware of the factors that contributed to a turning point for the adolescents who managed to recreate their dreams.

Adolescents' dreams are influenced by the current circumstances in South Africa, as well as their parents' perceptions and parenting styles. The loss of what could have been, after a loss, must also be addressed. The gestalt therapist establishes the process of awareness in the here-and-now. Furthermore, the adolescent must be guided to accept responsibility for his own choices and to purposeful create a new life dream.

**SLEUTELTERME****KEY TERMS**

VERBROKKELDE LEWENSROME

SHATTERED DREAMS

VERLIES AAN DROME

LOSS OF DREAMS

VERLIESE

LOSSES

KEERPUNT

TURNING POINT

VERLIESBERADING

BEREAVEMENT COUNSELING

GESTALTBEGINSELS

GESTALT PRINCIPLES

SELFBEWUSTHEID

AWARENESS

VERANTWOORDELIKHEID

RESPONSIBILITY

ONTWIKKELING

DEVELOPMENT

ADOLESENT

ADOLESCENT

**Studente nommer: 3444-760-1**

Ek verklaar hiermee dat DIE HERSKEPPING VAN LEWENSDROME  
NA 'N VERLIES: 'N GESTALT PERSPEKTIEF my eie werk is en dat  
ek alle bronne wat ek gebruik of aangehaal het deur middel van  
volledige verwysings aangedui en erken het.

---

**MEV B. VON WIELLIGH**

---

**DATUM**

## **INHOUDSOPGAWE**

### **HOOFSTUK 1**

**BLADSY**

#### **ALGEMENE INLEIDING EN UITEENSETTING VAN DIE STUDIE**

<b>1.1 INLEIDING</b>	<b>1</b>
<b>1.2 MOTIVERING EN PROBLEEMFORMULERING VIR DIE NAVORSINGSTEMA</b>	<b>3</b>
<b>1.3 DOEL EN DOELSTELLINGS</b>	<b>4</b>
<b>1.4 PARADIGMATIESE PERSPEKTIEF</b>	<b>5</b>
<b>1.5 TEORIE GENERERING EN VOORONDERSOEK</b>	<b>6</b>
1.5.1 Literatuur	6
1.5.2 Konsultasies met kundiges	7
<b>1.6 NAVORSINGSTIPE</b>	<b>7</b>
1.6.1 Toegepaste navorsing	8
1.6.2 Beskrywende studie	8
<b>1.7 NAVORSINGSBENADERING</b>	<b>8</b>
<b>1.8 NAVORSINGSVRAAG</b>	<b>9</b>
<b>1.9 NAVORSINGSTRATEGIE</b>	<b>9</b>
1.9.1 Kollektiewe gevallestudie	9

<b>1.10</b>	<b>NAVORSINGSPROSEDURE</b>	<b>10</b>
1.10.1	Populasie en steekproefneming	10
1.10.1.1	Doelgerigte steekproewe	11
<b>1.11</b>	<b>DATA INSAMELING EN –ANALISE</b>	<b>11</b>
1.11.1	Semi-gestruktureerde onderhoudvoering	11
1.11.2	Transkribering van kwalitatiewe data	12
1.11.3	Data analise	12
<b>1.12</b>	<b>BEPALING VAN VERTROUENSWAARDIGHEID</b>	<b>13</b>
<b>1.13</b>	<b>HOOFKONSEPTE</b>	<b>16</b>
1.13.1	Verbrokkelde drome	16
1.13.2	Verlies aan drome	16
1.13.3	Verlies	17
1.13.4	Adolesensie	18
1.13.5	Gestaltbenadering	18
<b>1.14</b>	<b>ETIESE ASPEKTE</b>	<b>19</b>
1.14.1	Vrywillige deelname	19
1.14.2	Geen nadeel vir deelnemers	20
1.14.3	Privaatheid, anonimiteit en vertroulikheid	20
1.14.4	Misleiding van proefpersone	20
1.14.5	Geslag en kulturele vooroordeel en ongevoeligheid	21
1.14.6	Ontleding en verslagdoening	21
<b>1.15</b>	<b>SAMEVATTING</b>	<b>21</b>



<b>HOOFSTUK 2</b>	<b>BLADSY</b>
<b>VERLIESE</b>	
<b>2.1 INLEIDING</b>	<b>23</b>
<b>2.2 KATEGORIEË VAN VERLIES</b>	<b>23</b>
<b>2.3 TEORIEË MET BETREKKING TOT DIE ROUPROSES</b>	<b>24</b>
2.3.1 Kübler-Ross se teorie	25
2.3.2 Parkes se teorie	25
2.3.3 Bowlby se teorie	26
2.3.4 Die rouproses van kinders en adolessente	29
<b>2.4 DIE ERVARING VAN VERSKILLENDE VERLIESE</b>	<b>30</b>
2.4.1 Die verlies van 'n kind	30
2.4.2 Die verlies aan 'n ouer	34
2.4.3 Die verlies aan 'n broer of suster	36
2.4.4 Die verlies weens egskeiding	38
2.4.5 Werksverlies	40
2.4.6 Die verlies van gesondheid	41
2.4.7 Die verlies van vriende	42
2.4.8 Die verlies van troeteldiere	43
2.4.9 Interne verliese	44
<b>2.5 DIE KEERPUNT NA VERLIESE</b>	<b>45</b>
<b>2.6 SAMEVATTING</b>	<b>49</b>

<b>HOOFSTUK 3</b>	<b>BLADSY</b>
<b>DIE ONTWIKKELING VAN DIE ADOLESSENT</b>	
<b>3.1 INLEIDING</b>	<b>50</b>
<b>3.2 STADIA VAN ADOLESSENSIE</b>	<b>51</b>
<b>3.3 TEORIEË MET BETREKKING TOT DIE ADOLESSENT</b>	<b>52</b>
3.3.1 Egosielkundige teorie van Erik Erikson	52
3.3.2 Kognitiewe ontwikkelingsbenadering van Piaget	54
3.3.2.1 Die formele operatiewe fase	54
<b>3.4 DIE ONTWIKKELING VAN DIE ADOLESSENT EN DIE HANTERING VAN 'N VERLIES</b>	<b>55</b>
3.4.1 Emosionele ontwikkeling	55
3.4.2 Sosiale ontwikkeling	57
3.4.3 Morele ontwikkeling	58
3.4.4 Fisiologiese ontwikkeling	58
3.4.5 Kognitiewe ontwikkeling	59
<b>3.5 PERSEPSIES VAN VERLIES VAN DIE ADOLESSENT</b>	<b>60</b>
3.5.1 Vroeë adolessensie	61
3.5.2 Middel adolessensie	62
3.5.3 Laat adolessensie	63
<b>3.6 DIE EFFEK VAN VERLIES OP DIE ADOLESSENT</b>	<b>64</b>
<b>3.7 SAMEVATTING</b>	<b>65</b>

<b>HOOFSTUK 4</b>	<b>BLADSY</b>
<b>'N GESTALTBENADERING TOT VERLIES</b>	
<b>4.1 INLEIDING</b>	<b>66</b>
<b>4.2 GESTALTKONSEPTE</b>	<b>67</b>
4.2.1 Selfregulering	67
4.2.2 Onafgehandelde besigheid	68
4.2.3 "I-Thou" verhouding	69
4.2.4 Eksperimentering	70
4.2.5 Kreatiewe aanpassing	71
4.2.6 Polariteite	72
4.2.7 Balans	75
4.2.8 Verantwoordelikheid	75
4.2.9 Hier-en-nou beleving	76
4.2.10 Selfbewustheid	77
<b>4.3 SAMEVATTING</b>	<b>80</b>
<b>HOOFSTUK 5</b>	<b>BLADSY</b>
<b>EMPIRIESE GEGEWENS EN NAVORSINGSBEVINDINGS</b>	
<b>5.1 INLEIDING</b>	<b>81</b>
<b>5.2 RESULTATE VAN DIE STUDIE</b>	<b>82</b>
5.2.1 Identifiserende besonderhede	82
5.2.2 Spesifieke waarnemings tydens semi-gestruktureerde onderhoude	83

5.2.2.1 Groepsdinamika	84
5.2.2.2 Individuele onderhoude	85
5.2.2.3 Angs en spanning	86
5.2.2.4 Selfbeeld	86
5.2.2.5 Behoefte om tevrede te stel	87
5.2.2.6 Kognitiewe vermoë	87
5.2.2.7 Hier-en-nou	88
5.2.2.8 Invloed van vriendekring	89
5.2.3 Analise van semi-gestruktureerde onderhoude	89
5.2.3.1 Uiteensetting van die omstandighede rondom die verlies	89
5.2.3.2 Beskrywing van lewensdrome in die algemeen	93
5.2.3.3 Beskrywing van die herskepping van lewensdrome na die verlies	97
5.2.3.4 Beskrywing van hulpbronne in die herstelproses na die verlies	102
5.2.3.5 Beskrywing van die keerpunt na die verlies wat gelei het tot 'n nuwe lewensdroom	105
5.2.3.6 Faktore wat aanleiding gegee het tot die herskepping van die lewensdroom	107
5.2.3.7 Beskrywing van adolessente se ervaring van die verlies	108
<b>5.3 SAMEVATTING</b>	<b>110</b>

## HOOFSTUK 6

## BLADSY

### GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

<b>6.1 ALGEMENE SAMEVATTING</b>	<b>112</b>
---------------------------------	------------

<b>6.2 EVALUERING VAN DOEL EN DOELSTELLINGS</b>	<b>113</b>
6.2.1 Doelstellings	113
6.2.2 Doelwitte	113
<b>6.3 BEANTWOORDING VAN DIE NAVORSINGSVRAAG</b>	<b>114</b>
<b>6.4 GEVOLGTREKKINGS</b>	<b>114</b>
6.4.1 Gevolgtrekkings ten opsigte van die omstandighede rondom die verlies	115
6.4.2 Gevolgtrekkings met betrekking tot lewensdrome voor die verlies	115
6.4.3 Gevolgtrekkings met betrekking tot die herskepping van lewensdrome na die verlies	116
6.4.4 Gevolgtrekkings ten opsigte van hulpbronne in die herstelproses na die verlies	117
6.4.5 Gevolgtrekkings met betrekking tot die keerpunt na die verlies wat gelei het tot 'n nuwe lewensdroom	117
6.4.6 Gevolgtrekkings met betrekking tot faktore wat aanleiding gegee het tot die herskepping van die lewensdroom	118
6.4.7 Gevolgtrekkings ten opsigte van adolessente se ervaring van die verlies	118
<b>6.5 AANBEVELINGS</b>	<b>119</b>
6.5.1 Algemene aanbevelings met betrekking tot verliese	119
6.5.2 Aanbevelings met betrekking tot die skep van lewensdrome	120
6.5.3 Aanbevelings vir die herskepping van lewensdrome na 'n verlies	121
6.5.4 Aanbevelings vir hulpbronne in die herstelproses na die verlies	122
6.5.5 Aanbevelings vir 'n keerpunt wat lei tot 'n nuwe	

lewensdroom	123
6.5.6 Verantwoordelikheid in die herskepping van die lewensdroom	124
6.5.7 Balans en Polariteite	124
<b>6.6 AANBEVELINGS VIR OPVOLGENDE STUDIES</b>	<b>125</b>
<b>6.7 TEN SLOTTE</b>	<b>126</b>
<b>BRONNELYS</b>	<b>127</b>
<b>BYLAE</b>	
<b>BYLAAG A: TOESTEMMING TOT ONDERHOUD VIR NAVORSINGSPROJEK</b>	
<b>BYLAAG B: SEMI-GESTRUKTUREERDE ONDERHOUDSKEDULE AAN ADOLESSENTE</b>	
<b>BYLAAG C: TRANSKRIBERING VAN SEMI-GESTRUKTUREERDE ONDERHOUDE</b>	

## HOOFSTUK 1

### ALGEMENE INLEIDING EN UITEENSETTING VAN DIE STUDIE

#### 1.1. INLEIDING

Die belewenis van verbrokkelde lewensdrome kan lei tot die verlies aan hoop en die kapasiteit om nuwe drome te droom of nuwe lewensstories te skep. Die betekenis van drome word soos volg omskryf: “When you shape your dreams, a picture will be formed; a picture that is yours and yours alone. Made up in colours, which only you and the selected few whom you wish to share them with can see” (Norman, 2003:137)<sup>1</sup>. Om te kan hoop, is daar ‘n toekomsstorie nodig (Lester, 1995:44). Wanneer ‘n persoon ‘n verlies ervaar weens dood, egskeiding, ‘n diagnose, armoede, geweld of ander traumatiese ervarings word sy toekomsstorie beïnvloed en onderbreek (Lester, 1995:74). Na ‘n verlieservaring kom die besef dat die lewe nie meer dieselfde gaan wees nie:

It is not just the person who is lost, it is the connection, the continuity, the company, the familiarity, the investment in imagination that was created and sustained prior to the separation. Central is the conflict generated by the sudden recognition that life is not going to proceed in the way it was imagined (Wright, 2002:282).

Volgens Bowman (1999:179) word daar wel aandag gegee aan aanpassing en hanteringsstrategieë om verliese te verwerk, maar daar word nie genoegsame aandag gegee aan die verlies- en herskepping van lewensdrome nie. Soms is dit nodig dat die lewensdroom in totaliteit verander moet word. Literatuur wat hierdie dimensie van verlies aanspreek, is beperk en word ook deur Bowman (1999:180) as

---

<sup>1</sup> Alle bronverwysings in die verhandeling is gemaak aan die hand van die Harvard metode soos uiteengesit in die volgende bron: Lourens, A. 2004. *Riglyne vir die skryf van tesse en proefskrifte*. Stellenbosch: Sun Drukkers.

'n leemte beskou. Telkens word melding gemaak van nuwe toekomsvisies wat geskep moet word. Talbot (2002:184) gee voorbeelde van ouers wat nuwe oortuigings, professies, studierigtings en kreatiewe projekte begin het na die dood van hul kinders. Om 'n nuwe lewensdroom te kan skep, is dit nodig dat persone in kontak met hulself moet wees en bewus moet wees van hul geleenthede in die hier-en-nou. Die gestaltperspektief is daarom belangrik vir persone wat 'n soeke het na 'n nuwe toekomsvisie of lewensdroom. Die gestaltterapeut kan die adolessent ondersteun in die ontdekkingsreis van selfbewustheid en help om verantwoordelikheid te neem vir sy<sup>2</sup> eie keuses vir die toekoms. Yontef beskryf gestaltterapie soos volg: "Gestalt therapy helps patients discover what is moral according to their own choice and values" (1993:13).

Die vermoë om te kan droom en lewensdrome of –ideale te skep, gee betekenis aan die lewe. Hierdie aspek word bevestig deur Hughes (1994:4) soos aangehaal in Bowman (1999:180).

*Hold fast to dreams  
For when dreams die  
Life is a broken-winged bird  
That cannot fly.*

*Hold fast to dreams  
For when dreams go  
Life is a barren field  
Frozen with snow.*

---

<sup>2</sup> Met verwysing na die kliënt of adolessent sal gebruik gemaak word van 'n manlike verwysing, terwyl daar na die terapeut verwys word in die vroulike vorm.



## **1.2. MOTIVERING EN PROBLEEMFORMULERING VIR DIE NAVORSINGSTEMA**

Enige verlies wat gelei word kan 'n verlies aan 'n lewensdroom tot gevolg hê. Literatuur bestaan wel wat die keerpunt in 'n persoon se lewe beskryf na 'n verlies, maar literatuur wat spesifiek verwys na die herskepping van 'n lewensdroom na so 'n verlies, is beperk. Tschudin (1997:6) noem dat die keerpunt na 'n verlies nie net lê in die uitreiking na ander nie, maar dat persone wat ander toelaat om na hulle uit te reik ook genesing bereik.

Wanneer 'n persoon 'n verlies ervaar het is dit nodig dat die proses van selfbewustheid moet volg. Bewustheid lei tot insig en die ontdekking van betekenis wat die geleentheid gee vir die skep van doelwitte vir verandering (Tschudin, 1997:7). 'n Kernkonsep in die gestaltperspektief is selfbewustheid. Om hierdie rede word die kliënt wat 'n verlies ervaar het gelei tot selfbewustheid, omdat dit onontbeerlik is vir verandering en gevolglik genesing.

Die mening bestaan dat terapeute nie ten volle begryp wat die omvang van verskeie verliese is nie. Die verlies aan 'n lewensdroom wat gepaard gaan met die fisiese verlies wat gelei word, word selde aangespreek, met die gevolg dat die persoon wat deur 'n verlies gaan dit moeilik vind om weer op te staan of aan te gaan nadat die verlies gelei is. Verbroke lewensdrome moet deur die terapeut aangespreek word om sodoende die kliënt te lei tot plooibaarheid en hoop. Verder is dit noodsaaklik dat die terapeut bewus moet wees dat 'n persoon wat 'n verlies lei nie slegs daardie spesifieke verlies het om te hanteer nie, maar ook 'n verlies ervaar aan dit wat kon wees. Die verlies aan lewensdrome word soos volg beskryf:

It must be borne in mind that the tragedy of life doesn't lie in not reaching your goal. The tragedy lies in having no goal to reach. It

isn't a calamity to die with dreams unfulfilled, but it is a calamity not to dream (Mays, 1983:3, soos aangehaal in Bowman, 1999:184).

Om verbrokkelde drome te hanteer, is vir baie die voorvereiste om weer te begin droom. Die moontlikheid vir die terapeut om hoop en drome te verhoog, word saam met die kliënt ondersoek om deur die verbrokkelde drome te werk. Die mening bestaan dat daar wel 'n behoefte is aan 'n beter begrip van wat aanleiding gegee het tot die keerpunt in dié persone se lewens wat wel 'n nuwe lewendroom herskep het. Wanneer daar 'n beter begrip is van die verlies aan 'n lewendroom en die aspekte wat 'n keerpunt tot gevolg gehad het, kan die terapeut haar kliënt begelei na 'n groter bewustheid van sy eie behoeftes, drange of drome. Alle terapeute wat dus met 'n kliënt werk wat swaarkry, gediagnoseer word met lewendreigende siektes, geliefdes verloor deur die dood, egskeiding of afstand, of 'n ander trauma beleef het, sal by hierdie studie kan baat.

Die probleemstelling kan soos volg saamgevat word. Die moontlikheid bestaan dat die terapeut wat verliesberading doen enersyds nie bewus mag wees van die effek van verlore drome in haar kliënt se lewe nie en andersyds ook nie besef dat daar faktore is wat 'n keerpunt kan bring in die skepping van lewendrome nie. Die terapeut kan bewus gemaak word dat sy haar kliënte effektief kan ondersteun en begelei om nuwe lewendrome te bou.

### **1.3. DOEL EN DOELSTELLINGS**

Die doel van die navorsing kan beskryf word as die groter "droom" vir die studie terwyl die doelstellings realisties die stappe uiteensit, binne 'n tydslimiet wat geneem moet word om hierdie droom te bewaarheid (Fouché, 2002a:107). Die oorhoofse doel met hierdie navorsing was:

Om die herskepping van lewensdrome na 'n verlies vanuit 'n gestaltperspektief te beskryf.

Daar is gemik om die volgende doelstellings te bereik in die studie:

- Om 'n omvattende literatuurstudie te doen rakende verskillende verliese, die verlies aan lewensdrome en die ontwikkelingsfases van die adolessent om daardeur agtergrondinligting te bekom om sodoende die adolessent toepaslik te benader.
- Om 'n literatuurdekking van die kernkonsepte van die gestaltbenadering te doen.
- Om deur middel van semi-gestruktureerde onderhoude, die keerpunt wat die herskepping van nuwe lewensdrome tot gevolg gehad het by spesifiek geselekteerde adolessente te beskryf.
- Om gevolgtrekkings en aanbevelings te maak sodat gestaltterapeute met kliënte wat verliese ervaar het, hulle kan begelei in die proses van bewusmaking. Die gestaltterapeute sal verder die kliënte beter kan begelei in die herskepping van nuwe lewensdrome.

#### **1.4. PARADIGMATIESE PERSPEKTIEF**

As Christenvrou is dit moeilik om geloof te skei van emosies en ervaringe. Pyn, emosies, hoop, lewensdrome en geloof is interverweef en affekteer of beïnvloed mekaar. 'n Passie vir lewensdrome het ontstaan nadat my eerste aansoek tot keuring vir Arbeidsterapie afgekeur is. Op die stadium van my lewe was dit 'n verbrokkelde lewensdroom, maar weens my geloof, hoop en wilskrag kon my droom bewaarheid word. Hierdie ervaring het my belangstelling in verbrokkelde lewensdrome tot gevolg gehad.

Kliënte word holisties benader vanuit verskillende perspektiewe en benaderings alhoewel die gestaltbenadering verkies word. Speltherapie word dus vanuit die gestaltbenadering aangebied, maar

weens my opleiding en werkservaring as arbeidsterapeut waar die mediese model nooit buite rekening gelaat kan word nie, word kliënte nie suiwer vanuit die gestaltperseptief benader nie. Speltherapiesessies word aangebied met behulp van kennis wat reeds opgedoen is as arbeidsterapeut. Terapeutiese sukses word gemeet aan die kliënt se algehele funksionering in alle sferes van sy lewe naamlik werksfeer, sosiale ontwikkeling, persoonlike bestuur en vryetydsbesteding.

## **1.5. TEORIE GENERERING EN VOORONDERSOEK**

Toepaslike literatuur en vaktydskrifte is geraadpleeg in die proses van teorie generering.

### **1.5.1. Literatuur**

Alhoewel hierdie 'n kwalitatiewe ondersoek is, is dit noodsaaklik dat literatuur rakende verliese, ontwikkelingsfases van die adolessent en kernkonsepte van die gestaltbenadering, deeglik bestudeer word voor aanvang van die data insameling. 'n Sterk oriënteringsraamwerk is noodsaaklik vir wat bestudeer moet word (Fouchè & Delport, 2002a:268). Leedy en Ormrod (2001:153) beskryf 'n fenomenologiese studie as die algemene beskrywing van die fenomeen soos ervaar deur die betrokke persoon. Alhoewel hierdie studie nie primêr 'n fenomenologiese studie was nie, is die ervaringe van die persone betrokke wel beskryf. 'n Verdere literatuurondersoek is ook uitgevoer nadat die bevindinge van die studie ondersoek is (Fouchè & Delport, 2002a:268). Die literatuur is dus in die vorm van 'n literatuurkontrole wat gebruik is om die stellings gemaak deur die respondente op te volg. Die verskillende keerpunte wat beskryf is deur die respondente wat 'n verlies ervaar het, is na afloop van die data insameling ondersoek en in 'n literatuurkontrole verder opgevolg.

Toepaslike literatuur wat reeds geraadpleeg is vir die voorondersoek het aan die lig gebring dat daar 'n verskeidenheid verliese bestaan. Nie slegs verlies weens dood is ondersoek nie, maar ook verliese weens onder andere egskeiding van ouers, die verlies aan 'n troeteldier of 'n beste vriend. Literatuur is geraadpleeg met spesifieke verwysing na die keerpunt, houding, verandering of besluite wat meegebring het dat die persoon weer kon aangaan met sy lewe nadat 'n verlies ervaar was. Min literatuur is opgespoor met spesifieke verwysing na 'n verlies aan lewensdrome. Konsultasies met kundiges het verdere agtergrondkennis meegebring.

### **1.5.2 Konsultasies met kundiges**

Persoonlike onderhoude is gevoer met medewerkers, dominees, beraders en terapeute asook ander persone wat kennis dra oor die onderwerp en kan assisteer in die agtergrondkennis rakende die studie. Hierdie is gedoen om by te dra tot die voorondersoek van die studie. Die volgende persone het onder andere bygedra tot agtergrondinligting:

- Mnr. D.P de la Ray: Het persoonlike verliese ervaar in beide adolessent en vroeë volwasseheid fase.
- Dr. C.L. Carbonatto: Senior lektor en programbestuurder in Maatskaplike gesondheid: Departement Maatskaplike Werk en Kriminologie, Universiteit van Pretoria.
- Me. N. Du Toit: Skrywer van die boek "Lewe om te lewe". Me. Du Toit het as adolessent beide haar suster en broer aan die dood afgestaan.

## **1.6 NAVORSINGSTIPE**

Die navorsingstipe kan soos volg beskryf word:

### **1.6.1 Toegepaste navorsing**

Die inligting wat verkry is deur die studie sal in die praktyk toegepas word deurdat terapeute van die aanbevelings gebruik kan maak om adolessente te ondersteun wat 'n verlies aan lewensdrome gehad het. Toegepaste navorsing behels die daarstelling van aanbevelings of oplossings vir 'n probleem wat deur 'n spesifieke groep mense in 'n situasie ervaar word. Die doel is om teoretiese insigte te neem en toe te pas in werklike situasies (Hart, 1998:46).

### **1.6.2 Beskrywende studie**

Beskrywende navorsing word deur Hart (1998:47) gedefinieer as navorsing wat alledaagse of nie-alledaagse sosiale verskynsels verstaan deur die elemente wat daarvan 'n verskynsel maak waar te neem, om sodoende 'n empiriese basis vir geldige argumentering te bied. Die klem kan val op die beskrywing van 'n spesifieke individu (Mouton & Marais, 1990:46), byvoorbeeld om verskillende individue se spesifieke situasies en gevolglik die keerpunt na 'n verlies in hul lewens vanuit verskillende invalshoeke in diepte te beskryf.

## **1.7 NAVORSINGSBENADERING**

Die kwalitatiewe benadering word gebruik. Fouché en Delpont (2002b:79) beskryf die doel van kwalitatiewe navorsing soos volg: "Aims mainly to understand social life and the meaning that people attach to everyday life". Die betekenis, ervarings en persepsies van die respondente word in kwalitatiewe navorsing beskryf. Die identifisering van die respondent se onderliggende oortuigings en waardes ondersteun die beskrywing (Fouché & Delpont, 2002b:79). Mouton en Marais (1990:159) definieer kwalitatiewe navorsing soos volg: "Daardie benadering waarvan die prosedures nie so streng geformaliseer en geëkspliseer is nie, terwyl die reikwydte meer grensloos is en op 'n meer filosoferende wyse te werk gegaan word."

‘n Beskrywing van die menslike handeling na die ervaring van verlies is in hierdie studie vanuit ‘n gestaltperspektief beskryf. Fokus word veral geplaas op ‘n beskrywing van die faktore wat gelei het tot ‘n keerpunt in die respondente se lewens.

## **1.8 NAVORSINGSVRAAG**

Die navorsingsvrae kan volgens Blaikie (2000:60-61) verdeel word in drie hooftipes, naamlik wat, waarom en hoe vrae. Die “wat” vraag benodig ‘n beskrywende antwoord en is volgens Blaikie (2000:60-61) gerig op die ontdekking en beskrywing van verskillende verskynsels. Die volgende vraag is deur die navorser gevra: Wat is die faktore wat aanleiding gee tot die keerpunt in die herskepping van lewensdrome by adolessente wat ‘n verlies ervaar het?

## **1.9 NAVORSINGSTRATEGIE**

Die kollektiewe gevallestudie as navorsingstrategie word vervolgens bespreek:

### **1.9.1. Kollektiewe gevallestudie**

Kollektiewe gevallestudies is gebruik as navorsingstrategie: “A case study can be regarded as an exploration or in-depth analysis of a “bounded system” (bounded by time and/or place) or a single or multiple case, over a period of time (Creswell, 1998:61, soos aangehaal in Fouché, 2002b:275).” Leedy en Ormrod (2001:149) is van mening dat ‘n gevallestudie veral toepaslik is wanneer die doel is om meer te leer oor ‘n onderwerp of situasie wat onbekend is. Volgens Babbie (2002:292) kan die geval wat bestudeer word, verwys na ‘n periode van tyd eerder as ‘n groep mense. Thyer (2001:294) wys ook uit dat gevallestudies nie slegs beperk hoef te word tot individue nie. Families, behandelingspanne, kliniese onderhoudsegmente en gemeenskappe vorm ook goeie eenhede vir ondersoek. Die kollektiewe gevallestudie word gedefinieer as ‘n

studie wat die begrip van die navorser uitbrei met betrekking tot 'n sosiale geskilpunt of 'n populasie wat ondersoek word. Adolescente in middel- en laat adolessensie het as eenheid van ondersoek in hierdie studie gedien. Data is verkry deur middel van semi-gestruktureerde onderhoude waardeur ooreenkomste en verskille in hierdie geselekteerde groep se keerpunt in die herskepping van lewensdrome na 'n verlies beskryf is.

## **1.10. NAVORSINGSPROSEDURE**

'n Doelgerigte steekproefneming is gebruik binne die kwalitatiewe navorsingsproses vir hierdie studie.

### **1.10.1. Populasie en steekproefneming**

Die bevolking of universum wat tydens die studie oorweeg is het adolessente in die middel- en laat adolessensie lewensfase ingesluit. Die universum is afgebaken as adolessente wat 'n verlies in die afgelope paar jaar ervaar het. Sarantakos (1998:154) beskryf steekproewe binne kwalitatiewe navorsing as relatief beperk, minder gestruktureerd met assosiasie met teorie. Die grootte word nie statisties bepaal nie. Dus word nie-waarskynlikheidssteekproewe binne kwalitatiewe ondersoeke byna sonder uitsondering gebruik. Tydens kwalitatiewe navorsing soek die navorser spesifieke individue uit. Aan die begin van die studie, is doelgerig sewe respondente geselekteer wat in die laat adolessensie lewensfase was. Voldoende inligting is nie vanaf hierdie sewe respondente verkry om die navorsingsvraag te beantwoord nie en sodoende is nog respondente geselekteer. Die proses van konstante vergelyking tussen die individue was belangrik, omdat die navorser wou sin maak uit die data (Strydom & Delpont, 2002:334). Verder word vanuit die standpunt gewerk dat geen geval 'n enkele geval is in die sosiale agtergrond nie. Denzin en Lincoln (2000:370) beskryf dit soos volg: "Thus to study the particular is to study the general."



Die volgende steekproef word gebruik.

#### **1.10.1.1. Doelgerigte steekproef**

Tydens die steekproefneming is spesifieke gevalle gekies, omdat dit 'n proses of aspek illustreer wat van belang was (Silverman, 2000:104, soos aangehaal in Strydom & Delpont, 2002:334). Die parameters van die studie is krities evalueer en uiteengesit sodat die steekproef volgens die korrekte riglyne gekies kon word. Om in hierdie studie ingesluit te word moes die respondente:

- In die middel- en laat adolessensie lewensfase wees. Volgens Kaplan en Sadock (1998:42) begin middel adolessensie tussen veertien tot sewentien jaar terwyl die laat adolessensiefase vanaf sewentien tot twintig jaar strek.
- 'n Verlies ervaar het in die afgelope drie tot tien jaar.
- 'n Punt in hul lewens bereik het wat daartoe gelei het dat hulle kon aanbeweeg met hulle lewens ten spyte van die verlies.
- Gewillig wees om aan die studie deel te neem.
- Beskikbaar wees vir semi-gestruktureerde onderhoude met die navorser.
- Die respondente moes woonagtig wees in Pretoria en moes lede wees van dieselfde kultuur, sodat 'n homogene groep geskep kon word.

### **1.11 DATA INSAMELING EN - ANALISE**

Die respondente se lewensstories is met behulp van semi-gestruktureerde onderhoudvoering ingewin.

#### **1.11.1 Semi-gestruktureerde onderhoudvoering**

Aangesien daar tydens die studie gefokus is op die verkryging van insig en die verwerwing van begrip, behels die studie die gebruik van semi-gestruktureerde onderhoudvoering met die respondente (Mouton & Marais, 1990:45). Greeff (2002:292) verduidelik dat die doel van die

onderhoud die verkryging van informasie en lewensstories is. Lewensstories is die mikrokosmos van die respondente se bewustheid. Deur na stories te luister kan die onderhoudvoerder met behulp van die interaksie met die respondente meer informasie en persepsies verkry as wat moontlik is deur die gebruik van 'n vraelys. Sowel die respondent as die navorser is aktief betrokke by die ontleding van die onderwerp (Holstein & Gubrium, 1995:4, soos aangehaal in Greeff, 2002:292). Die onderhoude is nie so gestruktureerd soos die in 'n kwantitatiewe studie nie. Spesifieke vrae aan respondente is vooraf bepaal (sien bylaag B). Tydens beide die individuele en groepsonderhoudvoering is hierdie spesifieke vrae as riglyn benut, maar daar was wel ruimte vir ander vrae soos wat die onderhoud ontwikkel het. Semi-gestruktureerde onderhoude is volgens die navorser meer effektief as ongestruktureerde onderhoude, aangesien die respondente die geleentheid gekry het om vrylik hul lewensstories oor te vertel, binne die riglyne wat die vrae gebied het. Ongestruktureerde onderhoude is egter meer buigbaar, maar dit lei soms tot inligting wat nie deur die navorser gebruik kan word nie en sodoende word dit moeilik om die inligting vanuit die verskillende onderhoude te vergelyk (Leedy & Ormrod, 2001:159).

### **1.11.2 Transkribering van kwalitatiewe data**

Bandopnames is gemaak van al die onderhoude. Bandopnames is so gou as moontlik getranskribeer nadat die onderhoude gevoer was (sien bylaag C). Sodoende is die raakpunte tussen onderhoude en respondente vinniger raakgesien en kon die data saturasie duideliker word (Greeff, 2002:305).

### **1.11.3 Data analise**

Data analise kan beskryf word as die proses waartydens algemene aannames oor verhoudings gesoek word tussen verskeie kategorieë

van data (Marshall & Rossman, 1995:111). Analise word beskryf as: “Die uiteensetting van die samestellende dele van ‘n geheel met die oog op kennis” (Stoker, [g.d], soos aangehaal in Mouton & Marais, 1989:102).

Data analise tydens kwalitatiewe navorsing behels ‘n tweevoudige benadering (De Vos, 2002:341). Die eerste aspek behels die analise van data by die plek van navorsing gedurende data insameling. Die tweede aspek behels die analise van die data nadat die data reeds ingesamel is. De Vos (2002:341) beskryf die proses soos volg: “A traditional study separates data collection from data analysis; a qualitative study involves an inseparable relationship between data collection and data analysis.” Die literatuurkontrole is na afloop van die data insameling en –analise gedoen. Die bevindinge is verwant aan reeds bestaande teorie en navorsing (Fouché & Delpont, 2002a:268).

### **1.12 BEPALING VAN VERTROUENSWAARDIGHEID**

Binne die kwalitatiewe studie word geldigheid en betroubaarheid vervang met vertrouenswaardigheid: “Die doel van die navorsingsontwerp is egter dat deur sistematiese beplanning en strukturering van die navorsingsprojek daarin geslaag sal word om die gesamentlike effek van steuringsveranderlikes te verminder en daardeur die uiteindelijke geldigheid van die navorsingsbevindinge te verhoog” (Mouton & Marais, 1990:92).

Literatuur en vorige data is hoofsaaklik gebruik in ‘n poging om objektiwiteit te vermeerder. Die onbeskikbaarheid van literatuur oor die onderwerp is ‘n belemmering, maar om hierdie aspek te oorbrug is kenners oor die onderwerp van verlies genader en gekonsulteer tydens die analise van die teks. Die onderhoudstegnieke het ook

grootliks bygedra tot die vertrouenswaardigheid van die studie. Die onderhoudvoerder se integriteit, wat warmte, eerlikheid en opregtheid (Schoeman & Van Der Merwe, 1996:36-38) insluit, dra by tot die vertrouenswaardigheid, aangesien die respondente veiliger voel en meer inligting deel. Die wyse waarop onderhoude gereël is en die hoeveelheid respek waarmee die onderhoudvoerder die respondent se pyn hanteer het, beïnvloed verder die vertrouenswaardigheid. Afsprake wat met respondente gemaak is, is stiptelik nagekom en opgevolg. Die doel van die studie naamlik die beskrywing van die herskepping van lewensdrome na 'n verlies vanuit 'n gestaltperspektief, het deurgaans die fokus van die studie gebly.

Betroubaarheid behels die toepassing van 'n geldige meetinstrument op verskillende ondersoekgroepe onder verskillende omstandighede wat tot dieselfde waarnemings sal lei (Mouton & Marais, 1989:79). Die betroubaarheid van data word deur vier veranderlikes bepaal soos beskryf deur Mouton en Marais (1989:79): die navorser(s), die individu of respondente, die meetinstrument en die navorsingskonteks. Betroubaarheid is die sinoniem van stabiliteit, afhanklikheid en voorspelbaarheid (Kerlinger, 1986:405, soos aangehaal in Vogel, 2004:48). Die waarde van geloofwaardigheid, deurloopenheid, toepaslikheid en neutraliteit is soos volg (Poggenpoel, 1998:348-350, soos aangehaal in Vogel, 2004:48):

- Geloofwaardigheid: Die beskrywing van die informasie is van so aard dat 'n kenner in die veld met die beskrywing sal kan identifiseer. Die navorser het na afloop van die insameling van data, kenners wat spesialiseer in adolessente en verliese gekontak en met hulle die analise van die resultate gedeel. Die beskrywings was van so aard dat hierdie kenners kon saamstem dat die resultate wel geloofwaardig was. 'n Semi-gestruktureerde onderhoudskedule is gebruik en het

bygedra tot geloofwaardigheid aangesien dit 'n mate van konsekwentheid meebring.

- Deurlopendheid: Indien dieselfde studie herhaal word met dieselfde omstandighede en respondente, sal dieselfde resultate verkry word. Die waarde van deurlopendheid sal getoets kan word indien 'n mede-navorser dieselfde respondente in 'n opvolgonderhoud ondervra. Opvolgonderhoude was egter nie moontlik nie, aangesien 'n persentasie van die adolessente skoolverlaters is en na afloop van hul graad twaalf eksamens nie meer beskikbaar was vir onderhoude nie. Die beperkte omvang van die studie het verder nie opvolgonderhoude toegelaat nie.
- Toepaslikheid: Verwys na die mate waartoe die resultate toegepas sal kan word op ander groepe. Hierdie studie sal nie slegs van toepassing wees op adolessente in middel- of laat adolessensie nie, maar ook volwassenes, omdat daar sentrale temas is rondom die ervaringe van verlies.
- Neutraliteit: Die navorser moet neutraliteit ten alle tye behou. Aangesien die navorser tot op datum nie self gekonfronteer is deur 'n lewensveranderende verlies nie, is dit moontlik om neutraal te staan teenoor hierdie onderwerp. Die navorser identifiseer nie spesifiek met 'n sekere verlies nie, maar het 'n belangstelling in die veld van verlies, veral verlies aan lewensdrome.

Die beskrywing tydens die studie word so gehandhaaf dat 'n kenner in die veld van verliese met die konsepte kan identifiseer. Bandopnames van die onderhoude met respondente kan geverifieer word deur 'n kenner of mede-navorser om die geloofwaardigheid te verhoog.

### **1.13 HOOFKONSEPTE**

Die volgende konsepte word deur die loop van die studie gereeld gebruik en 'n beter begrip van die terme is noodsaaklik.

#### **1.13.1 Verbroke drome**

Hoop sluit 'n toekomsstorie in (Lester, 1995:6), maar vir persone wat 'n verlies ervaar het weens dood, egskeiding, diagnose, geweld of ander ervaringe word hierdie toekomsstorie onderbreek. Die gevolg hiervan is dat die gewilligheid om 'n nuwe storie te skep gesteur, of selfs verwerp word. Hierna kan verwys word as verbroke drome. Die konsep van verbroke drome het te make met 'n geselekteerde groep prente of beelde van jouself of jou familie wat gesien word met hoë emosionele waarde (Bowman, 1999:180).

#### **1.13.2 Verlies aan drome**

Verlies aan drome word deur Bowman (1999:180) soos volg gedefinieer: "The loss of an emotionally important image of oneself, one's family, or one's situation; the loss of what might have been; abandonment of plans for a particular future; the dying of dreams." Die volgende definisie sluit hierby aan:

Modern life offers us the illusory promise of a steady advance through years of work and family toward old age. When those expectations are shattered and life as it has been lived into adulthood is ended not by choice but through some external agency, then the accepted patterns of existence, the very strands that weave the fabric of our individual worlds, are torn apart. (Koch, 1994:1, soos aangehaal in Bowman, 1999:180)

Die verlies aan drome word deur Lester (1995:51) beskryf as die oomblik wanneer die persoon tot die besef kom dat sy huidige realiteit en die wyse waarop hy dit in die toekoms projekteer, gaan verander. Hierdie verandering lei tot 'n wanbalans of toestand van disekwilibrium.

Ander terme wat gebruik word wanneer daar verwys word na hierdie tipe verlies is “loss of the assumptive world” of “shattered assumptions” (Janoff-Bulman, 1992:51), “loss of belonging” of “loss of the future” (Frank, 1991:37), “loss of innocence” (Frank, 1991:39), “loss of the future story” (Lester, 1995:49) of “intrapsychic loss” (Mitchell & Anderson, 1983:39). Tschudin (1997:79) beskryf dit as ‘n verlies aan identiteit. Die verlies aan gesondheid gaan dikwels gepaard met die verlies aan persoonlikheid en die verbrokkeling van drome en hoop (Tschudin, 1997:79). Die term “verlies aan lewensdrome” fokus op die persoon as geheel en nie slegs op die een aspek wat verlore gegaan het nie. Persone wat ‘n verlies ervaar het moet dus nie slegs die verlies wat gely is hanteer nie, maar ook die bykomende faktore wat ‘n drastiese verskil in hul lewens maak. Aanpassings hierby of die herskepping van drome is nodig voordat die verlies ten volle hanteer en afgesluit kan word.

### **1.13.3 Verlies**

Kategorieë vir verlies is deur Mitchell en Anderson (1983:36-46) uiteengesit. Volgens die skrywers word die verlies aan drome of intrapsigiese verlies voorafgegaan deur ‘n verlies in een van die volgende kategorieë:

- **Materiële verliese:** Verlies geassosieer met fisiese objekte of besittings in die omgewing.
- **Verhoudingsverliese:** Die beëindiging van ‘n geleentheid om in verhouding te staan met ‘n ander wese.
- **Gesondheidsverliese:** Die verlies aan gesondheid of spier- of neurologiese funksies.
- **Funksionele- of rolleverlies:** Die verlies is spesifiek verwant aan ‘n rol wat vertolk is in die sosiale struktuur of familie opset.

- Sistemiese verliese: Beskryf verliese wat ontstaan weens die verandering van sisteme (hierdie term word nie gereeld gebruik nie).

Tschudin (1997:1) stem saam dat daar verskillende tipes verlies is:

Losses of various kinds destroy, hurt, damage and diminish not just the part of life which we share with others and relate to others. They also do the same to the soul, the psyche or inner life of a person which is not as readily shared and visible.

Volgens Schoeman en Van Der Merwe (1996:84) bestaan daar verskillende tipes verliese; van verlies aan interne- of eksterne beheer tot dreigende lewensverlies. Schoeman en Van Der Merwe se stelling word beaam aangesien 'n verlies aan interne beheer deel uitmaak van verliese wat gelei word. Die definisie van verlies aan lewensdrome wat interne prosesse in die persoon beskryf sluit hierby aan.

#### **1.13.4 Adolessensie**

Die adolessent se leefwêreld word gekenmerk deur 'n wipplank van emosies, groepsdruk, verandering en aanpassing. Adolessensie word deur Murdock (1987, soos aangehaal in Hallam & Vine, 1996:59) beskryf as: "Leaving the secret garden of childhood". Adolessensie word verder deur Vine (1994, soos aangehaal in Hallan & Vine, 1996:59) beskryf as: "A time of life when the only thing you can be sure of is that you won't be sure of anything". Hierdie tydperk van verandering en oorgang word deur Deveau (1995:71) soos volg beskryf: "Adolescence is a time of disruption, turmoil, and rebellion." Adolessensie is dus duidelik 'n tydperk van verandering en aanpassing.

#### **1.13.5 Gestaltbenadering**

Gestaltterapie is 'n holistiese, konfronterende en aktiewe benadering, ontwikkel deur Frederick Perls. Binne die terapeutiese raamwerk



ondersteun die terapeut haar kliënt om selfintegrasie te bereik deur sy energie op toepaslike wyses te gebruik om te groei, ontwikkel en te aktualiseer (George & Christiani, 1995:66). Die klem lê binne hierdie benadering op die 'wat' en 'hoe' van gedrag en lei tot die aanvaarding van persoonlike verantwoordelikheid (George & Christiani, 1995:73).

#### **1.14 ETIESE ASPEKTE**

Die volgende etiese aspekte is in ag geneem in die studie.

##### **1.14.1 Vrywillige deelname**

Vrywillige deelname behels dat sowel alle nodige informasie, as die uitvoer van die studie, die prosedures wat gevolg is, die moontlike voordele, nadele en gevare waaraan die respondente blootgestel kon word en die geloofwaardigheid van die navorser aan die potensiele respondente gekommunikeer moes word (Grinnell & Williams, 1990:8). Alle respondente neem vrywillig deel aan die navorsingstudie. Eerstens is respondente persoonlik gekontak en hulle is ingelig oor wat die studie behels. Die impak wat die studie op hul persoonlike lewens mag hê, in terme van hul tyd en emosionele respons is aan die respondente verduidelik. Die respondente het die keuse gehad om enige tyd te onttrek van die studie indien hulle wou. Die respondente het volledige kennis gedra van die doel van die studie en waarom hulle vir die studie gekies is. Toestemmingvorms is sowel deur respondente, as hul ouers indien hul jonger as 18 jaar was, geteken voor aanvang van die studie (sien bylaag A). Indien respondente na afloop van die studie of onderhoude die behoefte het aan beradingsessies of ontlading sal beradingsessies gratis aan hul voorsien word.

#### **1.14.2 Geen nadeel vir deelnemers**

Respondente word nie benadeel nie deur hulle die keuse te gee om die studie te staak indien hulle ongemaklik, verleë of geïntimideer voel. Geen name is in die transkribering gebruik nie.

#### **1.14.3 Privaatheid, anonimiteit en vertroulikheid**

'n Terapeut is uit die aard van haar werk bewus van die nodigheid en implikasies van privaatheid en vertroulikheid. Dieselfde beginsels is toegepas gedurende die uitvoering van navorsingstudie. Hierdie beginsels word soos volg beskryf deur Thyer (2001:439):

Social workers engaged in evaluation or research should ensure the anonymity or confidentiality of participants and of the data obtained from them. Social workers should inform participants of any limits to confidentiality, the measures that will be taken to ensure confidentiality, and when any records containing research data will be destroyed.

Die respondente het die reg gehad om te besluit tot watter mate hulle gemaklik was om hulle houdings of oortuigings te openbaar. Respondente se belange is beskerm deur nie van hulle name gebruik te maak in die skryf van die studie nie. Bandopnames vir transkribering van inligting is slegs gebruik indien respondente toestemming daarvoor gegee het. Hierdie inligting word gestoor in 'n toesluitbare kas en slegs die navorser en studieleier het toegang daartoe. Alle inligting met betrekking tot die respondente wat ingesamel is deur die loop van die studie sal vyf jaar na afloop van die navorsingstudie vernietig word.

#### **1.14.4 Misleiding van proefpersone**

Die oorgrote meerderheid studies in die sosiale wetenskappe vereis nie misleiding van proefpersone nie. Soms voel navorsers dat hulle bepaalde inligting van respondente moet weerhou om betroubare

inligting in te samel (Thyer, 2001:439). Proefpersone is gedurende die studie nie benadeel of mislei nie. Die navorser was besorg oor die vertrouenswaardigheid van die studie en die vertrouenswaardigheid is verseker deur die vertrouwe van die respondente te wen om sodoende die meeste inligting vir die studie te bekom. Respondente is nie mislei nie en geen inligting is van die respondente weerhou nie.

#### **1.14.5 Geslag en kulturele vooroordeel en ongevoeligheid**

Geen taal is gebruik wat as diskriminerend geïnterpreteer kan word nie. Die studie is nie gebaseer op kulturele of geslagrolle nie. Persone van dieselfde ras en kultuur is gebruik om 'n homogene groep te verkry. Toekomstige navorsing kan moontlik die verskil in belewenisse tussen kulture, indien enige, ondersoek.

#### **1.14.6 Ontleding en verslagdoening**

Doelbewuste vervalsing van navorsingsdata is 'n verdere etiese konsiderasie wat in ag geneem moet word. Huysamen (1994:186) verduidelik wat die gevolg hiervan kan wees: "Incalculable harm is done in the sense that not only is the entire scientific community brought under suspicion, but it makes a mockery of the whole idea of the advancement of scientific knowledge". Die hoogste moontlike standaard is gehandhaaf deur die loop van die studie. Negatiewe bevindinge is wel gerapporteer en die navorser het die beperkinge en nadele van die studie in die gevolgtrekking van die studie aangedui.

### **1.15 SAMEVATTING**

Binne hierdie hoofstuk is daar gefokus op die navorsingsmetodiek, wat die navorsingsprosedure, navorsingsontwerp en –benadering wat tydens hierdie studie gevolg is, insluit. Verdere aandag is geskenk aan die doel en doelstellings van die studie sowel as die navorsingsvraag. Die wyse van steekproefneming en data insameling

en -analise is verder beplan. Die hoofkonsepte in die studie is verbrokkelde drome, verlies van drome, verliese, adolessensie en die gestaltbenadering. Die etiese aspekte wat van belang is in die uitvoering van 'n navorsingstudie is ondersoek en in ag geneem. In die volgende hoofstukke sal aandag gegee word aan die literatuur wat die studie steun, naamlik verliese, die ontwikkeling van die adolessent en die gestaltterapeutiese benadering.

## **HOOFSTUK 2**

### **VERLIESE**

#### **2.1. INLEIDING**

Die meeste mense het al 'n verlies gely. Elke persoon is dus basies 'n kenner op die gebied van die verskillende verliese wat hul op hul lewenspad ervaar het. "Life breaks us all sometimes, but some grow stronger at broken places." (Hemingway, [g.d] soos aangehaal in Talbot, 2002:155). Verskillende tipes verliese verbreek, ontstel, beskadig en verbrokkel nie slegs die verhoudinge en interaksie met ander nie, maar ook die psige, jou siel en die innerlike dele van die self wat nie aan ander sigbaar is nie (Tschudin, 1997:1).

Die verlies affekteer nie slegs die daaglikse funksionering nie, maar ook dit wat in die toekoms sou of kon gebeur. Hierdie verlies word die verlies aan lewensdrome genoem en gaan gepaard met elke ander verlies wat gely word. Hierdie begrip word aan die hand van die volgende definisies en omskrywings verduidelik. Verlies aan drome word deur Bowman (1999:180) gedefinieer as: Die verlies aan 'n emosionele belangrike beeld van jouself, jou familie, jou situasie. Die verlies aan wat kon wees, die verwerping van planne vir die spesifieke toekoms en die afsterwe van drome. Die beskrywing van Lester (1995:74) sluit hierby aan. Volgens Lester het 'n verandering in omstandighede meestal 'n dramatiese effek op die persoon se toekomsstorie.

#### **2.2. KATEGORIEË VAN VERLIES**

Die algemene verliese wat kinders en adolessente ervaar word deur Cook (1996:101) soos volg gekategoriseer:

- Familie verliese: Dit sluit die geboorte van nuwe broers of susters in, skeiding van ouers weens dood, egskeiding of

maatskaplike ingryping, dood van ander familielede of grootouers, verlies van 'n ouer se werk, verhuising of die dood of verlies aan 'n troeteldier.

- Skoolverliese: Die begin van die skoolloopbaan, verandering van skool, verandering van opvoeder, afknouery, swak skoolresultate of skoolverlating.
- Mediese verliese: Siekte, verlies aan beweging of funksie, hospitaalopname of hospitaalbesoeke.
- Persoonlike verliese: Verlies aan 'n gunstelingspeletjie of -speelding, verlies aan 'n vriend, byvoorbeeld weens die vriend se verhuising of verandering aan liggaamsbeeld byvoorbeeld weens 'n haarsny of litteken.

Die waarde van die verskillende kategorieë is dat daar nie slegs na die enkele faset van die verlies gekyk word nie, byvoorbeeld slegs die verlies aan 'n ouer nie, maar die algehele invloed wat dit op funksionering het. Elkeen van die kategorieë van verlies het die potensiaal om afsonderlik tot die verlies aan lewensdrome of die verlies van 'n toekomsstorie aanleiding te gee.

Verliese kan nie aangespreek word sonder om bestaande teorieë met betrekking tot die rouproses te bestudeer nie.

### **2.3. TEORIEË MET BETREKKING TOT DIE ROUPROSES**

Baie mense ervaar 'n verlies, maar omdat dit nie duidelik gedefinieer word deur die samelewing as 'n verlies nie (dus nie verlies weens dood nie) is hul nie bewus daarvan dat hul geregtig is om deur 'n proses van rou te gaan nie. Tschudin (1997:5) beskryf die verligting wat kliënte ervaar wanneer sy erkenning gee aan hulle emosies van rou, hartseer en pyn en dat hul in 'n proses van rou is. Eers wanneer hulle beseft dat hulle rou, kan hulle weer beheer neem oor hul eie

emosies en situasies. Rou is ook 'n fisiese pynvolle proses, 'n ervaring wat min verstaan wanneer hul daardeur gaan (Tschudin, 1997:6). Om verby die punt te kom waar hierdie fisiese en emosionele pyn seermaak, is dit nodig om die pyn te hanteer en te erken. Om emosionele pyn te vermy sal volgens Kübler-Ross (1983:6) op die lang duur nie die situasie verbeter nie. Kübler-Ross, Parkes en Bolwby se teorieë rakende verliesberaad word beskou as kernbronne ten opsigte van verliesberading. Teorieë met betrekking tot die rouproses is hoofsaaklik beskrywend.

### **2.3.1 Kübler-Ross se teorie**

Kübler-Ross se pionierswerk in 1969 is so deurslaggewend dat haar opinies steeds gereeld aangehaal word. Die teorie behels dat 'n persoon wat sterf deur 'n vyf-stadium rouproses werk. Hierdie proses bestaan uit ontkenning en isolasie, woede, onderhandeling, depressie en aanvaarding (Kübler-Ross, 1969:34-99). Tschudin (1997:4) meen dat dit belangrik is om tydens die rouproses ook vorige verliese in ag te neem wat 'n invloed kan hê op die ervaring van die betrokke verlies. Wanneer daar nie deur die stadiums van verlies gewerk word nie, kan hierdie emosies met die ervaring van 'n volgende verlies, volgens Kübler-Ross selfs meer intens beleef word. Kübler-Ross (1969:xi) noem wel dat haar teorieë slegs beskrywend is en net as riglyn gebruik behoort te word.

### **2.3.2 Parkes se teorie**

Die oorspronklike teorie van Parkes is ontwikkel in Bowlby se bindingsteorie in 1970. Parkes deel ook die rouproses op in spesifieke fases, wat bestaan uit gevoelloosheid, hunkering of smagting, disorganisasie en wanhoop asook herorganisasie (Parkes, 2001:30). Die laaste fase wat beskryf word deur Parkes, naamlik herorganisasie, vereis 'n aktiewe proses van rou, aangesien daar van die persoon

verwag word om uit die onwillekeurige fase van disorganisasie te beweeg deur aktief iets te doen omtrent sy situasie (Servaty-Seib, 2004:126). Dus behels dit 'n doelbewuste keerpunt in die gedagtegang van die persoon wat rou. Die persoon moet 'n doelbewuste keuse maak om sodoende aktief sy lewe te herorganiseer. Volgens Parkes is die fases ook slegs 'n rowwe riglyn wat nie stap vir stap gevolg kan word nie en kan daar heen en weer beweeg word tussen die voorgestelde fases (Parkes, 2001:30). Parkes (2001:30) se doelwit met terapie is om die kliënt te help om vorentoe te beweeg deur onderdrukte idees en herinneringe te konfronteer eerder as om daarop te fikseer.

### **2.3.3 Bowlby se teorie**

Die bindingsteorie van Bowlby kan parallel gesien word met die verskillende roureaksies wat in literatuur beskryf word. Die bindingsteorie van Bowlby stel voor dat babas 'n primêre figuur uitsonder om mee te bind en dan later as volwassenes ook primêr bind met een persoon, byvoorbeeld 'n mentor of iemand binne 'n romantiese verhouding (Bowlby 1973:26). Volgens Bowlby (1973:26-27) sal die wyse waarop die baba sy verhouding met die primêre versorger beleef het ook in die volwasse jare 'n impak hê op die mate waarin die persoon verhoudings kan vorm, behou en ook skeiding hanteer. Elke persoon ontwikkel sodoende 'n spesifieke styl van binding. Hierdie verskillende style van ontwikkeling word soos volg beskryf deur Ainsworth, Blehar, Waters en Wall (1978:51): Sekuur, vermydend, angstig-ambivalent en gedisorganiseer of gedisorienteerd. Die bindingspatrone kan spesifiek gekoppel word aan persone se hantering van roureaksies.

Verdere studies ten opsigte van bindingspatrone (Fraley & Shaver, 1999:740-741; Parkes, 2001:39) is soos volg: Persone met die



angstig-ambivalente bindingsstyl, het 'n meer gepre-okkupeerde, 'kloueriige', en angstige oriëntasie tot verhoudings. Hierdie tipe sal waarskynlik kroniese en verlengde rouproses ervaar (Parkes, 2001:39). Persone met die vermydingstipe bindingstyl vorm 'n direkte kontras. Hierdie persone skerm weg van verhoudings en is meer geneig tot die ervaring van geïnhibeerde rou, hul sal nie huil nie, of rou sal nie teenwoordig wees nie (Parkes, 2001:39). Persone met 'n gedisorganiseerde styl, wantrou hulself en ander. Wanneer hierdie persone 'n verlies ervaar weens die dood, is tekens van aangeleerde hulpeloosheid teenwoordig (Parkes, 2001:39). Hierdie persone is meer geneig tot depressie en alkoholisme. Laastens sal persone wat 'n hegte bindingsstyl het, emosioneel reageer op die verlies van 'n belangrike persoon in hul lewe, sonder om oorweldig te raak deur die ervaring.

Ter afsluiting is die volgende gevolgtrekkings met betrekking tot die bindingsteorie en die hantering van 'n verlies gemaak deur Fraley en Shaver (1999:754). Persone hanteer verliese weens dood op dieselfde wyse waarop hul ander verhoudingsverliese met lewende persone hanteer en die proses van herorganisasie na 'n verlies kan vergelyk word met ander ontwikkelingsverskuiwings.

Soos reeds genoem, gaan alle persone nie noodwendig deur al die stadiums, soos beskryf in die Kübler-Ross en Parkes studies nie. Die stadiums vind ook nie noodwendig opeenvolgend plaas nie. Elke persoon wat rou se fenomenologiese ervaring moet in ag geneem word. Hierdie mening word gestaaf deur literatuur. Servaty-Seib (2004:126) is van mening dat alhoewel hierdie stadiums aan terapeute binne die gestaltterapeutiese milieu 'n riglyn verskaf, die *moet of behoort* nie op die kliënt afgedwing moet word nie. Indien persone wat rou attent gemaak word van ander se verwagtinge oor hulle

rouproses, raak dit 'n eksterne lokus van kontrole wat basies veroorsaak dat hulle voeling verloor van hul eie ware ervaring van rou (Servaty-Seib, 2004:127). Binne die gestaltterapeutiese benadering word daar nooit gefokus op wat die kliënt *behoort* te doen nie. Gestaltherapie lê die klem op die bewustheid van “wat is” (Yontef, 1993:6). Dus kan daar vanuit 'n gestaltterapeutiese oogpunt nie streng volgens Kübler-Ross en Parkes se teorieë gewerk word nie. Die stadiumms van rou of die stappe in die rouproses kan dus slegs as riglyne gebruik word aangesien dit die emosies en denkprosesse van die persoon wat rou beter kan verduidelik. DeSpelder en Strickland (1983:201) het reeds in die 1980's kritiek uitgespreek oor die daarstelling van fases van rou. Die skrywers beweer dat dit impliseer dat daar nie afwykings van hierdie rouprosesse kan wees nie. Faktore wat bydra tot 'n persoon se proses van rou sluit persoonlikheid, kulturele agtergrond en ontwikkelingsvlak van die persoon in. Verder word dit ook beïnvloed deur die verhouding wat die persoon met die afgestorwe persoon gehad het, die wyse waarop die persoon gesterf het, of die verhouding beeindig is en die beskikbaarheid van 'n ondersteuningsstelsel sowel as vorige en huidige stressore (DeSpelder & Strickland, 1983:201). De La Ray (2005) is van mening dat 'n adolessent se gesinsreaksie op 'n verlies 'n verdere effek het op sy hantering van die rouproses.

Elke verliesbelewenis laat 'n bepaalde leemte in die lewens van dié wat daardeur geaffekteer word. Alhoewel meeste gebeurtenisse dieselfde rouproses tot gevolg het, word dit nie noodwendig op dieselfde wyse hanteer nie. Terapeute en beraders moet oop wees daarvoor dat persone wat rou, nie abnormaal optree as hulle rouprosesse nie die voorgestelde fases van rou volg nie.

### **2.3.4 Die rouproses van kinders en adolessente**

Kinders en adolessente ervaar ook 'n verskeidenheid van roureaksies tydens die rouproses wat nie altyd deur volwassenes erken of raakgesien word nie. Verskillende stadiums van rou spesifiek met betrekking tot die kind en adolessent se rouproses word deur Ward (1996:111) bespreek:

- Skok en ongeloof: Skok kan die vorm aanneem van pyn en 'n dooie gevoel, asook 'n gevoel van totale apatie, kalmte of woede.
- Ontkenning: Hierdie fase maak gewoonlik die eerste veertien dae van die rouproses uit, maar kan in baie kinders en adolessente se lewens weke lank aanhou. Gedurende hierdie fase tree die kind en adolessent op asof die dooie persoon steeds lewe.
- Groeiende bewustheid: Gedurende hierdie fase voel dit vir die kind en adolessent wat rou asof hy abnormaal is. Hy word telkens oorval deur 'n verskeidenheid van emosies waaroor hy geen beheer het nie wat die volgende kan insluit: 'n soeke en smagting na die dooie persoon, woede; depressie, wat gevoelens van hulpeloosheid en leegheid insluit; skuldgevoelens, wat al die "wat as" vrae insluit; angs kom in sommige gevalle voor wanneer die kind en adolessent die volle omvang van die verlies beseft en verstaan.
- Aanvaarding: Vind gewoonlik plaas gedurende die tweede jaar van rou. Hierdie aanvaarding kan egter op enige ander stadium plaasvind.

Perry (2000:67) sluit by die outeur aan aangesien hy gevind het dat daar basies twee uitdagings is vir die kind en adolessent wat rou, naamlik die prosessering van die gebeurtenis en die hantering van die verlies. In die weke wat na die verlies volg, ervaar die kind en adolessent verskillende ontstellende gedagtes waartydens die primêre emosie vrees is. Du Toit (2006) is van mening dat hierdie primêre vrees hanteer moet word, sodat dit nie ontwikkel in 'n lewenslange

vrees vir die lewe nie. Die adolessent moet dus die gebeurtenis ten volle prosessee om sodoende 'n voltooidheid met betrekking tot die verlies te kan bereik. Hierdie teorieë met betrekking tot verlies kan sinvol geïntegreer word en 'n basis vorm van 'n fenomenologiese benadering tot die persoon.

## **2.4 DIE ERVARING VAN VERSKILLENDE VERLIESE**

Die verliese wat kinders, adolessente en volwassenes ervaar mag tot 'n mate dieselfde wees. Tog ervaar kinders en adolessente konstante verliese deur die loop van hul lewe. Verhuising, verandering van skool, die begin van die skoolloopbaan, verlies aan 'n beste vriend, verlies aan 'n troeteldier, ernstige siekte, hospitalisasie en selfs die geboorte van 'n nuwe lid in die gesin word as traumatiese gebeurtenisse in die kind se lewe beskryf (Hallam & Vine, 1996:58). Wilburn en Smith (2005:34) sluit hierby aan deur hul bevinding dat enige verlies aan 'n verhouding en selfs akademiese druk 'n stressor by die adolessent is, wat lei tot 'n verlies. Die rou wat volg na die verlies van 'n geliefde kan nie vergelyk word met die verlies wat gely word wanneer funksionering ingeperk word of 'n ouer sy werk verloor nie. Om hierdie rede word die verskillende verliese apart behandel om sodoende die ooreenkomste, sowel as die verskille in die ervarings te bespreek.

### **2.4.1 Die verlies van 'n kind**

Alhoewel die verlies aan 'n kind nie direk van toepassing is op adolessente nie, word hierdie deel van verliese in die hoofstuk ingewerk. Die verlies van 'n kind in 'n gesin het 'n direkte uitwerking op die kinders wat agtergebly het, nie slegs as gevolg van hul eie emosies en rou nie (sien punt 2.4.3), maar ook as gevolg van die reaksies en rou van hul ouers. Verder is daar baie navorsing gedoen

oor die dood van 'n kind en die reaksie daarvan op die gesin en hierdie literatuur is van waarde vir die doel van die studie.

In 'n studie gedoen deur Talbot (2002:3-5) genaamd "Mothers now childless", het meeste moeders wat ondervra is spesifiek aangedui hoe onvoorbereid hulle was vir die dood van hul kind. Vanuit hierdie studie kon Talbot (2002:3) bepaal dat die oorhoofse faktor wat na vore gekom het, die moeders se vermoë was om weer betekenis en doel in hul eie lewens te vind na die afsterwe van hul kind. Die soeke na betekenis en 'n doel in die lewe is nie 'n herstelproses nie (Talbot, 2002:4), maar wilsbesluite en aanpassing is wel: "A healing of mind, body, and spirit to a degree that permits a new understanding of human existence, reinvestment in life, and discovery of meaningful ways to maintain an eternal connection with the deceased child." In Talbot (2002:15) se studie het sy tot die gevolgtrekking gekom dat die moeders wat wel kon aanbeweeg met hul lewens, 'n identiteitskrisis ervaar het in teenstelling met die moeders wat 'n identiteitsdisintegrasie ervaar het na die dood van hul kind. Waarskynlik omdat soveel ouers se selfbeeld gekoppel word aan hul rol as ouer, moeder, versorger en ondersteuner. Wanneer 'n kind of geliefde dus verloor word deur die dood, verval baie van hierdie lewensrolle. Die feit dat ouers 'n verlies aan lewensrolle ervaar na die dood van hul kind, kan hul verhouding met die oorblywende kinders affekteer.

Adolessente ervaar soms ook 'n verlies aan lewensrolle en identiteit na die verlies van 'n broer of suster (McIlwraith, 2001:21; Adams, 2002:29). Hierdie krisisse waarmee ouers daagliks worstel veroorsaak moontlik 'n polariteit by die adolessent. Adolessente vind dit soms moeilik om te verstaan hoe hul ouers wat altyd sterk en

standvastig is, na die dood van 'n kind so swak voorkom. (sien hoofstuk 4, punt 4.2.6).

Vaders beleef soortgelyke konflikte as moeders wat rou. Mans kry nie altyd dieselfde aandag en ondersteuning van geliefdes na die dood van 'n kind of na die verlies aan 'n swangerskap nie. In studies gedoen deur Schut, Stroebe, Van den Bout en De Keijser (1996, soos aangehaal in Parkes, 2001:34) is gevind dat mans baat by tradisionele tipe terapie waar hul die geleentheid kry om uitdrukking te gee aan 'n verskeidenheid van emosies. Hierdie studie se resultate word gestaaf deur die studie gedoen deur McCreight (2004:346) wat bewys dat vaders nie slegs die verlies internaliseer en intellektualiseer nie, maar dat vaders inderdaad rou op 'n emosionele vlak en nadink oor hul verlies. Die terapeut wat werk met gesinne wat rou moet bewus wees daarvan dat dit nie slegs die moeders is wat konflikte ervaar en deur die rouproses werk nie, maar ook die vaders, selfs al wys hulle minder emosies. Beide ouers se wyse van rou het 'n impak op hul verhoudings met die oorblywende kinders en adolessente in die gesin.

Die moeders in die "Mothers now childless" studie wat kon aanbeweeg het die kind gesien as iemand met sy eie besonderse persoonlikheid, unieke bydraes en sterkpunte onafhanklik van haarself. Hierdie moeders het tydens die rouproses 'n doelbewuste keuse gemaak om te oorleef en weer te herbelê in hul lewens. Al hierdie moeders het uitgereik na ander en het die ondersteuning van ander aanvaar en gebruik. Verder het hulle geleer van die verskeie hanteringsbeginsels sodat hulle dit kan gebruik om die dood van hul kind te verwerk. Die moeders het familie en vriende wat nie ondersteunend was nie vervang met mense wat kon ondersteun. Du Toit (2006) het in 'n gesprek bevestig dat sy in 'n soortgelyke ervaring vriende en familie wat nie ondersteunend was nie vervang het met ander wat wel was.

Alhoewel hulle periodiek oorval word met hartseer sien hulle die rouproses as 'n lewenslange leerproses met positiewe uitkomst. Kübler-Ross (1983:49) sluit hierby aan wanneer sy uitlig dat die verlies aan 'n kind of geliefde 'n groot hoeveelheid deernis, wysheid, begrip en liefde tot gevolg het vir ander wat ook pyn ervaar. Hierdie *geskenke* kan gebruik word om die lewens van ander te raak wat ook pyn, alleenheid en hartseer ervaar. Kübler-Ross (1983:48) is verder van mening dat die Here vir niemand meer pyn oor hul pad bring as wat hul sal kan hanteer nie: "Should you shield the canyons from the windstorms, you would never see the beauty of their carvings". Natuurlik beteken dit nie dat persone wat 'n verlies ervaar het, nie erkenning moet kry vir die pyn, alleenheid en hartstog wat hul ervaar nie.

In 'n studie gedoen deur Miles en Crandall (1986:235-243) soos aangehaal in Talbot (2002:80) is 'n oop vraelys aan ouers gegee om te bepaal hoeveel betekenis en persoonlike groei plaasgevind het na die dood van hul kind. Die ouers was onbewus daarvan dat groei die uitkoms van die studie was, juis omdat ouers sensitief mag wees oor die gedagte van groei en dit die gevolgtrekking van die studie kon beïnvloed. Die volgende groei is aangedui na die verlies:

- Leer om te prioritiseer en doelwitte te herorganiseer.
- 'n Groter sensitiwiteit en behulpsaamheid teenoor mense wat pyn ervaar. Gee dus meer om vir ander.
- Verlies aan die vrees vir dood.
- Herwaardering van jongmense.
- Ontdekking van die waarde om meer tyd met die gesin of familie te spandeer. Koestering van herinneringe.
- Meer positiewe houding teenoor die lewe.
- Voel sterker, meer dankbaar en is meer geestelik ingestel.

- Bewustheid van die kwesbaarheid van die lewe met die gevolg dat hul elke dag volheid wil lewe.

Talbot (2002:15) het verder gevind dat die moeders wat wel die dood van hul kinders goed hanteer het, selfbeheer toegepas het en dit wat hulle uit die rouproses geleer het geïntegreer het in hul nuwe identiteit en wêreldsbeskouing. Die moeders het hulself as beter mense beskryf weens die ervaring. Die moeders het geleer uit vorige lewenservaringe, wat hul eiewaarde versterk het. Al die moeders het verantwoordelikheid geneem vir hul eie herstel. So ook kan adolessente wat 'n verlies ervaar die verantwoordelikheid neem om die goeie te sien in die swaarkry, om die deernis te sien in die bitterheid. Die keuse lê by elke individu (Kübler-Ross, 1983:49).

#### **2.4.2 Die verlies aan 'n ouer**

Wanneer 'n kind en adolessent 'n ouer aan die dood afstaan gaan dit meer malle gepaard met opeenvolgende verliese wat bydra tot die trauma wat die kind en adolessent ervaar. Volgens Hallam en Vine (1996:59) gaan die dood van 'n ouer gepaard met die verlies aan 'n stabiele familie omgewing. Verdere verliese wat hiermee gepaard gaan, kan verhuising, verlies van kontak met vriende of familieledes wat slegs bevriend was met een ouer, of die verlies aan troeteldiere wees. Alle kinders en adolessente moet hierdie verliese integreer met die totale verlieservaring en daardeur werk.

Die aanpassing wat 'n kind of adolessent moet hanteer na die dood van 'n ouer behels nie net die fisiese aanpassings wat gemaak moet word binne die gesinstruktuur nie. Cook (1996:106) beskryf dat daar 'n aanpassing moet wees in die kind se gemaklikheid met die nuwe verhouding wat gevorm moet word met die gedagte aan die dooie ouer. Die wyses waarop kinders die dood van 'n ouer hanteer verskil



en hang af van die kind se plooibaarheid na verandering. Die hantering van vorige verliese speel ook 'n rol in die wyse waarop die kind sal aanpas na die verlies (Cook, 1996:106). Sommige kinders en adolessente sal volgens Harvey (2002:52) lank neem om oor die eksterne sowel as interne verliese te kom. Die interne verlies hantering kan waargeneem word deur die kind se drome of nagmerries, verhoudings met ander en fisiese en psigologiese gesondheid. Kinders moet net soos volwassenes voldoende tyd kry om deur die emosies van rou en die rouproses te werk. Cook (1996:106) beskryf gesprekke met volwassenes wat 'n ouer aan die dood afgestaan het gedurende hul kinderjare. Hieruit blyk dit dat emosies soos woede en gegriefdheid, of 'n wrok, sterk teenwoordig is, veral as die kind uitgesluit was in die reëlings na die dood van hul ouer, byvoorbeeld die begrafnisreëlings. Begrafnisreëlings maak deel uit van die afsluitingsproses na die dood van 'n geliefde en 'n persoon wat in die proses uitgelaat word ervaar telkens 'n gevoel van onvoltooidheid. Die kind en adolessent moet ingesluit word in die reëlings na die dood van 'n ouer, sodat die kind ten volle deel kan voel van die familie en kan begin met sy eie rouproses.

Ouer kinders en adolessente beseft dat die dood finaal en onomkeerbaar is. Hulle vrees nie noodwendig soos jonger kinders dat hul self sal doodgaan nie, maar dat die oorblywende ouer ook sal sterf. Adolessente ervaar die verlies van 'n ouer as traumaties en vind dit soms moeilik om met hul vriendekring of oorblywende ouer oor die verlies te praat:

In effect, some adolescents may experience the loss of being psychologically held by both parents when one parent dies. When grief intrudes in bursts, the adolescent's experience in the absence of emotionally attuned others may be alarming, profoundly isolating, and despairing (Sussillo, 2005:502).

### **2.4.3 Die verlies aan 'n broer of suster**

Wanneer 'n broer of suster tot sterwe kom, is die emosies wat ervaar word deur die agterblywende kind net so belangrik soos die van die ouer, alhoewel dit verskillend sal wees. McIlwraith (2001:21) verduidelik dit soos volg: "A sibling's grief is not 'greater' or 'lesser' than a parent's; it's simply different." 'n Navorsingstudie is gedoen om te bepaal hoe kinders of adolessente reageer na die dood van 'n ouer in vergelyking met die reaksie na die dood van 'n broer of suster (Worden, 1996, soos aangehaal in Harvey, 2002:53). Die navorsing het bewys dat kinders en adolessente dieselfde rou deurmaak ongeag of hulle ouers of broer of suster gesterf het.

Die verlies is groot, ongeag die verhouding wat die kinders gehad het of hoe lank hulle geleef het, omdat dit ook 'n verlies is aan iemand wat dieselfde agtergrond en lewe gedeel het. Baie kinders en adolessente het 'n sterk band gehad met die broer of suster en die verlies is blywend selfs in vroeë volwassenheid wanneer hul nie groot gebeurtenisse soos die huwelik of geboorte van 'n kind, met hul broer of suster kan deel nie (McIlwraith, 2001:21, Du Toit, 2006). Die praktiese implikasies na die dood van 'n broer of suster dra grootliks by tot die verliese wat ervaar word. Adams (2002:29) beskryf gevallestudies waar die kinders se ervarings van praktiese aspekte, soos byvoorbeeld dat hy nie meer die slaapkamer met sy broer deel nie en alleen moet slaap of dat hy alleen moet skool toe stap. Hierdie aspekte word deel van die stressore na die verlies. Kinders en adolessente besef verder dat hulle ouers se rou hul funksionering inperk en neem hul ouers se verantwoordelikhede en rolle oor.

Wanneer die broer of suster baie sieklik was of gehospitaliseer was, gaan die dood van die persoon gewoonlik gepaard met verligting

(Cook, 1996:107). Verligting om nie meer hospitale te besoek nie, 'n verligting om nie meer medisyne of hulpmiddels in die huis te hê nie en 'n verligting om nie meer alleen by maats agter te bly terwyl ouers slegs aandag aan die siek broer of suster gee nie. Hierdie verligting word gewoonlik gevolg deur intense skuldgevoelens en skaamte en die behoefte om deur hul eie rou te werk sonder om hul ouers te ontstel. Adolessent mag ook verdere emosies van isolasie ervaar aangesien hul ouers soms so opgevang is in hul eie emosies van rou dat hulle die dooie kind ophemel. Adolessent voel dikwels asof hulle nie belangrik genoeg is vir hul ouers nie en soms kan hul ook nie verstaan waarom daar so baie aandag gegee word aan iemand wat nie eens daar is nie (Cook, 1996:108). Soms voel die kind en adolescent dat die verkeerde of die gunsteling kind gesterf het en dit gebeur soms dat jonger kinders die persoonlikheid van die dooie broer of suster aanneem om sodoende hulle ouers se pyn te probeer verlig.

Studies gedoen op persone wat 'n broer of suster twee tot drie jaar gelede aan die dood afgestaan het, het gedui dat 'n groot hoeveelheid van die respondente emosionele- en gedragsprobleme gehad het en dat daar meestal 'n lae selfbeeld teenwoordig was (Black, 1998:31). Du Toit (1996:22) beskryf haar reaksie as 'n verlies aan selfvertroue na die dood van haar ouer broer. Die skrywer beskryf hoe die verlies soveel ander fasette van haar funksionering ingeperk het selfs maande na sy dood. Volgens Black (1998:31) se studie het die kind en adolescent beter reageer wanneer hulle die geleentheid tot voorbereiding gehad het, byvoorbeeld wanneer die broer of suster lank siek was en wanneer die ouers die kinders deel gemaak het van die prosesse na afloop van die verlies. Verdere studies het bepaal dat 25% van die kinders binne die eerste jaar na die dood van 'n geliefde, ongeag of dit 'n ouer of broer of suster was, risikogevalle was vir

professionele ingryping (Worden, 1996, soos aangehaal in Harvey, 2002:53).

#### **2.4.4 Die verlies weens egskeiding**

'n Skeiding in 'n verhouding tussen twee persone kan nie plaasvind indien daar nie 'n konneksie of sterk band was nie. Die egskeiding of afbreking van die verhouding gebeur nie oornag nie. Tschudin (1997:87) verduidelik dat die verhouding gewoonlik stadig agteruitgaan en die partye van mekaar begin onttrek voordat die skeiding plaasvind. In hierdie intermediêre tyd ervaar die persone betrokke 'n magdom emosies. Hierdie emosies kan oor 'n spektrum van totale wanhoop tot ekstase tot intense haat en woede strek (Harvey, 2002:57). Die meeste ervaringe van verlies is weens aspekte waarvoor daar geen beheer is nie. Egskeiding is 'n keuse, welliswaar nie altyd 'n gewillige keuse nie, maar 'n keuse wat doelbewus deur beide partye gemaak moet word. Albei partye baat nie altyd by die besluit nie, maar dit kan vir party persone 'n goeie besluit wees (Tschudin, 1997:87). Die verlies wat gepaard gaan met 'n egskeiding is nie slegs die verlies aan 'n lewensmaat en huwelik nie, maar ook die verlies aan ideale en kinderlike drome van "happily ever after". Hierdie verlies aan dit wat kon wees word soos volg beskryf:

When this hope and vision is not true, there is not only a loss of the other person; there is also a loss of hope, of a belief in the other and in oneself, and a loss of a vision and ideal (Tschudin, 1997:87).

Hierdie verlies kan ook beskryf word as 'n verlies aan lewensdrome.

'n Egskeiding het 'n geweldig impak op die gesin. Die verlies gaan gewoonlik gepaard met 'n verlies aan 'n huis, huishouding, familie, inkomste, sekuriteit, woonbuurt, vriendekring en kennis. Hierdie verlies word deur Tschudin (1997:90) beskryf as 'n totale verlies.

Tschudin (1997:90) som dit soos volg op: “No wonder that divorce is often more difficult to accept and deal with than the death of a loved person”. Kinders en adolessente beleef hierdie verlies geweldig intens. Kinders en adolessente verstaan nie altyd waarom hul ouers wil skei nie en soek, leiding, antwoorde of gerusstelling van hul ouers. Ouers is soms self so oorweldig en hulpeloos weens die verlies dat hul nie instaat daartoe is om aan hierdie vereistes van die kind en adolessent te voldoen nie (Perry, 2000:67). Verder mag die gesin moontlik kontak verloor met grootouers of niggies en nefies. Komplekse nuwe families word soms gevorm met stiefbroers en –susters. Een ouer, gewoonlik die ouer saam met wie die minste tyd spandeer word, word gesien as die goeie ouer en die ouer wat die verantwoordelikheid en dissipline rol inneem, word gesien as die slegte ouer (Tschudin, 1997:88). Verskeie ander faktore beïnvloed kinders en adolessente se aanpassing na egskeiding. Die mate waartoe ouers hul kinders gebruik as ‘n wapen teenoor mekaar, die toesigreëlings oor die kinders, die kwaliteit van besoeke aan die nie-toesighoudende ouer en die kinders se aanpassing by die stieffamilie (Harvey, 2002:91).

Gewoonlik het ‘n egskeiding ook ‘n verlies aan inkomste of lewensstyl tot gevolg; ‘n faktor wat die aanpassing vir die kinders en adolessente in die huis verder bemoeilik. Veral adolessente hanteer dit nie goed nie, omdat hulle noodwendig ‘n wrok teen een van hul ouers koester en nou deur ‘n verlies moet werk weens hul ouers se doelbewuste keuses. Adolessente dui tydens onderhoude met “*Parade Magazine*” ([g.d], soos aangehaal in Harvey, 2002:90) aan dat hulle graag sal wil hê dat hul ouers aan hul moet verduidelik dat hulle nie skei as gevolg van die kinders nie. Indien kinders en adolessente nie goed ingelig is rondom die redes vir die egskeiding nie, mag dit lei tot sterk emosies van haat, woede en of ‘n wrok wat gehou word. ‘n Verdere nadeel van

egskeiding is dat kinders op 'n jong ouderdom baie woede en vyandigheid binne die familiestruktuur moet beleef (Harvey, 2002:91).

Egskeiding hoef nie altyd 'n negatiewe effek op die kind en adolessent te hê nie. Bewyse toon (Harvey, 2002:90) dat kinders en adolessente uit 'n gebroke huis verhoogde vlakke van volwassenheid, selfbeeld en empatie het na 'n eg skeiding in vergelyking met kinders en adolessente wat nie hierdie ervaring meegemaak het nie. Verder verhoog die verantwoordelikhede wat gepaard gaan met die lewe in 'n enkel ouerhuis die kinders en adolessente se selfbeeld en eiewaarde sowel as hul sensitiwiteit vir ander se probleme. Harvey (2002:90) beskryf ook dat kinders en adolessente wat 'n eg skeiding oorleef en deurgewerk het 'n bepaalde krag daaruit put en voel dat as hulle dit kon oorleef, hulle enige iets kan oorleef. Kinders en adolessente kry meer insig in die ervarings van 'n intieme verhouding wat hulle kan help in hul eie verhoudings in die volwasse lewe.

#### **2.4.5 Werksverlies**

Gedurende die veranderinge wat plaasvind na werksverlies besef individue selde dat hulle slegs pionne is in die skaakspel van die lewe (Massimo, 1998:101). Die ervaring van afdanking of langtermyn werkloosheid kan geassosieer word met dieselfde emosionele response wat voorkom tydens die rouprosesse van persone wat iemand aan die dood afgestaan het (Massimo, 1998:106). Hierdie emosies van rou is nie slegs opmerklik by die persoon wat sy werk verloor het nie. Massimo (1998:109) dui verder aan dat die eggenoot van die persoon wat sy werk verloor het soms meer woede en bitterheid in die situasie ervaar weens die kommunikasiegaping wat soms tussen partye bestaan.

Vroeë adolessente ervaar die kontras tussen ryk en arm en die beperkinge wat op die gesin geplaas word na die verlies aan werk meer traumaties, in teenstelling met die kind in die primêre skooljare (Rathbone, 1996:24). Skande of skaamte word as die hoofmosie beskryf tydens die vroeë adolessensiejare as 'n ouer 'n verlies aan 'n werk ervaar het, die gesin moes verhuis of status verloor weens die verlies. Die adolessent mag hierop reageer met woede wat die verhoudinge met sy ouers negatief kan beïnvloed. Ook hierdie verlies mag by die adolessent polariteite veroorsaak in terme van sy emosies, respek en agting vir sy ouer wat sy werk verloor het.

#### **2.4.6 Die verlies van gesondheid**

Verlies van gesondheid kan verskillende tipes verliese tot gevolg hê. Persone se funksies en vermoëns kan binne sekondes verander en van hul weggeneem word met 'n ongeluk. Hierdie verlies kan tydelik of blywend wees. Soms is die verlies geleidelik en blywend, byvoorbeeld met die diagnose van 'n terminale siekte. Soms is die verlies weens geestelike gesondheid waar die liggaamlike funksies steeds intakt is, maar die gedagteprosesse verander of agteruitgaan.

Die prosesse waardeur persone moet gaan na 'n lewensveranderende ongeluk is naastenby dieselfde ongeag die omstandighede. Tschudin (1997:75) beskryf dat die proses van "bereidwilligheid om te oorleef", "bereidwilligheid om te leef" en "leiding" by enige persoon ervaar word wat in 'n ongeluk was. Slegs wanneer hierdie fases deurgewerk is kan die aanpassing plaasvind. Ongelukkig is dit waar dat 'n traumatiese gebeurtenis soos 'n ongeluk, die persoon vir ewig verander. Vir baie mense word die lewe opgedeel in die lewe voor die ongeluk en lewe na die ongeluk (Tschudin, 1997:75).

Die fisiese verliese na 'n ongeluk, is die verlies aan beheer en regverdigheid (Harvey, 2002:105). Persone wat in 'n motorongeluk was wat gelei het tot gestremdheid of permanente letsels ervaar gereeld emosies rondom die onregverdigheid van die situasie. Nie slegs die pyn, deformatsie of verandering van voorkoms na die ongeluk word ervaar as traumaties nie, maar ook die skielike verandering van omgewing asook lewensstyl wat die gebeurtenisse laat uitstaan (Tschudin, 1997:76). Hierdie aspekte het sowel 'n impak op persone se sosiale- en geestelike funksionering as 'n verandering in gedagteprosesse, geloof en emosionele stabiliteit.

Vir adolessente is groepsdruk en –aanvaarding belangrik. Enige verandering in 'n adolessent se voorkoms, byvoorbeeld weens gesondheidsprobleme soos aknee of 'n gestremdheid kan maak dat die adolessent uitstaan in die groep en dit kan sy selfbeeld negatief affekteer (Gabell, 1996:122). Adolessente met diabetes kan nie die normale aktiwiteite of eetpatrone handhaaf van sy vriende nie en gereelde besoeke aan die hospitaal kan interaksie met vriende verwoes. Verder het dit 'n effek op algehele funksionering soos die keuse van vryetydsaktiwiteite, funksionering by die skool en sosiale interaksie. Die uitwerking wat bogenoemde faktore op adolessente se familie, vriende en onderwysers het kan nie buite rekening gelaat word nie. Hulle reaksies dra by tot die addisionele verliese wat gely word. Dus word nie slegs een lewe ontwig en verander nie, maar verskeie persone se lewens en daar moet vir al hierdie lewens gerou word.

#### **2.4.7 Die verlies van vriende**

Verskeie verliese in die lewe is nodige verliese. 'n Verlies aan vriende en kennisse maak deel uit van die verliese, soos die verlies aan jonkheid deel van die verliese in die lewe is wat onvermydelik is. Vir die adolessent is hierdie verlies wel geweldig traumaties. Louw, Louw



en Sharp (1990:74) is van mening dat meeste adolessente hul sin van waarde oordeel in terme van ander se reaksies. Adolessente is verder afhanklik van hul vriende se goedkeuring, ondersteuning en aanvaarding. Gedurende adolessensie is die adolessent se vriendekring in die meeste gevalle selfs belangriker en meer betekenisvol in sy lewe as sy familielewe. Dus kan adolessente se ervaringe van verlies aan vriende weens omstandighede binne of buite sy beheer as traumaties ervaar word. Die adolessent kan vriende verloor weens verhuising van die gesin, of omdat 'n vriend of vriendin moet verhuis na 'n ander area of in 'n koshuis geplaas word. Rathbone (1996:24) beskryf dat die verlies aan 'n beste vriend vir 'n adolessent wat moeilik vriende maak 'n geweldige slag kan wees. Die verlies is nie slegs 'n verlies aan 'n vriend nie, maar in sommige gevalle ook die verlies aan identiteit, 'n gevoel van "ek behoort" en 'n ondersteuningsraamwerk. Vriendskap word nie slegs waardeer vir die sosiale interaksie wat daarmee gepaardgaan nie. Kirgiss (2000:30) beskryf haar vriendin as die persoon met wie sy haar geloof, vrese en lewensdrome kon deel. 'n Vriendskapsverlies word ook 'n verlies aan 'n lewensdroom.

#### **2.4.8 Die verlies aan troeteldiere**

Die verlies aan 'n troeteldier behoort nooit afgemaak te word as 'n onbelangrike gebeurtenis nie. Veral in die lewe van kinders en adolessente is die dood van 'n troeteldier gewoonlik die kind se eerste kennismaking met die dood. Kinders het moontlik voor die afsterwe van sy eie troeteldier 'n dooie muis of voël gesien, maar wanneer 'n troeteldier doodgaan, is dit noodsaaklik dat ouers nie die geleentheid laat verbygaan om die konsep van die dood te verduidelik nie. Kinders besit die kapasiteit om maklik te vergeet en nuwe belangstellings te vorm (Tschudin, 1997:123), maar dit moet nie as verskoning gebruik word om nie vir die kind deur die rouproses te lei

na die dood van 'n troeteldier nie. Kinders moet leer dat die dood deel van die ervaringe van die lewe uitmaak. Kinders en adolessente wat introverte is, mag moontlik slegs saam met hul troeteldier op hul gemak en spontaan voel. Wanneer hierdie troeteldier doodgaan, is dit nie slegs die verlies aan 'n dier wat verwerk moet word nie, maar ook die verlies aan 'n vriend. Dieselfde konsepte wat aangeraak word na die verlies van 'n geliefde moet dus ook in gedagte gehou word na die verlies aan 'n troeteldier.

Hierdie verlies moet aangespreek word deur berading of met liefde. Tschudin (1997:126) som dit soos volg op:

The aim of helping may therefore be to help people be on a journey, rather than be stuck in some siding; be on a path; rather than in a rut; and walk on their own legs, metaphorically, rather than be carried by events.

Dus is dit veral noodsaaklik dat ouers nie hul kinders se hartseer probeer stil na die dood van 'n troeteldier deur byvoorbeeld onmiddellik 'n nuwe diertjie aan te koop nie, of dit af te maak as 'n minder belangrike verlies in verhouding tot ander lewensverliese nie.

#### **2.4.9 Interne verliese**

Kinders ervaar 'n wye verskeidenheid van interne verliese wat onafhanklik is van eksterne verliese. Hierdie verliese sluit in die verlies aan identiteit, verlies aan selfbeeld of verlies aan lewensdrome of toekomsvisies. Omdat die kind en adolessent dit moeilik kan verduidelik, manifesteer die rou of verwerking van die emosies in die vorm van gedragsveranderinge of fisiese simptome (Hallam & Vine, 1996:59). Harvey (2002:2) noem dat binne die konteks van verlies daar 'n ervaring van iets wat verlore is beleef word. Verder word die gevoel van onvoltooidheid en teleurstelling ervaar. Volgens Harvey (2002:2) het 'n verlies 'n afname in selfbeeld en moraal tot gevolg en

lei dit tot 'n afname in die fisiese krag om die lewe verder aan te pak. Gedurende adolessensie moet die jongmens 'n groot verskeidenheid stressore hanteer wat hy nie gedurende die vroeë kinderjare hanteer het nie. Spesifieke stressore met betrekking tot liggaamsbeeld, selfbeeld, verhoudings, groepsdruk, seksuele identiteit en druk van sy ouers en die skool gekombineerd met onsekerheid kan lei tot die ervaring van oorweldigende verlies en onveiligheid (Hallam & Vine, 1996:59). Adollesente ervaar sterk emosies en tesame met verhoogde onafhanklikheid van hul ouers is dit moontlik dat die adolessent 'n vrees kan ontwikkel dat hy beheer gaan verloor oor sy omstandighede of sy emosies. Gedragsprobleme wat by die adolessent kan voorkom kan verhoogde seksuele aktiwiteite, konflik met gesagspersone of risikonemende gedrag wees (Hallam & Vine, 1996:60).

Verliese kan nie binne hierdie konteks bespreek word sonder om te kyk na die keerpunt wat in persone se lewens gevolg het na die ervaring van die verlies nie.

## **2.5 DIE KEERPUNT NA VERLIESE**

Verlies impliseer pyn of swaarkry. Selfs wanneer persone swaarkry kan die betekenis van hierdie ervaring hul verander: "Changing oneself often means rising above oneself, growing beyond oneself" (Talbot, 2002:2). Wanneer persone dus 'n verlies ervaar en hul lewensdrome verbreek, kan daar 'n punt kom waar hulle betekenis begin put uit die ervaring. Csikszentmihalyi (1990:193) stel dit soos volg: "Many individuals who have suffered harshly end up not only surviving, but also enjoying their lives." Hierdie keerpunt kan waarskynlik eers plaasvind nadat die rouproses deurgewerk is. Die rouproses kan ook moontlik deel uitmaak van die keerpunt.

Biologiese prosesse en die dinamika moet eers aangespreek word voordat persone betekenis kan put uit hulle ervaring:

When people are wounded and in need of healing, confused and in need of guidance, overwhelmed and in need of reconciliation, or trapped and in need of liberation, it should be obvious that hope and despair are major psychological dynamics (Lester, 1995:1).

Selfs wanneer die verlies duidelik is en daar 'n naam daaraan gegee kan word, is die vermoë om die verlies te hanteer en weer te begin hoop na die verlies 'n uitdagende proses. Volgens Csikszentmihalyi (1990:200) is die vermoë om 'ongeluk' om te draai en die goeie daaruit te neem 'n rare talent. Die ervaring van 'n verlies daag die betekenis en waardes wat elkeen heg aan die lewe uit (Tschudin, 1997:2). Wanneer verliese ervaar word, ontstaan die besef dat ons betrokke is by 'n proses waarvoor ons geen beheer het nie: Dit is 'n verlies aan iets of iemand wat vir ons belangrik is, maar die verlies gaan totaal sonder keuse gepaard (Tschudin, 1997:3). Die verlies aan keuses en dus die beheer wat gepaard gaan met ons keuses vir die toekoms maak deel uit van dít waarvoor daar gerou moet word.

Die besluit om te oorleef na die dood van 'n kind kan die keerpunt wees in die lewe van ouers wat rou (Talbot, 2002:113). Hierdie doelbewuste besluit se gevolge word beskryf as: "Those who learned to know death, rather than to fear and fight it, become our teachers about life" (Kübler-Ross, 1983:xvii). Vorige navorsing van Talbot (2002:183) meld dat ouers nuwe hoop vir die wêreld kry wanneer hul tot die besef kom dat indien hulle hierdie akute swaarkry kon oorleef het en positief kon verander het daar hoop is vir ander om ook tragedie te oorkom. Die standpunt van Kübler-Ross sluit hierby aan, naamlik dat daar uit die dood geleer kan word om sodoende 'n wyser lewensuitkyk te kan hê.

Gewoonlik is dit die verhoudings met ander (positief en negatief) wat hierdie doelgerigte besluit tot oorlewing voorafgaan. Die ondersteuning van ander sowel as intervensies van ander wat omgee is volgens Talbot (2002:113) noodsaaklik om fisiese en emosionele krag op te bou om die toekoms na 'n verlies aan te pak. Uitreiking na ander vriende, familielede of kollegas wat 'n verlies ervaar het, of 'n doelbewuste betrokkenheid by 'n vrywillige organisasie kan ook as 'n keerpunt dien in sommige se lewens. Tschudin (1997:6) stem saam dat emosionele krag verkry word deur tyd af te staan en jou ervarings, asook pyn en mislukkinge met ander te deel.

'n Studie gedoen deur Csikszentmihalyi (1990:193) met individue wat parapleë is na 'n ongeluk, het bevind dat meeste parapleë die geleentheid in hul lewe beskryf as beide die mees negatiefste en positiefste ervaring in hul lewens. Hierdie ervaring om weer te leer leef word soos volg beskryf:

Learning to live again was in itself a source of pride (aspiration). But life after loss was not a return to normal. Loss results in a new "normal" and grieving old images of self or family may be required before new pictures can be created (Bowman, 1994, soos aangehaal in Bowman, 1999:183).

Persone wat 'n verlies ervaar het beskryf ook hoe hul geloof gehelp het om 'n keerpunt te bereik. De Klerk (2005:76) beskryf vanuit 'n onderhoud hoe 'n verhouding met God gehelp het om deur 'n egskeiding te werk:

Vir die eerste keer het 'n verhouding met God vir my 'n werklikheid geword. Dit is soos om iemand te leer ken, net op groter skaal! Maar dit was my keerpunt en dit wat gevolg het, was in baie opsigte 'n hoogtepunt en baie spesiaal, dit was my jaar net vir God.

Almal moet op 'n stadium in hulle lewens weer 'n nuwe begin maak. Verhuising, 'n nuwe werk, 'n nuwe lid in die gesin, egskeiding, dood, 'n terminale diagnose, die verlies aan 'n vriend of vriendin wat verhuis, die verlies aan 'n ledemaat of talent, kan elkeen op sy eie tot die verlies aan 'n lewensdroom lei. Die hantering van 'n verlies en die aanleer van 'n nuwe lewenswyse kan soos volg beskryf word: "Until I learned to be in love with my life again. Like a stroke victim retraining new parts of the brain to grasp lost skills, I have taught myself to joy, over and over again" (Kingsolver, 1995:15). Spiegel (1993:104) soos aangehaal in Bowman (1999:183) sluit aan by Kingsolver wanneer hy beklemtoon dat hoop nie slegs beperk moet word tot die beperkinge wat ons daaraan gee nie. Die skrywer beskryf verder verskeie tipes wat insluit die hoop op 'n goeie lewe in die toekoms, hoop vir verrykende verhoudings, hoop vir die beheer oor pyn, hoop vir ondersteuning of sorg van dokters. Hoop is aansteeklik veral wanneer daar meer klem val op die klein dingetjies in die lewe:

In my own worst seasons I've come back from the colourless world of despair by forcing myself to look hard, for a long time, at a single glorious thing: a flame of red geranium outside my bedroom window. And then another: my daughter in a yellow dress (Kingsolver, 1995:15).

Die afleiding kan dus gemaak word dat hoop noodsaaklik is vir die skep van lewensdrome.

Literatuur het hoofsaaklik gefokus op keerpunte wat volwassenes beskryf na 'n verlieservaring. Geen literatuur is opgespoor wat spesifiek verwys het na die keerpunt wat adolessente beskryf het nie. Hierdie keerpunt wat beskryf word deur volwassenes is moontlik dieselfde by adolessente, of dit is moontlik dat adolessente nie instaat is daartoe om 'n doelbewuste besluit te neem met betrekking tot hul emosionele response nie. Die moontlikheid word oorweeg dat die

adolescent se keerpunt waarskynlik gesetel sal wees in dít wat vir hom binne hierdie ontwikkelingsfase die belangrikste is, byvoorbeeld die invloed van 'n vriendskap.

Die keerpunt in die herstelproses na 'n verlies kan dus vanuit die literatuur soos volg opgesom word. Die keerpunt is vir sommige persone die doelbewuste besluit om te oorleef. Ander beskryf hierdie keerpunt as hul geloof of die oomblik wanneer hul tot die besef kom dat hul wel die tragedie oorleef het. Hulle kry krag in die wete dat as hul dit kon oorleef, hulle enige iets kan oorleef en gevolglik kan ander persone ook. Die ervaring na 'n verlies kan ook beskryf word as 'n geleentheid om weer te leer leef. Hierdie ervaring kan as geweldig positief ervaar word. Die afleiding word uit die literatuur gemaak dat in sommige gevalle word die verlies as sodanig beskryf as die keerpunt in die herskepping van 'n nuwe lewensdroom. In bogenoemde gevalle dien die verlies as 'n motivering om 'n lewensdroom te herskep.

## **2.6 SAMEVATTING**

Uit die hoofstuk is dit duidelik dat ongeag die verlies wat gely word, die adolescent soortgelyke prosesse moet deurwerk. Die belewenis van 'n verlies aan lewensdrome kan volg op enige van die verliese wat gelei word. Die verskillende teorieë met betrekking tot die rouproses is uiteengesit, alhoewel hierdie teorieë slegs as riglyn gebruik moet word tydens verliesberading. Die keerpunt na 'n verlies kan onder andere beskryf word as 'n doelbewuste besluit om die lewe met nuwe energie aan te pak. Om hierby aan te sluit word daar in die volgende hoofstuk gefokus op die adolescent se ontwikkelingsfases asook die persepsies van die adolescent met betrekking tot verliese.

## HOOFSTUK 3

### DIE ONTWIKKELING VAN DIE ADOLESSENT

#### 3.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word die verskillende stadia van ontwikkeling waardeur die adolessent beweeg geïdentifiseer. Die verskillende teorieë rakende ontwikkeling word bespreek. Daarna word die ontwikkeling van die adolessent bespreek veral met betrekking tot sy hantering van rou. Laastens word die adolessent se persepsies van verlies en die effek wat dit op sy lewe het bespreek.

Die adolessent ervaar 'n magdom van emosies gedurende die proses van groei en verandering:

In adolescence, the focus is on life, limitless potential and passionate vitality. The adolescent's subjective experience is a cauldron of conflicting forces of change and growth. The body's development and sexual urgency are exhilarating and alarming; the rapidly expanding cognitive competencies are exciting; the anticipated landscape of adult power and privilege is tantalizing and so near (Sussillo, 2005:500).

Wanneer 'n adolessent dus gedurende hierdie fase van ontwikkeling 'n verlies ervaar is die verlies oorweldigend en verwoestend vir hul eksterne wêreld en lewensdrome. Adolessensie word deur Murdock (1987, soos aangehaal in Hallam & Vine, 1996:59) beskryf as: "Leaving the secret garden of childhood". Adolessensie word verder deur Vine (1994, soos aangehaal in Hallan & Vine, 1996:59) beskryf as: "A time of life when the only thing you can be sure of is that you won't be sure of anything". Hierdie tydperk van verandering en oorgang word deur Deveau (1995:71) soos volg beskryf: "Adolescence is a time of disruption, turmoil, and rebellion."



Adolesensie is dus duidelik 'n tydperk van verandering en aanpassing.

### **3.2 STADIA VAN ADOLESSENSIE**

Die ouderdomme van adolesensie wissel volgens skrywer of teoretikus. Volgens Comstock (1994:263-282) soos aangehaal in Adler, Rosenfeld, Towne en Proctor II (1998:390) word vroeë adolesensie gedefinieer as dertien tot veertien jaar oud. Hierdie indeling verskil van Kaplan en Sadock (1998:42) wat vroeë adolesensie klassifiseer as elf tot veertien jaar oud. Beide skrywers stem saam dat puberteit tydens hierdie fase begin en dat die adolessent meer bewus is van sy liggaamlike ontwikkeling. Gedurende hierdie tydperk begin die adolessent 'n identiteit apart van sy familie ontwikkel en probleme met abstrakte denke en selfbeeld begin ontwikkel. Die middel adolesensie is vanaf vyftien tot sewentien jaar oud, volgens Adler *et al.* (1998:390) en vanaf veertien tot sewentien jaar volgens Kaplan en Sadock (1998:42) se indeling. Die tydperk word deur beide skrywers gekenmerk as 'n oorgangsfase waartydens rolle herskryf moet word in die gesin en adolessente gereeld konflik ervaar met gesagrolle soos hul ouers. Rathbone (1996:25) beskryf hierdie ouderdom ook as die tydperk waartydens die adolessent sy volwasse liggaam begin aanvaar en meer georiënteerd raak ten opsigte van die volwasse wêreld. Die laat adolesensie is vanaf agtien tot een-en-twintig jaar (Adler *et al.*, 1998:390) of sewentien tot twintig jaar (Kaplan & Sadock, 1998:42) waartydens morele en kognitiewe beredenering sowel as selfbeeld begin toeneem. Gedurende hierdie fase beskryf Post en Van Antwerpen (1997:185) 'n persoon wat onafhanklik funksioneer met 'n identiteit van sy eie.

Adolesensie kan dus opgesom word as die tydperk wat begin met die aanvang van puberteit op ongeveer tien tot elfjarige ouderdom en

strek tot die aanvang van vroeë volwassenheid op ongeveer twintig tot vyf-en-twintig jaar. Vroeë volwassenheid kan egter nie slegs gekenmerk word deur die ouderdom wat die persoon is nie, aangesien dit ook beïnvloed word deur opvoeding, kultuur en sosiale blootstelling.

### **3.3 TEORIEË MET BETREKKING TOT DIE ADOLESSENT**

Die adolessent kan nie in oënskou geneem word sonder om die verskillende teorieë ondersteunend tot sy wese te ondersoek nie. Die egosielkundige teorie van Erik Erikson sowel as die kognitiewe ontwikkelingsbenadering van Piaget sal vervolgens bespreek word. Beide hierdie benaderings word meestal in praktyk benut.

#### **3.3.1 Egosielkundige teorie van Erik Erikson**

Vir die doeleinde van die studie sal slegs die adolessensie stadium soos beskryf deur Erikson (Meyer, 1997:229) bespreek word. Die stadium van adolessensie neem volgens Erikson, soos aangehaal in Meyer (1997:229) in aanvang met die begin van puberteit (ongeveer dertiende lewensjaar) en eindig met die begin van vroeë volwassenheid wat volgens Erikson kan strek van die agtiende tot vyf-en-twintigste lewensjaar, afhangende van die kultuur en loopbaan wat die individue kies. Erikson, soos aangehaal in Meyer (1997:229) beskryf hoe die adolessent deur vorige onsekerhede moet werk tydens hierdie fase, omdat die sosiale verwagtinge meer is. Adolessente is gedurende hierdie fase opsoek na 'n selfbeeld, kontinuïteit in hul eie lewens asook 'n ooreenkoms of verwantskap tussen hul selfbeeld en die rolverwagtinge van die samelewing. Erikson, soos aangehaal in Meyer (1997:230) noem hierdie die soeke na identiteit:

Identiteit is 'n komplekse konsep wat gedefinieer kan word as mense se sienings van hulself, wat die gevoel insluit dat daar 'n

kontinuiteit in hulle lewens bestaan, asook dat daar 'n ooreenstemming is tussen hulle eie en ander se siening van hulself (Meyer, 1997:230).

Adolessente kom dikwels in opstand teen die reëls van die samelewing en die mense wat hierdie reëls op hulle afdwing. Adolessente se opstandigheid, asook hulle behoefte om deel te wees van groepsaktiwiteite, hul verliefdheid en voorliefde vir jeugbewegings word deur Erikson, soos aangehaal in Meyer (1997:229) as 'n deel van die soeke na identiteit beskryf. Die gevoel van identiteit word beleef wanneer die adolessent daarin slaag om integrasie te bewerkstellig tussen alle vroeëre identifikasies, drange, wense, toekomsverwagtinge, vermoëns en vaardighede en die geleenthede wat die samelewing hulle bied (Meyer, 1997:230). Alhoewel die samelewing nie altyd toegeeflik is teenoor die identiteitskrisis wat die adolessente beleef nie, word daar wel voorsiening gemaak deurdat daar instansies is waar adolessente uiting kan gee aan hulle unieke behoeftes. Kolleges, Universiteite, militêre diensplig, vermaak- en jeugbewegings, kerkgroepe en verlengde beroepsopleiding, ondersteun adolessente aktief in hulle soeke na identiteit.

Erikson beskryf die egosterkte wat uit hierdie krisis spruit as "betroubaarheid" of "fideliteit". Betroubaarheid word gekenmerk deur 'n sekerheid van sy eie identiteit, 'n aanvaardende bewustheid van moontlike ander identiteitskeuses wat die individu kon gemaak het en die vermoë om lojaal teenoor sy sosiale rolle te wees (Erikson, soos aangehaal in Meyer, 1997:229).

Indien adolessente nie hierdie identiteitskrisis effektief kan oplos nie, ontwikkel versteurings soos gedragsprobleme, geslagsidentifikasie versteuring, skisofreniformeversteuring of ander psigotiese

versteurings (Kaplan & Sadock, 1998:238). Die adolessent moet dus deur sy identiteitskrisis werk om hierdie versteurings te voorkom. Die wyse waarop die adolessent sy identiteitskrisisse verwerk kan ook sy hantering van 'n verlies bepaal.

### **3.3.2 Kognitiewe ontwikkelingsbenadering van Piaget**

Piaget se model van kognitiewe ontwikkeling van die kind is gewild en word gereeld deur persone wat met kinders werk gebruik en geïnkorporeer. Hierdie benadering word in vier stadiums verdeel. Slegs die formele operatiewe fase wat beskryf word vir kinders en adolessente van elf jaar en ouer word vir die doel van hierdie studie bespreek.

Vervolgens beskryf Deveau (1995:57) en Kaplan en Sadock (1998:141-143) hierdie fase:

#### **3.3.2.1 Die formele operatiewe fase (elf jaar en ouer)**

Gedurende hierdie fase maak adolessente gebruik van abstrakte denke, teorieë, hipotesisse en logika in hul begrip van konsepte. Hulle maak minder gebruik van objekte en gebeurtenisse en gebruik meer in-diepte benaderings sowel as probleemoplossingsvaardighede (Deveau, 1995:57). Taalgebruik is tydens hierdie fase kompleks en volg die formele reëls van logika en is grammaties korrek. Abstrakte denke gedurende adolessensie word bewys deur die adolessent se belangstelling in filosofie, politiek, geloof en etiese sake (Kaplan & Sadock, 1998:142).

Deveau (1995:58) noem dat alhoewel Piaget aandag gee aan die kognitiewe ontwikkeling van die kind daar nie spesifieke aandag gegee word aan die kind se persepsies van die dood nie en daarom is dit moeilik om van hierdie teorie gebruik te maak wanneer daar

verliesberading met kinders gedoen word. Kaplan en Sadock (1998:69) verskil van Deveau (1995:58) aangesien hulle reken dat 'n kind se vermoë om die dood te verstaan, afhang van sy vermoë om enige abstrakte konsep te verstaan. Om hierdie rede koppel die skrywers die kind se persepsies van die dood aan die fase van operatiewe denke (Piaget se klassifikasie).

Alhoewel daar nie spesifiek gefokus word op die kind se persepsies van die dood nie gee dit wel vir die navorser, of terapeut, meer inligting oor die vlak van kognitiewe ontwikkeling waarop die adolessent funksioneer. Verder is dit vir die terapeut moontlik om nie meer van die kind te verwag in terme van sy beskrywings van die ervaring van verlies nie, omdat sy weet op watter kognitiewe vlak hy funksioneer.

### **3.4 DIE ONTWIKKELING VAN DIE ADOLESSENT EN DIE HANTERING VAN 'N VERLIES**

Die ontwikkeling van die adolessent het 'n groot impak op sy hantering van 'n verlies. Vervolgens word elkeen van die vlakke van ontwikkeling by die adolessent bespreek.

#### **3.4.1 Emosionele ontwikkeling**

Die adolessente jare kan beskryf word as 'n emosionele renbaan, waar die adolessent min beheer het oor sy eie emosies en gereeld ontsteld kan word oor sy eie reaksies op gebeure. As gevolg van die vrystelling van hormone gedurende hierdie tyd vind die adolessent dit moeilik om beheer uit te oefen oor sy emosionele response (Ward, 1996:45). Hierdie tydperk word gekenmerk deur 'n stryd vir onafhanklikheid en 'n swak selfbeeld. Adolessente ervaar 'n sterk behoefte om deel te wees van die groep en elke besluit wat geneem word, word beoordeel deur "wat die groep sal dink" (Ward, 1996:45).

Gedurende hierdie fase is seuns onder die indruk dat dit nie manlik is om te huil nie en is daar geen wyse waarop hulle kan uiting gee aan hul emosies van rou of hartseer na 'n verlies nie. Ward (1996:45) beskryf dat die seuns gereeld saam met hul vriende sal lag en spot oor hierdie emosies, omdat dit ten minste 'n wyse van uitdrukking is. Dogters wat 'n verlies ervaar het, vind weer dat hul vriendinne se ydele gesprekke oor seuns, klere en grimering nie meer hul aandag kan behou nie. Hul vriendinne weet ook nie hoe om hul emosies te hanteer nie, met die gevolg dat vriendskappe soms hier onder lei.

Soos vroeër beskryf kan die adolessent nie altyd sy magdom van emosies hanteer nie. Tydens die rouproses is woede met tye aanwesig en dit gebeur soms dat die adolessent so woedend kwaad raak dat sy woede manifesteer in gedrag soos fisiese aanvalle op broers, susters of vriende. McIlwraith (2001:31) beskryf ook verder dat dit soms kan gebeur dat woedende kinders en adolessente hul frustrasies uithaal deur troeteldiere te beseer of voëls te skiet. Die adolessent wat deur die rouproses moet werk, hanteer dit dikwels deur van die res van die familie te onttrek. Hierdie wyses van onttrekking kan volgens Ward (1996:45) waargeneem word wanneer die adolessent 'n obsessie ontwikkel met sport, klere of musiek. Soms sal die adolessent ure spandeer deur slegs musiek te luister of op die telefoon te praat. Rathbone (1996:25) beskryf dat die harde musiek vir die adolessent in die vroeë adolessensie fase 'n manier is om sy akute pyn uit te doof. Wanneer die emosies en die rou van so aard is dat die adolessent dit glad nie kan hanteer nie, sal hul selde hulp soek, maar eerder alkohol of dwelms misbruik in 'n poging om die akute pyn te vermy (Ward, 1996:45).

Sommige adolessente onderdruk hul eie emosies om hul ouers te beskerm, veral wanneer een ouer oorleef het. Die adolessent mag

'ouerrolle' inneem en meer verantwoordelikhede in die huishouding begin dra om hul oorlewende ouer, broers en susters te beskerm (Ward,1996:45). Die adolessent wat deur die egskeiding van sy ouers moet werk of die adolessent wat 'n broer of suster aan die dood afgestaan het na 'n terminale siekte ervaar gereeld "oorlewings skuldgevoelens". Wanneer 'n adolessent bewus is daarvan dat sy ouers se huwelik onder druk is ervaar hulle bewustelik of onbewustelik skuldgevoelens dat hul moontlik die oorsaak vir die stressore is (Ward, 1996:45). Hierdie skuldgevoelens verskil egter van die emosies wat jong kinders ervaar wat glo dat hulle "magiese denke" het wat die ongeluk veroorsaak het.

### **3.4.2 Sosiale ontwikkeling**

Gedurende hierdie tydperk van ontwikkeling is die groep belangriker as die familie eenheid. Kaplan en Sadock (1998:45) beskryf dit soos volg: "Home is a base; the real world is school, and the most important relationships, besides an adolescent's family, are with people of similar ages and interest." Adolessente evalueer hulself deur die oë van hul vriende. Enige afwisseling van voorkoms, kleredrag of gedrag kan tydens hierdie tydperk lei tot 'n swak selfbeeld. Populariteit word soms by adolessente geassosieer met vorms van wangedrag as gevolg van die blootstelling en druk van die vriendekring (Allen, Porter, McFarland, Marsh & McElhaney, 2005:747). Aangesien vriendekringe reeds ontwikkel vanaf die vroeë kinderjare tot in adolessensie, verhoog die vriendekring se waarde en opinies selfs meer in adolessensie. Allen *et al.* (2005:748) is van mening dat die mees populêre adolessente, gewoonlik die adolessent is wat die meeste ingestel is op die gesproke en ongesproke norms van hul vriendekring. Indien 'n adolessent reeds 'n verlies moes hanteer in die verlede, of tans deur die rouproses werk word hul vriende se ongemak met die onderwerp 'n teer punt.

### **3.4.3 Morele ontwikkeling**

Adolessensie en vroeë volwassenheid is die tydperk in 'n persoon se lewe wanneer moraliteit vasgelê word. Moraliteit word deur Kaplan en Sadock (1998:45) soos volg gedefinieer: "Morality is defined as conformity to shared standards, rights, and duties." Die adolessent se morele ontwikkeling word deur die volgende faktore beïnvloed: Hulle ouers se houdings en optredes, die portuurgroep, godsdiens en geslagsrolle (Louw *et al.*, 1990:73).

Tydens adolessensie verstaan die adolessent dat reëls bestaan om die groter gemeenskap te beskerm. Hulle toets wel die reëls om die geldigheid te verseker in 'n soeke na identiteit. Die adolessent funksioneer op Kohlberg ([g.d], soos aangehaal in Kaplan & Sadock, 1998:45) se hoogste vlak van moraliteit naamlik; moraliteit weens selfaanvaarde morele beginsels waartydens die adolessent reëls navolg op die basis dat dit eties korrek is.

Adolessente wat gekonfronteer word met groot verliese sal vrae vra oor die betekenis van die lewe. Ward (1996:46) vind dat adolessente 'n ernstige behoefte het om aspekte soos geloof, etiek, ideologiese standpunte en die betekenis van verwagtinge te bespreek. Die adolessent se toekomsvisie en lewensdrome kan beïnvloed word deur beide sy morele ontwikkeling, asook die invloed van ouers en hulle houdings en optrede.

### **3.4.4 Fisiologiese ontwikkeling**

Die begin van puberteit word gekenmerk deur die ontwikkeling van geslagsdele, 'n toename in gewig en lengte sowel as die groei van gesigshare en die verlaging van die stemtoon by seuns, en verwyding van die heupe by dogters (Kaplan & Sadock, 1998:43). Sekshormone



verhoog geleidelik deur die loop van adolessensie met 'n sterk toename tussen sestien en sewentien jaar. Die hormone het 'n invloed op die adolessent se sentrale senuweestelsel funksionering wat 'n effek het op die adolessent se gedrag en buie (Kaplan & Sadock, 1998:43). Dogters begin menstrueer op ongeveer dertien jaar, maar dit word beïnvloed deur biologiese en psigososiale faktore. Psigologiese en sosiale invloede op 'n adolessentdogter se lewe het volgens studies geen invloed op die aanvang van die menstruasiesiklus nie (Kaplan & Sadock, 1998:44).

Gedurende die vroeë adolessensiefase groei die adolessent vinnig wat tot gevolg het dat die adolessent gereeld kla van moegheid. Volwassenes beskou dit dikwels as 'luiheid' (Rathbone, 1996:25) en gedurende hierdie tydperk ervaar die adolessent konflik tussen kindwees en die aanvaarding van volwassenes se verantwoordelikhede. Adolessente wat in die tyd 'n ouer verloor kan of meer verantwoordelikhede in die huishouding neem en so al die verantwoordelikhede van die volwassene oorneem, of oormatige kinderagtige gedrag openbaar (Rathbone, 1996:25). Nie een van die bogenoemde is gesond vir die normale ontwikkeling van die adolessent nie. As adolessente gedurende hierdie ontwikkelingsfase 'n verlies aan gesondheid of voorkoms ervaar, word dit geweldig traumaties ervaar weens die oordrewe klem wat op fisiologiese veranderinge val in die ontwikkelingsfase.

### **3.4.5 Kognitiewe ontwikkeling**

Gedurende adolessensie ontwikkel die adolessent die vermoë tot abstrakte denke en simboliese beredenering (DeSpelder & Strickland, 1995:50). Adolessente is kreatief en gee uiting daaraan deur gedigte, skryfvaardighede en kuns (Kaplan & Sadock, 1998:44). Gekunstelde redenering van aspekte van die lewe en die bepaling van die

uitkomst wat nie self deur hulle ervaar is nie, vind plaas. Adolescente ervaar 'n identiteitskrisis tydens die verskuiwing van afhanklikheid na onafhanklikheid. Seksuele rolle en geslagsidentifikasie dra by tot die identiteitskrisis (Kaplan & Sadock, 1998:44). Die kognitiewe ontwikkeling van die adolessent soos beskryf deur Piaget se formele operatiewe fase (sien punt 3.3.2.1) sluit die volgende kenmerke in: Abstrakte denke, die werklikheid teenoor die onmoontlike, proporsionele denke, wetenskaplike denke, hipoteties-deduktiewe denke, 'n begrip van proporsionaliteit en kombinatoriese denke (Louw *et al.*, 1990:72).

Adolescente vorm volgens DeSpelder en Strickland (1995:50) hipoteses rondom etiese en politiese kwessies. Om hierdie rede is adolessente in die laat adolessensie fase instaat om die konsep van die dood te verstaan as onherstelbaar, finaal, universeel en dat dit 'n biologiese en fisiologiese feit is. Verder word 'n adolessent wat deur die rouproses moet werk se konsentrasie beïnvloed (Ward, 1996:46), met die gevolg dat hul skoolwerk sowel as hul funksionering op ander vlakke beïnvloed en benadeel word.

### **3.5 PERSEPSIES VAN VERLIES VAN DIE ADOLESSENT**

Die adolessent het 'n duidelike persepsie van die dood wat baie verskil van die jonger kind, wat dink dat die dood 'n omkeerbare proses is. Die adolessent besef ook die implikasies van die dood op sy familie en hoe dit moontlik sy toekoms of sy verantwoordelikhede mag beïnvloed. Soortgelyk aan die adolessent se persepsies van die dood, het die adolessent ook bepaalde persepsies met betrekking tot verliese in die algemeen. Gedurende adolessensie beleef die adolessent oorgangsprosesse in sy denke en begrip van konsepte. Deveau (1995:71) verdeel adolessensie in drie fases. Die adolessent se persepsies van verliese word binne hierdie fases bespreek.

### **3.5.1 Vroeë adolessensie**

Gedurende hierdie fase besef die adolessent alreeds die implikasies van die dood of 'n verlies op sy familie en homself. Die jong adolessent kan logies redeneer en alhoewel hy steeds afhanklik is van sy ouers, is hy maklik beïnvloedbaar. Gedurende hierdie fase beskryf Deveau (1995:71) die adolessent as aanvaardend vir rolmodelle, soos sy eie ouers. Die adolessent spandeer nog tyd saam met sy ouers en beskryf gereeld nog sy ouers as sy vriende. Die adolessent is tydens hierdie fase meer bereid om binne die gesinstruktuur saam te werk en hul ouers te aanvaar. Die adolessent binne hierdie fase vind dit moeilik om egskeiding van sy ouers te hanteer, aangesien die gesinsstruktuur veral nog binne die fase vir hom belangrik is.

Die jong adolessent mag beïnvloed word deur sy ouderdomsgroep. Die meeste angste word tydens hierdie fase ervaar rondom verhoudings met maats en sy fisiese en seksuele veranderinge wat plaasvind. As hulle 'n verlies aan voorkoms of gesondheid ervaar, is dit moeilik om te verwerk weens die verwagte reaksie van sy portuurgroep. Indien die verlies 'n effek het op die adolessent se vermoë om 'n vaste verhouding met die teenoorgestelde geslag te inisieer, word sy geslagsrolidentiteit ook beïnvloed, wat grootliks bydra tot die adolessent se selfagting (Louw *et al.*, 1990:72). Die verlies aan identiteit of selfagting lei tot addisionele verliese by die adolessent.

Kaplan en Sadock (1998:69) beskryf dat die jong adolessent tydens hierdie fase begryp dat kinders en volwassenes kan sterf. Wanneer die kind die vroeë adolessensie stadium binne gaan, begin hulle twyfel oor die finaliteit van die dood. Hierdie aspek is moeilik vir hulle om te verstaan aangesien daar soveel voorbeelde is, byvoorbeeld in films of op televisie van persone wat dood was en weer opgewek word.

Deveau (1995:72) noem voorbeelde van hoe die omkeerbaarheid van die dood aan kinders en adolessente geïllustreer word wat gevolglik hulle persepsies beïnvloed. Die mediese tegnologie het 'n effek op die persepsie en hier word gedink aan orgaanoorplantings, kardiaal resussitasie, liggame wat gevries en later ontdooi word en die effek wat films met hierdie tema mag hê. Hierdie besprekings en realiteite beïnvloed die adolessent se persepsie van die omkeerbaarheid van die dood (Deveau 1995:72). Adams (2002:28) beskryf dit as die intellektuele uitdagings wat die jong kind of adolessent se persepsies van die dood beïnvloed.

### **3.5.2 Middeladolessensie**

Gedurende die fase is emosionele wisselvalligheid teenwoordig en ervaar die adolessent sterk emosies wat gewoonlik lei tot uitermatige reaksies en rebellie. Die veg-of-vlug reaksie kom voor by dogters wanneer hulle deure toeslaan en skree terwyl die seuns hulself isoleer. Hierdie tipe gedrag is ook veral teenwoordig by die adolessent wat 'n verlies ervaar het. Ouers ervaar teenkanting en rebellie van die middel adolessent en die adolessent voel dat hy alles weet en sy ouers niks nie. Ten spyte van die rebellie en emosionele stryd wat hul voer, is seksuele ontwikkeling, afhanklikheidsbehoefte en selfbeeld steeds die hoofsaak waarmee die adolessent worstel. Deveau (1995:72). Net soos in vroeë adolessensie (sien punt 3.5.1) sal die adolessent in die middel adolessensie 'n verlies van gesondheid of voorkoms as 'n geweldige terugslag ervaar. Verder is vriende geweldig belangrik en 'n verlies aan 'n vriendskap kan as traumaties ervaar word.

Adolessente neem fisiese risiko's waardeur hulle die dood onbewustelik toets. Tydens hierdie hoë risikogedrag toets die adolessent sy eie liggaam se beperkinge en oorlewing is dus 'n

oorwinning oor die dood (Deveau, 1995:72). Hierdie risikonemende gedrag kan ook toegeskryf word aan hul soeke na 'n geslagsidentiteit of die vrees vir ontoereiktheid in die vriendekring (Kaplan & Sadock, 1998:45). Tydens hierdie fase kom meer gevalle van selfmoord en ongelukke voor weens die risikonemende gedrag.

### **3.5.3 Laat adolessensie**

Die adolessent in die laat fase het reeds sy fisiese sowel as seksuele maturasie ondergaan. Verder het hy reeds op hierdie ouderdom sy waardes en persepsies oor die lewe vasgestel met behulp van eksperimentering en sy keuses gemaak oor sy standpunte ten opsigte van hierdie sake. Hy begin vriende kies wat dieselfde persepsies en waardes as hyself het en ontwikkel verder volwasse sosiale vaardighede. Gedurende hierdie fase mag die adolessent homself skei van sy gesin en begin om beroepskeuses te maak. (Deveau, 1995:73).

Hierdie adolessent kan soos 'n volwassene die dood konseptualiseer en begryp dat die dood universeel, onomkeerbaar en onvermydelik is. (Kaplan & Sadock, 1998:69). Adolessente mag angste ervaar rondom die dood, alhoewel hulle nie hul eie dood in die nabye toekoms antisipeer nie (Conrad, 1991:140). Die navorser is van mening dat dit bydraend kan wees tot adolessente se risikonemende gedrag. Vrae sal egter altyd bestaan by beide volwassenes en adolessente oor die geloofs- en etiese krisisse rondom die dood.

Adolessente wat tydens hierdie fase 'n verlies ervaar kan ook, soos in die vorige fases, depressie ontwikkel. 'n Adolessent wat gedurende hierdie fase 'n verlies ervaar en gedurende sy rouproses nie meer voldoen aan die verwagtinge van sy vriendekring nie, kan sy populariteit verloor in die groep (Allen *et al.*, 2005:748). Die afname

van vriende en gevolglik depressie kan lei tot addisionele verliese by die adolessent. Abrams, Theberge en Karan (2005:286) beskryf verder dat die verhoogde voorkoms van egskeiding, oorlog, armoede, rasisme en omgewingsake 'n dramatiese invloed het op die adolessent se lewe. Al die bogenoemde lei tot addisionele verliese, wat die adolessent nie noodwendig kan hanteer nie.

### **3.6 DIE EFFEK VAN 'N VERLIES OP DIE ADOLESSENT**

In 'n studie deur Yule (1996:45) wat gedoen is op kinders en adolessente wat 'n ramp oorleef het, is die volgende waarnemings gemaak: Die meeste van die kinders toon in die eerste weke na die verlies 'n merkwaardige slaapversteuring. Vrees vir die donker, vrese om alleen te wees, indringende gedagtes wanneer dit stil raak, slegte drome en nagmerries is aangedui. Hierdie probleme het gewoonlik geduur vir maande na die verlies. Verder is skeidingsangs aangedui deurdat die meeste kinders en adolessente huiwerig was om te skei van hul ouers of geliefdes. Konsentrasie op skoolwerk was problematies en die respondente het aangedui dat indringende gedagtes hul konsentrasie verbreek, wat 'n negatiewe invloed op hul geheue gehad het.

Die meeste respondente in hierdie studie (op cit) het aangedui dat dit moeilik is om met hul ouers te praat aangesien hulle nie hul ouers wil ontstel nie. Frustrasie tussen ouers en kinders ontstaan aangesien die ouers nie bewus was van die mate waartoe die emosies ervaar is nie. Die adolessente het 'n groot behoefte aangedui om met hul vriende te gesels oor wat gebeur het. Hulle vriende was meestal nie in staat om die nodige ondersteuning of empatie te bewys nie weens verskeie redes, soos tydsberekening. Wanneer dit gebeur voel die adolessent verwerp en geisoleer van hulle vriende, wat 'n effek het op hulle interpersoonlike verhoudings (Adams, 2002:30). 'n Verhoogde

sin van bewustheid van gevare in die daaglikse lewe en 'n verlies aan toekomsbeplanning weens hul vrese vir alles wat verkeerd mag gaan, bestaan. Die respondente het almal 'n vrees aangedui vir verskeie aspekte wat geassosieer word met hul verlies.

Die simptomatiesiese klagtes wat ontwikkel na 'n verlies, byvoorbeeld herhaalde klagtes van hoofpyne of migraines of ander onverklaarbare mediese klagtes, soos beskryf deur Adams (2002:29) kan 'n effek hê op die adolessent se skoolbywoning en latere prestasie in skoolwerk. Herhaalde besoeke aan mediese professies, of mediese toetse moet in verskeie gevalle gedoen word voordat bepaal word dat die klagtes verwant is aan die rouproses.

Adolessente wat 'n verlies ervaar het, wat nie duidelik deur die samelewing geklassifiseer word as 'n verlies nie, byvoorbeeld die verlies van vriende, of die verlies aan identiteit of lewensdrome, mag ook van die bogenoemde emosies en simptomatiesiese klagtes ervaar. Indien die adolessent nie sy emosies of gedrag kan verklaar nie, is dit moeilik om die emosies te hanteer of deur 'n proses van rou te werk. Hierdie adolessent ervaar nie slegs 'n verlies aan dit wat was nie, maar ook dit wat is en kon wees.

### **3.7 SAMEVATTING**

Tydens hierdie fase ervaar die adolessent geweldige konflikte met betrekking tot sy sosiale- sowel as fisiese ontwikkeling. 'n Verlies tydens hierdie fase word deur die adolessent op verskeie vlakke as 'n uitdaging in die voltooiing van sy ontwikkelingstake ervaar. Die adolessent ontwikkel in hierdie fase sy eie persepsies en oortuigings met betrekking tot vele onderwerpe onder andere verliese. In die volgende hoofstuk sal daar aandag geskenk word aan kernkonsepte binne die gestaltperspektief.

## HOOFSTUK 4

### 'N GESTALTBENADERING TOT VERLIES

#### 4.1 INLEIDING

Die gestaltbenadering, soos beskryf deur Perls, fokus op 'n gestalt of konfigurasie:

Gestalt is a form, a configuration or a totality that has, as a unified whole, properties which cannot be derived by summation from the parts and their relationships. It may refer to physical structures, to physiological and psychological functions, or to symbolic units (Perls, 1958:225, soos aangehaal in Thompson & Rudolph, 1992:109).

Binne die gestaltbenadering is dit noodsaaklik dat die terapeut wat met adolessente werk wat 'n verlies ervaar het, beseft dat die kliënt holisties benader moet word. Volgens Sabar (2000:154) word elke vlak van funksionering op 'n bepaalde wyse geaffekteer deur die verlieservaring. Op 'n liggaamlike vlak, word die verlieservaring beleef in die vorm van 'n swaargevoel op die borskas, transe, moegheid, maagpyne, slapeloosheid en ander fisiese pyne. Op 'n emosionele vlak ervaar die persoon onder andere hartseer, woede, angs, skuldgevoelens of buie wisselinge. Op 'n kognitiewe vlak vind die persoon dit moeilik om die verlies te assimileer, 'n preokkupasie met gedagtes oor die verlies is algemeen en kognitiewe funksionering, byvoorbeeld geheue, konsentrasie en afleibaarheid word beïnvloed. Sosiaal is daar tekens van onttrekking, dissosiasie, isolasie ten spyte daarvan dat die persoon wat rou gedurende die tydperk meer ondersteuning nodig het. Op 'n geestelike vlak word die persoon se persepsies met betrekking tot veiligheid, sekuriteit, regverdigheid en oordeel bevraagteken. Laastens bevraagteken meeste persone op godsdienstige vlak God se almag, Sy teenwoordigheid, mag en regverdigheid. Die gestaltterapeut benader haar kliënt holisties op die



vlak waar hy homself huidiglik bevind en elkeen van hierdie emosies of ervarings word in ag geneem.

Die kernkonsepte in gestaltteorie word in hierdie hoofstuk bespreek en die konneksiepunte tussen die gestaltbenadering en verliesberading word uitgelig.

## **4.2 GESTALTKONSEPTE**

Vervolgens word daar aandag gegee aan die verskillende gestaltterapeutiese beginsels en terminologie met betrekking tot die adolessent en verliese.

### **4.2.1 Selfregulering**

Selfregulering word deur Perls (1992:xvii) soos aangehaal deur Sabar (2000:155) soos volg gedefinieer: "The organism is striving for the maintenance of a balance which is continuously disturbed by its needs, and regained through their gratification or elimination". Volgens die gestaltbenadering is individue selfregulerend en geneig tot groei. Dus is die gestaltbenadering positief en word daar geglo dat persone instaat is om selfregulerend te wees en selfintegrasie in hul lewens te bewerkstellig (Thompson & Rudolph 1992:110). Die individue of organisme se gesondheid kan gedefinieer word as sy bewusheid, herkenning en toepaslike aandag ten opsigte van sy eie behoeftes soos wat hiërargies benodig word (Yontef & Jacobs, 2000:303-339, soos aangehaal in Servaty-Seib, 2004:128). Deur die proses van organismiese selfregulering kom die behoefte van die individu wat die meeste aandag nodig het, in die onderbewussyn na vore as 'n figuur. Wanneer hierdie figuur geadresseer is, beweeg dit weer terug na die agtergrond soos wat die volgende figuur na vore tree. Wanneer 'n individu binne 'n stadium van emosionele welstand in sy lewe is, vind hierdie proses natuurlik en vloeiend plaas (Yontef & Jacobs, 2000:303-339, soos aangehaal in Servaty-Seib, 2004:128).

Na 'n verlieservaring is dit nodig dat die persoon die pas en intensiteit van sy ervaring en rouproses selfreguleer (Sabar, 2000:162). Al die vlakke van funksionering word deur hierdie selfregulasie beïnvloed. Die persoon moet sy emosies reguleer, asook die hoeveelheid ondersteuning van die omgewing wat hy toelaat in teenstelling met sy eie behoefte vir isolasie en onttrekking. Hy moet besluite neem oor sosiale faktore soos sy gereedheid om nuwe mense te ontmoet, nuwe uitdagings aan te pak of byvoorbeeld te verhuis.

#### **4.2.2 Onafgehandelde besigheid**

Onafgehandelde besigheid is volgens Joyce en Sills (2001:130) een van die belangrikste konsepte in gestaltterapie. Situasies in die verlede, spesifiek die moeilike en traumatiese situasies waarvoor die kliënt nog nie sluiting ervaar het nie, word hierby ingesluit. Wanneer daar nog nie oplossings vir die probleme gevind is nie, ervaar die kliënt steeds ongemak (Joyce & Sills, 2001:130). Die belangrikste onafgehandelde besigheid sal altyd na vore kom. George en Christiani (1995:71) beskryf die terapeut se rol in die proses as hulp met die integrasie van aandag en bewustheid en om die totaliteit van sy ervaring te assimileer met sy struktuur en self. Indien 'n kliënt dit moeilik vind om deur onafgehandelde besigheid te werk, is dit nodig om die fokus van terapie te verskuif. In sommige gevalle is die drang te sterk en kragtig wat die kliënt daarvan weerhou om sy huidige omstandighede te hanteer. Polster en Polster (1973:36) beskryf dit soos volg: "The individual is beset with preoccupation, compulsive behavior, wariness, oppressive energy, and much self-defeating activity".

In die geval van die hantering van 'n verlies openbaar persone soms simptome van post-traumatiese stresversteuring (Cohen, 2002). Indien 'n kliënt vanuit hierdie perspektief hanteer word, is dit nodig om

die kliënt aan te moedig om weg te draai van die traumatiese figuur. Terapie moet daarna die kliënt stadig lei deur 'n proses van assimilasië waartydens emosies teen 'n stadige tempo gekanaliseer moet word. Wanneer die kliënt bogenoemde bemeester het moet hy gewoon raak aan die leemte wat weens die verlies gelaat word. Cohen (2002) beskryf dit as die moeilikste deel van terapie, maar indien die kliënt daartoe instaat was, lei dit tot nuwe selfinsig. Neimeyer (2001:173) is van mening dat 'n verlies nie slegs tot post-traumatiese stres kan lei nie maar ook post-traumatiese groei. Sodoende het die kliënt nie net deur die verlies gewerk nie, maar ook verder erken dat daar waarde lê binne rou en die terapeutiese proses.

#### **4.2.3 “I-Thou” verhouding**

Gestaltherapie is op verskeie wyses kongruent met die behoeftes van die persoon wat verliesberading benodig (Sabar, 2000:155). Die klem binne die gespreksverhouding tussen die kliënt en terapeut word geplaas op kommunikasie en 'n ondersteunende omgewing. Oaklander (2000:29) beskryf die verhouding waar die terapeut die adolessent ontmoet met respek, eer en sonder oordeel. Binne hierdie ontmoeting speel die terapeut nie 'n rol nie, is sy opreg en kongruent terwyl sy nie haar eie grense oorskry nie. Oaklander (2000:29) is verder van mening dat die terapeut binne die verhouding geen verwagtinge het vir die kind en adolessent nie en 'n veilige omgewing skep vir die kind en adolessent. Die verhouding is in sigself terapeuties aangesien dit in baie gevalle 'n unieke ervaring is.

Die hier-en-nou oriëntasie (sien punt 4.2.9) verskaf die basis vir 'n “I-Thou” verhouding (George & Christiani, 1995:67). Binne die “I-Thou” verhouding word die klem daarop geplaas dat die kliënt die persoon direk aanspreek, selfs in sy afwesigheid deur gebruik te maak van die

leë stoel tegniek<sup>3</sup> in plaas daarvan om van die persoon te praat (George & Christiani, 1995:67).

#### 4.2.4 Eksperimentering

Die eksperiment binne gestaltterapie is belangrik aangesien die terapeut die kliënt lei om te eksperimenteer om risiko's te neem met verskillende tegnieke om 'n verandering mee te bring. Elke kontak tussen die terapeut en kliënt kan as 'n eksperiment gesien word:

Each session is seen as an experiment; an existential encounter in which both the therapist and the patient engage in calculated risk taking (experiments) involving exploration of heretofore unknown or forbidden territories. The patient is aided in using phenomenological focusing skills and dialogic contact to evaluate what is and is not working (Yontef, 1993:26).

Die frustrasie van 'n verlies kan lei tot emosies soos woede en aggressie wat op 'n veilige manier uitgedruk en beheer moet word, sodat die persoon nie homself of ander sal beseer nie (Sabar 2000:160).

Wanneer 'n persoon ondersteun moet word is dit ideaal dat die terapeut die persoon lei om deur die verlies te werk. Tschudin (1997:80) beskryf die aspekte van die rouproses aan die hand van die volgende metafoor:

*“One can bang one’s head against it,  
ending up with a big headache at best,  
or a cracked skull at worst  
One can leap over it  
One can dig under it  
One can take it down*

---

<sup>3</sup> Tegnieke binne die gestaltbenadering sal nie binne die omvang van hierdie verhandeling bespreek word nie.

*One can try to find the door in it*

*One can make a door in it.”*

Hierdie metafoor beskryf die proses waarmee die terapeut die persoon wat die verlies ervaar het, moet help. Die muur wat beskryf word, moet dus eerstens herken word, dan erken word en daarna kan dit hanteer word (Tschudin, 1997:80). Elke persoon wat deur 'n verlies moet werk, hanteer dit verskillend. Soms is dit ook nodig om verskillende wyses van hantering uit te probeer voordat 'n manier gevind word wat werklik werk. Hierdie konsep sluit aan by die konsep van eksperimentering binne gestaltterapie. Gestaltekperimente word effektief gebruik in die rouproses. Tegnieke soos die leë stoel tegniek of twee-stoel dialoog vir interne konflikte, word effektief gebruik (Sabar, 2000:156). Die terapeut tree nie op as die kenner nie en gee aan die kliënt die geleentheid om self te eksperimenteer en exploreer met dit wat vir hom die beste werk. Persoonlike styl en persoonlikheid affekteer die wyse waarop dit gedoen sal word. Die keuse lê nie by die terapeut nie, maar by die kliënt. Dus kan daar weereens aangesluit word by die redenasie met betrekking tot die teorieë van Parkes en Kübler-Ross (sien hoofstuk 2), dat dit slegs as riglyn gebruik moet word en dat die terapeut dit nie op die kliënt moet afdwing nie.

#### **4.2.5 Kreatiewe aanpassing**

Kreatiewe aanpassing is die gestaltterm wat Sabar (2000:155) gebruik om die proses te beskryf wat individue gebruik wanneer hul 'n veranderende vereiste van die omgewing moet hanteer, byvoorbeeld weens 'n verlies. Kreatiewe aanpassing kan meer spesifiek beskryf word as die balans tussen die interne aanpassing ten opsigte van die omstandighede en die eksterne aanpassing om die omgewing te verander indien dit moontlik is (Yontef & Jacobs, 2000:303-339, soos aangehaal in Servaty-Seib, 2004:128). Yontef (1993:195) beskryf die

verhouding tussen die persoon en die omgewing, waar die persoon verantwoordelik kontak maak, herkenning gee en binne sy omgewing leef en verantwoordelik is vir die skep van omstandighede wat bevorderend is vir sy eie welstand. Persone wat kreatiewe aanpassing toepas, maak gebruik van toepaslike interne sowel as eksterne aanpassings volgens die hiërargiese behoeftes wat na vore tree.

Persone wat rou ervaar meestal (sien punt 2.3.1) ontkenning binne die eerste fase van die rouproses. Gestaltherapie is effektief ook tydens hierdie fase aangesien die terapeut altyd haar kliënt ontmoet op die vlak waar hy homself bevind. 'n Kliënt wat weerstand bied se weerstand word gerespekteer en gesien as 'n kreatiewe aanpassing teen die disekwilibrium of wanbalans wat geskep is deur die verlies (Sabar, 2000:157). Tydens die rouproses moet die persoon wat rou 'n nuwe balans vind, met die hulp van kreatiewe aanpassing in al die aspekte van sy lewe. Kreatiewe aanpassing van 'n persoon wat rou kan soos volg beskryf word: "Creative adjustment during mourning means adapting to 'what is', changing oneself and reorganizing one's environment to fit the new reality of the deceased person no longer being physically present (Sabar, 2000:161). Hierdie herorganisering sluit aan by Parkes se teorie waar daar van die persoon wat rou verwag word om aktief 'n verandering in sy lewe te laat plaasvind.

#### **4.2.6 Polariteite**

Polariteite kan gedefinieer word as: "Parts that are opposites that complement or explicate each other. The concept of polarities treats opposites as part of one whole" (Yontef, 1993:14). Polster en Polster (1973:251) se definisie van polariteite brei uit op die definisie van Yontef: "Polarities can represent the battleground between intellect and emotion, between competence and incompetence, between

brightness and stupidity, between dependability and irresponsibility and between maturity and immaturity.” Dus vir gesonde funksionering moet daar vir elke pool ‘n teenoorgestelde wees om sodoende ‘n balans te skep. Die konstante verskuiwing van balans tussen die pole is krities in die proses van kreatiewe aanpassing (Yontef & Jacobs, 2000:303-339, soos aangehaal in Servaty-Seib, 2004:129).

Wanneer ‘n persoon rou, moet daar ‘n konstante balans en ‘n gemaklike ritme wees tussen die vermyding van en aandag aan sy eie pyn sodat hy nie oorweldig of afgestomp word nie (Sabar, 2000:162). Sabar (2000:159) beskryf verder dat daar binne die rouproses veelvuldige ander voorbeelde is van polariteite byvoorbeeld, hartseer sowel as woede en ‘n smagting na die persoon. Oaklander (1978:158) ondersteun Sabar se opinie met betrekking tot polariteite en beskryf die verskillende polariteite wat ‘n adolessent mag ervaar. Die adolessent mag voel dat hy die dood ten volle verstaan, maar ten spyte daarvan voel hy ook verward. Hy ervaar tot ‘n mate blydskap omdat die persoon se lyding verby is, maar hartseer dat hy nie meer tyd saam met die persoon kan spandeer nie. Dus moet die persoon wat rou sy eie intensiteit van sy pyn reguleer. Die adolessent wat rou moet soms nie slegs sy eie pyn reguleer nie, maar ervaar ook angs oor die polariteite wat hy sien by die volwassenes rondom hom. Die adolessent mag dit moeilik vind om te verstaan hoe iemand na wie hy altyd opgekyk het en as ‘n sterk persoon gesien het, na ‘n verlies so swak en hulpeloos kan wees (Oaklander, 1978:157).

Die ritme tussen polariteite wat beskryf word in die gestaltbenadering sluit aan by die ritme wat daar behoort te wees tussen die twee stressore naamlik verlies-georiënteerde- en herstel-georiënteerde stressore binne die “Dual Process Model of coping with bereavement” (Stroebe & Schut, 2001, soos aangehaal in Servaty-Seib, 2004:128).

Volgens die model fokus die individu binne die verlies-georiënteerde stressor op die stressore spesifiek tot die verlies, byvoorbeeld die disintegrasie van toekomsplanne saam met die verlore persoon, die beëindiging van die verhouding en die tekort aan sosiale ondersteuning weens die verlies. In kontras word daar binne die herstel-georiënteerde stressor gefokus op stressore sekondêr tot die verlies, byvoorbeeld addisionele huishoudelike take, verminderde inkomste weens die verlies en veranderinge binne verhoudings met familie en vriende. Binne hierdie model is dit noodsaaklik dat die individu wat rou nie slegs fokus op een stressor nie, maar dat daar afwisselend aan beide tipe stressore aandag gegee word om sodoende te kan aanpas binne die omgewing (Servaty-Seib, 2004:127). Sodoende word aan sowel die behoefte om aan te beweeg na die verlies aandag gegee as aan die behoefte om gekonnekteerd te bly met dit wat was.

'n Soortgelyke ritme tussen periodes van konnektering en skeiding binne die rouproses word beskryf (Clark, 1982:59, soos aangehaal in Servaty-Seib, 2004:129). Binne die konnekterende periode gaan die persoon aan met sy daaglikse aktiwiteite, hul beplan, doen, eksplorieer en eksperimenteer. In kontras hiermee word 'n individu se aandag binne die tyd van skeiding gefokus op die impak van hul verlies. Hierdie ritme tussen konneksie en skeiding word soos volg beskryf: "Therapy flows back and forth during transition times between awareness of separating and awareness of connecting, between times of 'living' and times of 'dying" (Clark, 1982:59, soos aangehaal in Servaty-Seib, 2004:129). Oaklander (1978:158) stem saam met Clark dat bewustheid en begrip die sleutel is tot aanvaarding.

Ter afsluiting kan daar ook betekenis gevind word in die polariteit dat die pyn van die verlies die ander kant van liefde vir die persoon is. Die



persoon wat bewus raak hiervan, ondervind 'n gevoel van dankbaarheid vir die spesiale verhouding wat daar was (Sabar, 2000:162).

#### **4.2.7 Balans**

Indien 'n persoon 'n bepaalde aspek van die psigiese agtergrond onderdruk en nie toelaat om 'n figuur op die voorgrond te word nie, kan die polariteit nie vloei nie. 'n Konstante balans moet daarom gehandhaaf word tussen die uitdrukking van beide dimensies van verlies, sowel as die restorasie na verlies (Servaty-Seib, 2004:129). Balans is nodig wanneer 'n persoon na 'n verlies moet sin maak uit sy lewe. 'n Gekompliseerde balans is nodig tussen herdefiniëring van die self sowel as 'n herevaluering van 'n persoon se eie interaksie met die wêreld (Neimeyer, 2001:263, soos aangehaal in Servaty-Seib, 2004:129). Die konsep van balans sluit grootliks aan by polariteit, aangesien daar 'n konstante vloei moet wees tussen polariteit, wat sodoende lei tot 'n balans.

#### **4.2.8 Verantwoordelikheid**

Verantwoordelikheid is 'n belangrike konsep in die gestaltbenadering. Alle individue moet besluite oor hul eie lewens neem en identifiseer hoe hul die besluite geneem het, selfs al is dit moeilik. Verantwoordelikheid word soos volg beskryf: "To be responsible means to be the author of one's own life design" (Sartre, [g.d], soos aangehaal in Servaty-Seib, 2004:130). Die sleutel tot suksesvolle aanpassing in Perls se teorie is die ontwikkeling van persoonlike verantwoordelikheid. Die verantwoordelikheid vir jou eie lewe sowel as jou eie reaksie op die omgewing (Thompson & Rudolph, 1992:111) word hierby ingesluit. Yontef (1993:13) is van mening dat gestaltterapie vir elke persoon die reg gee om te kies: "Gestalt

therapy helps patients discover what is moral according to their own choice and values” (Yontef, 1993:13).

Die uitdaging binne gestaltterapie is om die adolessent te beweeg van omgewingsondersteuning na selfondersteuning (George & Christiani, 1995:71). Selfondersteuning vind op verskillende vlakke plaas, byvoorbeeld op 'n praktiese vlak waar die adolessent sekere van sy broer of suster se huishoudelike take moet oorneem. Op 'n dieper vlak behels selfondersteuning dat die adolessent se self moet verander, dat innerlike grense in terme van identiteit en rolle moet verander om sodoende te kan aanpas by die leemtes wat na die verlies gelei is (Sabar, 2000:161). Alhoewel die terapeut die adolessent help in die fasilitering van groei en selfontdekking is dit noodsaaklik dat die adolessent beseft dat die gestaltterapeut nie die verandering vir hom gaan maak nie (George & Christiani, 1995:71).

#### **4.2.9 Hier-en-nou belewing**

Bewustheid vind binne die terapisessie *nou* plaas. Die hede is volgens Yontef (1993:18) 'n konstante afwisseling tussen die verlede en toekoms. “Nou” verwys na die spesifieke moment. Wat vroeër die uur gebeur het word nie hierby ingesluit nie. In gestaltterapie word die kliënt georiënteer tot sy ervaringe binne die huidige oomblik. Die gestaltterapeut vra nooit “hoekom” vrae nie, aangesien dit intellektualisering aanmoedig terwyl “hoe” en “wat” vrae die klem in die hier en nou en op funksionering plaas. Die terapeut wil ten alle tye die kliënt bewus maak van sy emosies, gedrag, gevoelens en sensasies in die nou oomblik (George & Christiani, 1995:72).

Volgens Sabar (2000:166) bestaan daar twyfel oor die integrasie van die gestaltbeginsel van die hier-en-nou belewing en verliesberading. Die rede hiervoor is dat die verliesberader tipies die kliënt deur die

take van rou probeer help. Sabar (2000:166) is egter van mening dat die persoon wat 'n verlies ervaar het selde van die een fase van rou tot die volgende beweeg sonder om weer terug te keer na 'n vorige fase. Die fokus binne die gestaltterapeutiese sessie word geplaas op die kliënt se subjektiewe ervaring in die hier-en-nou en die verwagting is dat dit spontaan lei tot verandering en groei (Sabar, 2000:166). Die hier-en-nou belewing word verder verduidelik aan die hand van selfbewustheid.

#### **4.2.10 Selfbewustheid**

Die bewusmakingsproses van 'n kliënt is een van die hoekstene van gestaltberading. Volgens Yontef (1993:144-145) kan bewustheid soos volg gedefinieer word:

Awareness is a form of experience which can be loosely defined as being in touch with one's own existence, with what is... the person who is aware knows what he does, how he does it, that he has alternatives and that he chooses to be as he is.

Om deur die rouproses te werk, moet die persoon dus eers bewus word en aanvaar dat sy omstandighede weens die verlies vir ewig verander het en dat sy lewe nooit weer dieselfde sal wees nie. Hierdie proses, naamlik om van ontkenning te beweeg na bewustheid en later aanvaarding, is nie maklik nie.

Dus kan bewustheid verder beskryf word as die nie-verbale wete van wat hier-en-nou gebeur (Joyce & Sills, 2001:27). Een van die belangrikste take van 'n terapeut word deur Joyce en Sills (2001:28) beskryf as die bewusmakingsproses in die kliënt. 'n Bewustheid moet gekweek word van wat hy voel en dink, hoe hy optree, wat in sy liggaam aangaan en watter sintuie hy beleef asook bewustheid van hoe hy kontak maak asook sy verhoudings met ander mense. Enige teenstrydighede tussen die kliënt se verbale en nie-verbale

kommunikasie word ook deur bewustheid aangespreek (Harman, 1975:365). Al hierdie aspekte beïnvloed nie slegs die omgewing en gemeenskap nie, maar ook die persoon self. Bewustheid is daarom 'n deurlopende proses wat bydra tot die genesende faktore binne die terapeutiese proses. Observasie van die persoon se liggaamstaal is volgens Perls (1971, soos aangehaal in Thompson & Rudolph, 1992:113) 'n beter aanduiding van die waarheid as die persoon se woorde. Verder is dit noodsaaklik om die persoon bewus te maak van sy nie-verbale gedrag. Volgens Thompson en Rudolph (1992:113) is die sentrale doel van gestaltterapie die verdieping van bewustheid, wat in die hier-en-nou uitgeleef moet word.

Die volgende aspekte wat deur Joyce en Sills (2001:29) uitgelig word as belangrik binne die terapeutiese proses, is in ooreenstemming met die doel van gestaltterapie volgens Thomson en Rudolph (op cit):

- Bly in die hier-en-nou.
- Verskerp en brei bewustheid uit as deel van die deurlopende ervaring.
- Fokus bewustheid op dit wat verklein word as onbelangrik of vermy word.
- Probeer om die kliënt bewus te maak van sy asemhaling, om te fokus op hoe hul op die oomblik voel, om bewus te raak van wat hul op die oomblik dink, of bewus te raak van 'n bepaalde deel van die liggaam waarvan daar geen bewustheid was nie.

Hierdie intervensies word nie gebruik om die kliënt se ervaring te verander nie, maar om die hier-en-nou holistiese bewustheid te herbou en versterk (Joyce & Sills, 2001:29). Die terapeut se teenwoordigheid en die wyse waarop hy die kliënt ondersteun is belangrik. Attig (2002:14) se beskrywing van die taak van die terapeut sluit aan by Joyce en Sills se intervensiemetodes:

They must let go of any desire to eliminate or enable us to entirely overcome our hurt and recognize that much of our grieving is about learning to carry pain. They can offer their presence. In it, they can listen, validate, and normalize the full range of our painful experiences.

Wanneer die kliënt homself bevind in 'n omgewing of terapeutiese milieu wat warm, sonder oordeel en ooreenstemmend is, kan die proses van selfbewustheid begin. Selfbewustheid lei tot insig en die ontdekking van betekenis wat die ontwikkeling van doelwitte vir verandering tot gevolg het (Tschudin, 1997:7).

Wanneer 'n verlies ervaar word kan 'n persoon weens die vasgestelde gestalte, gedagtes en herinnering so geabsorbeer word in sy take of gedagteprosesse dat hy onbewus raak van homself en sodoende kontak met sowel homself as die omgewing verloor. Om hierdie rede is dit noodsaaklik dat die terapeut wat met kliënte werk wat 'n verlies ervaar het, hul bewus sal maak van hul daaglikse ervarings van die hier-en-nou. Veranderinge wat noodsaaklik is vir die genesende proses kan nie gemaak word as daar nie bewustheid is nie. Hamilton (1997:60) stel dit soos volg: "Any process of change needs to be done in awareness on your part as well as others". Hierdie is dus nie 'n gedwonge verandering nie, maar kliënte se bewuswording van wie en wat hulle in die hier-en-nou is.

Die beste wyse waarop die sukses van gestaltterapie gemeet kan word, is die mate waartoe die persone in terapie gegroei het in bewustheid, verantwoordelikheid neem vir hul eie aksies en instaat is om van omgewing-ondersteuning te beweeg na selfondersteuning (Thompson & Rudolph 1992:113). Die doel van gestaltterapie is volgens Yontef (1993:1) dat kliënte bewus sal word van wat hulle doen, hoe hulle dit doen en hoe hulle hulself kan verander en

terselfdertyd te leer om hulself te aanvaar en waardeer. Dus sluit die gestaltdoel aan by die einddoel van Kübler-Ross se teorie wat behels dat die kliënt aanvaarding bereik van sy verlies of die omstandighede in sy lewe.

#### **4.3 SAMEVATTING**

Verliese affekteer elke vlak van funksionering. Die gestaltterapeut poog om haar kliënt te lei van omgewings-ondersteuning, waar hy sterk leun op die ondersteuning van sy sosiale netwerk na selfondersteuning waar hy selfregulerend is en groei spontaan plaasvind. Kreatiewe aanpassing is die proses waarbinne die kliënt wat rou nuwe aanpassings vind in al die vlakke van sy funksionering om sodoende die wanbalans wat geskep is weens die verlies te herstel. Een van die belangrikste take van die gestaltterapeut is om haar kliënt bewus te maak van sy emosies, gedagtes, gestaltes en herinneringe na die verlies. Assimilasie en latere aanvaarding kan nie plaasvind as bewuswording nie plaasgevind het nie. Hierdie hoofstuk bevestig die integrasie van die gestaltbenadering met verliesberading en staaf die effektiwiteit daarvan in die hantering met kliënte wat 'n verlies ervaar het.

## HOOFSTUK 5

### EMPIRIESE GEGEWENS EN NAVORSINGSBEVINDINGS

#### 5.1 INLEIDING

Wanneer 'n verlies ervaar word, moet in gedagte gehou word dat die persoon nie slegs die verlies as sodanig moet hanteer nie, maar ook die verlies aan dít wat kon gewees het. Hierdie verliese sluit die verlies in aan 'n lewendroom, wat kan verhoed dat verliese verwerk word, indien dit nie ook gerou word nie. Die hantering van verbroke drome is vir baie mense die voorvereiste om weer te begin droom. Klaarblyklik is daar 'n behoefte aan 'n beter begrip van wat aanleiding gegee het tot die keerpunt in dié persone se lewens wat wel 'n nuwe lewendroom herskep het. Wanneer daar 'n beter begrip is van die verlies aan 'n lewendroom en die aspekte wat 'n keerpunt tot gevolg gehad het, kan die terapeut haar kliënt begelei na 'n groter bewustheid van sy eie behoeftes, drange of drome.

Die probleemstelling kan soos volg saamgevat word. Die terapeut in praktyk wat verliesberading doen, is enersyds nie bewus van die effek van verlore drome in haar kliënt se lewe nie en andersyds beseft sy nie dat daar faktore is wat 'n keerpunt kan bring in die bou van nuwe lewendrome nie. Terapeute is moontlik onbewus van die wyses waarop kliënte effektief ondersteun en begelei kan word om nuwe lewendrome te skep.

Die volgende werkswyse is gevolg om sodoende die keerpunt na 'n verlies by 'n adolessent te beskryf. 'n Omvattende literatuurstudie is gedoen en kenners is geraadpleeg ten einde inligting en kennis in te win rakende verskillende verliese, die ontwikkeling van die adolessent en die gestaltterapeutiese benadering tot die adolessent en verliese.

Verder is semi-gestruktureerde onderhoude gevoer met adolessente, waartydens algemene inligting met betrekking tot ouderdom, graad en hul verlieservaring verkry is, voordat daar aanbeweeg is na meer spesifieke vrae. Waarnemings is gemaak tydens hierdie onderhoude. Alle inligting verkry deur die onderhoude is getranskribeer en in beskrywende vorm uiteengesit. Hierdie inligting is getrianguleer en gekorreleer met inligting wat deur middel van 'n literatuurkontrole ingewin is. Hierdie hoofstuk fokus op die empiriese data wat ingesamel is sowel as die literatuurkontrole.

## **5.2 RESULTATE VAN DIE STUDIE**

Die inligting wat gedurende hierdie studie verkry is, en die literatuurkontrole word vervolgens bespreek.

### **5.2.1 Identifiserende besonderhede**

Die elf adolessente wat aan hierdie studie deelgeneem het, was almal leerders van 'n Hoërskool in Pretoria, Gauteng, Suid-Afrika. Al die adolessente wat deelgeneem het aan die studie was Afrikaanssprekend en van dieselfde kultuur. Hierdie is 'n kwalitatiewe studie en slegs 'n klein steekproef is gebruik, gevolglik sal response nie persentasiegewys uitgedruk word nie.

Al die adolessente wat deelgeneem het aan die studie het 'n verlies ervaar drie tot tien jaar gelede. Weens die kettingreaksie wat bepaalde verliese tot gevolg het, was daar wel van die adolessente wat 'n addisionele verlies ervaar het in die laaste jaar tot vier maande. Die geslagverspreiding was eweredig versprei met ses vroulik en vyf manlike respondente. Verbande is nie getrek tussen die geslag van die respondente en die hantering van die verliese nie.

Die ouderdomsverspreiding was soos volg; agt respondente was agtien jaar oud en een respondent was sewentien jaar oud, wat hulle



binne die laat adolessensie fase plaas. Een respondent was vyftien jaar oud, wat hom binne die middel adolessensie fase plaas en een respondent was veertien jaar oud wat haar binne die oorgangsfase tussen vroeë adolessensie- en middel adolessensie fase plaas. Soos beskryf in hoofstuk 3 bestaan daar verskillende menings oor die fases van adolessensie. Volgens Louw *et al.* (1990:69) is die aanvangsouderdome van adolessensie tussen elf en dertien jaar, terwyl die einde van adolessensie tussen die ouderdomme van sewentien en een-en-twintig jaar val.

Die verskillende verliese wat ervaar is, is soos volg: Die grootste hoeveelheid adolessente se ouers is geskei (sewe uit die elf adolessente). 'n Klein hoeveelheid van die adolessente het 'n geliefde aan die dood afgestaan (vier uit die elf adolessente) en een adolessent beskryf die dood van 'n troeteldier. Een van die adolessente se ouers het verhuis na Hongkong, en een van die adolessente is van haar ouerhuis verwyder en is tans in pleegsorg. Een adolessent is seksueel misbruik en het veelvuldige verliese na aanleiding van hierdie insidente. Een adolessent het 'n besering opgedoen tydens rugby wat daartoe gelei het dat hy nie meer aan kontak sport mag deelneem nie. Meeste adolessente het veelvuldige verliese ervaar, byvoorbeeld, egskeiding sowel as dood van 'n geliefde, of egskeiding sowel as verhuising.

### **5.2.2 Spesifieke waarnemings tydens semi-gestruktureerde onderhoude**

Tydens die afneem van die onderhoude, is kantnotas gemaak van spesifieke waarnemings binne die aflegging van die onderhoud. Die volgende is van toepassing:

### 5.2.2.1 Groepsdinamika

Die onderhoude is sowel individueel as binne groepsverband afgeneem. Van die adolessente was slegs bereid om binne groepsverband deel te neem. Die groep het bestaan uit sewe adolessente. Hierdie groep was 'n vriendekring wat gemaklik met mekaar was en mekaar se omstandighede geken het. Kohesie in die groep is hierdeur beïnvloed. Die feit dat die groepslede spontaan deelgeneem het, toon dat adolessente soms beter kommunikeer binne groepsverband. Volgens Tosone, Gelman en McVeigh (2005:416) funksioneer adolessente beter binne groepsverband as gevolg van hul behoefte aan vriende se ondersteuning en goedkeuring. Volgens Tosone *et al.* (2005:420) baat adolessente spesifiek by die volgende genesende faktore van Yalom (1995:1): Altruïsme, katarsis, universaliteit en installing van hoop. Binne hierdie groep is gevind dat universaliteit 'n groot rol gespeel het. Eksistensiële faktore, soos beskryf deur Yalom (1995:173-174) naamlik, dood, vryheid, isolasie en sinneloosheid, het die dood as die mees algemeenste faktor, binne die groep na vore gekom. Die werk van Yalom word deurgaans aangehaal met betrekking tot groepe en groepsdinamika, aangesien sy teorieë as van die mees invloedrykste publikasies in psigoterapie beskou word.

Een van die groepslede het nie gedurende die verloop van die groep verbaal deelgeneem nie. Sy het geen insette gelewer nie en gevolglik is daar geen inligting met betrekking tot die verlies wat sy ervaar het, die gevolge daarvan, of haar lewensdrome nie. Verskeie redes bestaan waarom hierdie lid moontlik nie deelgeneem het aan die gesprek nie. Yalom (1995:376) beskryf die verskillende redes vir die 'stil pasiënt' soos volg: Sekere persone mag selfonthulling vermy, ander het soveel konflik met hul eie aggressie dat hul voel hul sal nie instaat wees om selfgeldend deel te neem aan die gesprek nie, party

persone het 'n lae selfbeeld en is van mening dat hul nie instaat is daartoe om binne groepsverband te praat nie, ander persone hou hul afstand van die groep deur hul stilte en laastens is daar persone wat binne groepsverband stil is, slegs weens die teenwoordigheid van 'n ander groepslid. Die groepslid se behoefte tot privaatheid en haar onwilligheid om te kommunikeer is gerespekteer en die onderhoudvoerder het nie direkte vrae aan haar gestel nie.

Dominerende groepslede het leiding geneem en lede wat slegs gepraat het wanneer hulle aangespreek was, se opinie is minder gereeld gehoor. Yalom (1995:370) noem dat die dominerende groepslid of monopolis 'n nadelige effek het op die res van die groep. Die probleme wat deur hierdie lid beskryf word, is meestal erger as die probleme van die res van die groep, met die gevolg dat die res van die groep mag voel dat hul verliese niks is in vergelyking met die verliese wat deur dié persoon gely is nie. Die groepslede het egter binne die groep verskillende menings openlik bespreek ten spyte daarvan dat dit soms tot konflik gelei het. Binne groepsverband was die adolessente verplig om verantwoordelikheid te neem vir hul stellings aangesien die medegroepslede hul stellings bevraagteken het of van hul verskil het. Oaklander (1978:288) beskryf groepe as die omgewing waarin die adolessent bewus moet raak van sy interaksie met ander, moet leer om verantwoordelikheid te neem en kan eksperimenteer met nuwe gedrag.

#### **5.2.2.2 Individuele onderhoude**

Tydens die individuele onderhoude is die waarneming gemaak dat dit langer geneem het om die respondente op hul gemak te stel voordat die onderwerp bespreek is. Hierdie adolessente het verder meer uitgebrei oor hul persoonlike omstandighede wat nie-bedreigend is nie soos hul stokperdjies en verhoudings met die ander geslag. Hierdie

waarneming verskil van die onderhoude binne groepsverband. Hulle het wel met verloop van tyd meer gemaklik geraak en spontaan op al die vrae geantwoord en uitgebrei.

### **5.2.2.3 Angs en spanning**

Drie van die vier respondente met wie individuele onderhoude gevoer is, het angstig en senuweeagtig voorgekom. Een adolessent het gehakkel en het meer angs ervaar rondom die bespreking van sy verlies. Selfbeeld en angs is volgens Corr (1995:23) samehangend. Verhoogde angs kom volgens studies gedoen op dertien- tot sestienjariges voor tydens hierdie lewensfase by individue wat 'n swak selfbeeld het. Hierdie angs is nou verwant aan vrese vir die dood. Adolessente met 'n goeie selfbeeld het tydens hierdie studie laer angsvlakke gehad.

Volgens Perls ([g.d], soos aangehaal deur George & Christiani, 1995:67) ervaar 'n persoon angstigheid wanneer hul nie in die hier-en-nou bly nie, maar hulle gedagtes heeltemal in beslag geneem word met die toekoms en hulle gedurig verwag dat slegte goed gaan gebeur. Indien dit gebeur, is die persoon so gefokus op die toekoms dat hul geïmmobiliseer word in die hier-en-nou en nie aktiewe keuses in hul huidige omstandighede kan maak nie. Perls se stelling kan 'n verdere moontlike verklaring wees vir die adolessente se angs. Angstigheid is nie waargeneem tydens die onderhoud binne groepsverband nie.

### **5.2.2.4 Selfbeeld**

Tydens die individuele onderhoude is daar opgemerk dat sekere van die respondente kenmerke van 'n lae selfbeeld toon. Kenmerke van 'n lae selfbeeld is volgens Oaklander (1978:281) onder andere: Selfkritiek, naragtige gedrag, aandagsoekende gedrag, anti-sosiale

gedrag, onttrekking, blamering van ander, maak verskonings vir alles, onvermoë om keuses te maak of “nee” te sê of wantroue in ander. Verder kan dit wees dat sommige van die adolessente binne die groepsverband ook minder deelgeneem het, weens ‘n lae selfbeeld. ‘n Lae selfbeeld het volgens Wilburn en Smith (2005:34) ‘n invloed op ‘n adolessent se hanteringsbeginsels van stressore, wat daartoe kan lei dat hulle meer kwesbaar is na ‘n verlies. Verder blyk dit uit studies van Wilburn en Smith (2005:37) dat adolessente wat vir ‘n verlengde tydperk blootgestel is aan ‘n stressor, soos ‘n onafgehandelde verlies, op die langduur ly aan kenmerke van ‘n swak selfbeeld.

#### **5.2.2.5 Behoefte om tevrede te stel**

Die moontlikheid dat adolessente in die individuele onderhoude die behoefte gehad het om die onderhoudvoerder se goedkeuring te kry, is oorweeg. Gevolglik het hulle gesê wat hulle dink gehoor wil word. Een adolessent het alles wat die onderhoudvoerder gesê het aanvanklik beaam. In ‘n gesprek is daar verwys na ‘n geval waar ‘n rugbyspeler ‘n besering opdoen wat daartoe lei dat hy sy droom moes opgee om ‘n Springbok rugbyspeler te word. Die adolessent se antwoord op die vraag oor lewensdrome was dat dit ook sy droom was om ‘n rugbyspeler te word, maar dat hy seergekry het tydens ‘n wedstryd en daarom nie meer die droom kan najaag nie. Onsekerheid bestaan dus of dit werklik die adolessent se eie of ideale lewensdroom is.

#### **5.2.2.6 Kognitiewe vermoë**

Die kognitiewe vermoë van die adolessente speel ‘n rol in hul vermoë om die verband te trek tussen verlies en lewensdrome. Hierdie punt word gestaaf deur Kaplan en Sadock (1998:69), wanneer hulle ‘n direkte verband beskryf tussen ‘n adolessent se vermoë om die dood te verstaan en sy vermoë om abstrakte konsepte te begryp. Die

adolesseent se kognitiewe denke en vermoëns om abstrak te dink, het dus 'n effek op hul begrip van 'n verlies van 'n lewensdroom. Nie al die adollesente kon hierdie verband trek nie en het gevolglik dit moeilik gevind om die vraag of hul lewensdrome verander het na die verlies voldoende te beantwoord.

#### **5.2.2.7 Hier-en-nou**

'n Duidelike verskil tussen die adollesente wat nie instaat is om in die hier-en-nou te leef nie, teenoor die wat slegs in die hier-en-nou funksioneer, is waargeneem tydens die onderhoude. Die waarneming is verder gemaak dat vier adollesente glad nie instaat was om deur hul verlies te werk nie. Alhoewel hierdie verliese sewe jaar tot een jaar terug plaasgevind het, was hierdie vier adollesente steeds vasgevang binne die woedefase van die rouproses soos deur Kübler-Ross (1969:44) beskryf en het hulle deurlopend terugverwys na die verlies en die onregverdigheid daarvan. Hulle het nog nie verantwoordelikheid geneem vir hul eie emosies en rou nie. Die sentrale doel van gestaltterapie is volgens Thompson en Rudolph (1992:113) die verdieping van bewustheid, wat die persoon aanmoedig om ten volle in die hier-en-nou te leef en die aanvaarding van verantwoordelikheid vir hulself. Volgens Kelly (1995:5) kan adollesente wat nie ten volle hul verlies aan veiligheid en sekuriteit gerou het nie, voel dat hulle magteloos is en dus nie hul pyn en vrees konfronteer nie. Hierdie adollesente het nog nie persoonlike integrasie bereik nie.

Verder is gevind dat die jonger respondent hoofsaaklik binne die hier-en-nou funksioneer het en hoofsaaklik die onderhoud gesien het as die geleentheid om haar huidige omstandighede en dag se gebeure met die onderhoudvoerder te deel. Sy het deurgaans kontak verbreek en weer kommentaar gelewer oor wat gedurende die dag gebeur het.

Die moontlikheid moet in ag geneem word, dat hierdie adolessent nog nie instaat is om oor haar verlies te praat nie en dat sy die hier-en-nou gebruik het om haar te beskerm teen die meer bedreigende inhoud van die verlede.

#### **5.2.2.8 Invloed van die vriendekring**

Tydens die onderhoude het dit na vore gekom dat die vriendekring vir meeste adolessente meer belangrik is as die gesin en familie. (Louw *et al.*, 1990:74; Kaplan & Sadock, 1998:45). Die waarneming is verder gemaak dat die verlies van vriende, vir die adolessent meer traumaties mag wees as die egskeiding van sy ouers. Meer as die helfte van die respondente het kommentaar gelewer oor die belangrikheid van vriende gedurende 'n moeilike tydperk van hul lewens. Meer inligting is binne die groepsverband verskaf en die mening bestaan dat die gemaklikheid en vrymoedigheid van die vriendekring daartoe bygedra het.

#### **5.2.3 Analise van Semi-gestruktureerde onderhoude**

Die semi-gestruktureerde onderhoude het gefokus op bepaalde temas. Die volgende is 'n bespreking van die respondente se reaksies op die vrae geïntegreerd met literatuur en kenners se opinies.

##### **5.2.3.1 Uiteensetting van die omstandighede rondom die verlies**

Die volgende verliese is deur die adolessente ervaar:

- Verlies weens egskeiding, dus 'n verlies aan 'n familie of huishouding (sewe adolessente).
- Verlies aan 'n geliefde, spesifiek 'n pa, oupa en broer (vier adolessente).
- Verlies aan 'n troeteldier (een adolessent).
- Verlies aan ouers weens verwaarlosing en gevolglik plasing in pleegsorg (een adolessent).

- Verlies aan onskuld en sekuriteit weens seksuele misbruik (een adolessent).
- Verlies aan 'n gemeenskap, tuiste, omgewing of vriende weens verhuising (twee adolessente het spesifiek daarna verwys).
- Verlies aan 'n talent of tydsverdryf weens 'n besering (een adolessent).
- Verlies aan 'n nabye ondersteuningsstelsel weens die verhuising van sy gesin (een adolessent).

Die volgende gevoelens, emosies en konsepte is deur die adolessente uitgelig:

- Skuldgevoelens (drie adolessente).
- Woede (drie adolessente).
- Hartseer, depressie (drie adolessente).
- Middelmisbruik (drie adolessente).
- 'n Onvermoë om die omstandighede te verstaan (twee adolessente).
- Risikonemende gedrag (twee adolessente).
- Onregverdigheid (twee adolessente).
- 'n Onvermoë tot aanvaarding (twee adolessente).
- Die behoefte aan isolasie (twee adolessente).
- Haat (een adolessent).
- Intense verlange (een adolessent).
- Hulpeloosheid, "moes net *cope*" (een adolessent).
- Simptome van post-traumatiese stres (een adolessent).

Bogenoemde korreleer met literatuur wat daarop wys dat adolessente verskeie reaksies toon na 'n verlies: Perry (2000:66) is van mening dat die mees algemene verliese wat deur kinders en adolessente ervaar word; dood, verhuising en egskeiding is. Die skrywer se mening word beaam aangesien meeste van die respondente binne hierdie kategorie geval het. In die geval van beide dood en egskeiding



is verhuising gewoonlik 'n volgende verlies wat bydra tot 'n kettingreaksie van verliese. Volgens (Wells, 1988, soos aangehaal in Hallam & Vine, 1996:61) is tipiese manifestasies van emosies by adolessente onder andere hartseer, woede en skuld. Hierdie emosies het ook in die onderhoude die hoogste voorkoms getoon. Skuldgevoelens kom volgens Conrad (1991:140) veral voor na 'n verlies weens dood of egskeiding. Skuldgevoelens kom normaalweg voor by adolessente binne sy ontwikkeling, naamlik onttrekking en rebellie. Respondente het in die onderhoude nie melding gemaak van skuldgevoelens weens hul gedrag na die verlies nie, maar eerder skuldgevoelens oor dit wat hulle nie gedoen of gesê het voor die verlies plaasgevind het nie. Veral in die geval waar 'n geliefde selfmoord gepleeg het, is daar spesifieke onafgehandelde besigheid by al die familielede.

Volgens Deveau (1995:71) is die woedeuitbarstings, veral van dogters verwant aan die veg-of-vlug reaksie wat voorkom met die ervaring van 'n verlies. Woede is verder die tweede stadium van rou volgens Kübler-Ross (1969:44) se rouproses model. Woede kan ook verwant wees aan die verlies aan beheer wat 'n adolessent ervaar. Literatuur dui daarop dat adolessente hul eie liggaam en beperkinge toets tydens hoë risiko gedrag (Deveau, 1995:72). Tydens die onderhoude is gevind dat veral die adolessent in die laat adolessensie fase geneig is om meer onverskillig op te tree. Hierdie gedrag gaan verder gepaard met die misbruik van alkohol en ander middels soos kalmeer- en slaapmiddels. McIlwraith (2001:8) is van mening dat die misbruik van slaap- en kalmeermiddels dikwels die gevolg is van depressie na 'n verlies. Tosone *et al.* (2005:416) dui daarop dat adolessente wat blootgestel is aan trauma 'n afname in akademiese prestasie toon asook aggressie, hoë-risiko seksuele gedrag en middelmisbruik of -afhanklikheid. Ander korttermynprobleme wat gevolglik ontwikkel mag

insluit: slaapprobleme, angs, weier om skool toe te gaan, aanpassingsreaksies, simptome van post-traumatiese stres versteuring sowel as hartseer of depressie en 'n sin van 'n verkorte toekoms insluit (Tosone *et al.*, 2005:416).

Die behoefte aan isolasie is uitgewys deur die adolessente wat die behoefte gehad het om in isolasie te huil of treur. Adams (2002:30) beskryf dat hierdie behoefte aan isolasie 'n effek het op hul interpersoonlike verhoudings met hul vriende. Tydens die afneem van die onderhoude is daar egter nie ondervind dat die adolessent se vriendskappe beïnvloed is deur hul behoefte aan isolasie nie. 'n Intense verlange en gepaardgaande hartseer word sterk aangedui deur een respondent. Adolessente is instaat om die toekomseffek van dit wat hul verloor het, te kan waarneem (Conrad, 1991:140). Die adolessent noem dat, alhoewel sy stiefpa vir hom en sy ma goed is, hy steeds nie die leemte wat gelaat is deur sy pa se dood kan vervang nie. Hierdie adolessent rou steeds die verlies aan 'n vaderfiguur en hierdie proses sal waarskynlik deur die loop van sy lewe met die binnetreding van elke nuwe lewensfase na vore kom. Perry (2000:67) staaf hierdie stelling deur die volgende: "The child has, in some sense, a lifelong task of working and re-working, experiencing and re-experiencing the loss. The missing family member shadows each holiday, each family event."

Die adolessent wat haar hulpeloosheid sterk aangedui het, het deurlopend daarna verwys dat sy "net moes *cope*". Uit literatuurstudies (Conrad, 1991:140) blyk dit dat dit algemeen is onder adolessente om 'n masker van onafhanklikheid voor te hou en die indruk te skep dat hulle die situasie goed hanteer. Hierdie adolessente doen dit om hul ouers te beskerm. Die respondent het spesifiek melding gemaak van die feit dat haar ma na die egskeiding

so swak was, selfs 'n senuwee ineerstorting gehad het en dat sy 'n grootmens in 'n kind se lyf was. Sy moes vir haar ma sorg. Wanneer dit gebeur dat adolessente hul eie emosies onderdruk om familieleden te ondersteun, is hulle meer geneig tot onafgehandelde rou. Joyce en Sills (2001:130) beskryf dat kliënte wat 'n verlies ervaar het en konstant daarvoor fantaseer of dink, 'n onafgehandelde besigheid het. Die gevolg is 'n gevoel van ongemak, frustrasie of woede. Indien die onafgehandelde besigheid nooit aangespreek word nie, kan die persoon dit later vergeet, maar omdat die natuurlike proses van sluiting verbreek is, kan situasies in die toekoms bewustheid van die emosies opwek wat weereens kan lei tot ongemak of in sommige gevalle post-traumatiese stres (Joyce & Sills, 2001:130). Bogenoemde adolessent toon steeds woede en haat en blyk nie haar nuwe omstandighede te aanvaar nie. Hierdie woede waarmee adolessente manifesteer gee aan hul 'n sin van mag teenoor hul hulpeloosheid en vrees (Conrad, 1991:140). Die adolessente het in baie gevalle tot 'n mate reeds die kognitiewe gevolge van hul verlies verwerk, maar nie die affektiewe gevolge nie.

### **5.2.3.2 Beskrywing van lewensdrome in die algemeen**

Vanuit die tien respondente wat aktief deelgeneem het, was ses adolessente in staat om 'n droom vir die lewe te identifiseer. Hierdie drome was egter nie duidelik gedefinieer nie en in sekere gevalle onrealisties. Slegs een van die adolessente het 'n sterk behoefte aangedui om haar lewensdroom te bewaarheid.

Die volgende lewensdrome is deur die respondente aangedui:

- Om in 'n "*Live band*" te speel voor 'n skare mense.
- Om na New York in Amerika te gaan en daar te gaan bly en werk.
- Om 'n Springbok rugbyspeler te word.
- Om 'n sanger te word.

- Om 'n professionele beroep te beoefen soos 'n maatskaplike werker, prokureur, of sielkundige en om te trou en kinders te kry.
- Om universiteitstoelating te verkry en te studeer om 'n chiropraktisyn te word.

Duidelike gedefinieerde en realistiese lewensdrome met betrekking tot beroepskeuses, waar hulle hulself wil bevind in die opeenvolgende jare, saam met wie hul wil wees, of hoe hulle die res van hul lewe wil spandeer na skool, het by meeste ontbreek. Alhoewel 'n paar van die adolessente wel 'n droom kon opnoem, was slegs een adolessent oortuig dat sy 'n chiropraktisyn wil word en dat sy nou goeie punte moet kry, vir keuring en universiteitstoelating. Sy was die enigste respondent wat spesifiek genoeg was oor haar droom en die verantwoordelikheid geneem het in die hier-en-nou om haar lewensdroom waar te maak in die toekoms.

Vanuit die empiriese navorsingsbevindinge blyk dit dus dat adolessente nie instaat is om lewensdrome en dus die verlies daarvan te beskryf nie. Kundiges is geraadpleeg wat ervaring het met adolessente en verskillende opinies is ingewin. Le Roux (2005) is van mening dat adolessente in die jaar 2005 se toekomsvisie en bewustheid van hoop beïnvloed word deur die huidige omstandighede in Suid-Afrika. Die ekonomiese omstandighede, akkommodasie probleme, hoë werkloosheidsyfer en ander meer globale faktore soos terrorisme en "global warming" speel 'n rol in die adolessent se wanhoop vir die toekoms. Prinsloo (2005) stem saam met Le Roux en is ook van mening dat hoë statistieke van VIGS, veral in Suid-Afrika 'n verdere bydrae het. Le Roux se opinie word verder gestaaf deur literatuur. Volgens Abrams *et al.* (2005:286) word individue huidiglik grootliks beïnvloed deur verskillende kulture, gemeenskapsopinies asook globale gebeurtenisse soos oorlog, 'n verhoogde insidensie van egskeiding, armoede, rassisme en omgewingsake. Bogenoemde het

'n matige- tot drastiese effek op elke individu se hantering van stressore (Abrams *et al.*, 2005:286). Hierdie wanhopige beeld, wat beklemtoon word deur die media of deur ouers, kan veroorsaak dat adolessente geneig kan wees tot depressie. Abrams *et al.* (2005:286) beskryf dat adolessente depressie mag ontwikkel juis weens hierdie eksterne faktore tot hul direkte omgewing. Die DSM-IV (Kaplan & Sadock, 1998:544) se kriteria vir major depressie sluit onder andere die volgende in: Gevoelens van waardeloosheid, hulpeloosheid, uitputting en tekort aan energie asook 'n afname in konsentrasie en besluitname. Hierdie tipiese gedragsmanifestasies kan moontlik 'n verdere oorsaak wees vir die afname in toekomsbeplanning of tekort aan lewensdrome by adolessente.

Huidiglik is daar soveel faktore wat wêreldwyd ingedagte gehou moet word wanneer daar gekyk word na adolessente se persepsie van hoop vir die toekoms en gevolglik lewensdrome. In 'n studie deur Halpern-Felsher en Millstein (2002:308-311) soos aangehaal in Tosone *et al.* (2005:417) is verskeie adolessente se persepsies oor die dood ondersoek voor en na die aanvalle op die Wêreldhandel sentrum in New York in September 2001. Die resultate het gedui dat adolessente 'n merkbare verhoogde persepsie van kwesbaarheid tot die dood het weens terrorisme en ander risiko's soos natuurrampe.

Adolessensie is die identiteitsvormingsfase waartydens adolessente beroepskeuses moet maak en hul vakkeuses moet saamstel in die skool. Ten spyte hiervan is daar gevind dat slegs een van die elf respondente wat deelgeneem het aan die studie haar toekoms so ver vooruit beplan het met betrekking tot 'n beroepskeuse. Die skoolverlaters wat gedurende hul skoolopleiding geen toekomsplanne gemaak het nie, vind hulself na skool binne 'n lugleegte waar daar geen riglyne en stabiliteit is nie (Le Roux, 2005). Hierdie lugleegte

waarin hulle hulself bevind is dikwels die oorsaak vir die misbruik van alkohol en dwelms, aangesien adolessente geen verantwoordelikheid aanvaar vir die bereiking of najaag van 'n lewendroom nie. Adolessente wat 'n traumatiese verlies ervaar het se ontwikkeling kan so ingeperk word, dat hul nie hul ontwikkelingstake binne die adolessensiefase kan afhandel nie en dit dus oorstaan na die vroeë volwassenheidsfase (Le Roux, 2005). Hierdie mening van Le Roux (2005) word verder gestaaf deur literatuur. Verder het 'n studie deur Tosone *et al.* (2005:416) bewys dat adolessente wat blootgestel is aan 'n bepaalde trauma op die langtermyn, vertraagde of -versteurde ontwikkeling toon met betrekking tot hul sosiale-, morele-, emosionele en kognitiewe ontwikkeling.

Ouerskapstyle mag ook moontlik 'n verdere invloed hê op die skep van lewendrome by die adolessent (Prinsloo, 2005). Volgens Prinsloo (2005) is adolessente van die huidige generasie se ouers streng opgevoed. Hierdie generasie het nie altyd keuses gehad in terme van hul eie toekoms nie. Die moontlikheid kan oorweeg word dat hierdie generasie ouers hul kinders minder streng grootmaak. Die gevolg hiervan is dat adolessente nie voldoende leiding en grense het nie. Hierdie vryheid bied te min sekuriteit met die gevolg dat die adolessente nie instaat is daartoe om keuses te maak en hul toekoms te beplan of struktureer nie. Die studie van Bednar en Fisher (2003:620) was spesifiek gemik daarop om te bepaal watter effek ouerskapstyl het op die besluitname van die adolessent. Die bevinding is gemaak dat adolessente wat hul ouers ervaar het as gesaghebbend of deskundig na hul ouers verwys het wanneer hul morele of informatiewe besluite moes maak. Adolessente wat hul ouers se ouerskapstyl as of verwaarlosend of outoritêr ervaar het, het aangedui dat hul eerder hul portuurgroep sal nader met die maak van morele of informatiewe keuses. Laastens sal adolessente wat hul

ouers as toegeeflik of ongebonde ervaar na hul portuurgroep verwys wanneer hul informatiewe besluite moet maak (Bednar & Fisher, 2003:620). Die afleiding wat hieruit gemaak kan word, is dat adolessente streng grense benodig veral tydens hierdie lewensfase waar hulle noodsaaklike besluite vir hul toekoms moet maak. In 'n studie gedoen deur Paulson en Sputa (1996:379-380) is daar gevind dat adolessente en hul ouers se persepsies met betrekking tot ouerbetrokkenheid in skoolprestasie verskil. Die adolessente in die studie het hul ouers as minder betrokke ervaar as wat die ouers hulself ervaar het. 'n Direkte verband is getrek tussen skoolprestasie en ouerbetrokkenheid. Bewyse is verder ingewin dat ouerbetrokkenheid afgeneem het van graad agt tot graad tien. Die moontlikheid bestaan dat ouers namate hul adolessente vorder in skool, minder betrokke raak, om die adolessente meer vryheid te gee, maar die gevolg is dat skoolprestasie in sommige gevalle mag afneem. Die vraag kan dus gevra word of die afname in ouerbetrokkenheid in die laat adolessensie fase nie 'n effek op adolessente se vorming van lewensdrome of toekomsplanne mag hê nie.

Vanuit die bogenoemde blyk dit dat alle adolessente nie lewensdrome het nie. Die volgende vrae kan dus gevra word: Is adolessente instaat om lewensdrome te beskryf? Het adolessente lewensdrome?

### **5.2.3.3 Beskrywing van die herskepping van lewensdrome na die verlies**

Die konsep van veranderde lewensdrome weens die verlies was nie sterk gedefinieer deur die respondente nie. Slegs drie van die adolessente het aangedui dat hul lewensdrome herskep het weens die verlies wat hul gelei het. Die verwerping van 'n lewensdroom of -plan vir die toekoms het slegs in een geval duidelik na vore gekom, waar

die adolessent beskryf het, dat sy haar aanvanklike droom om 'n maatskaplike werker te word verwerp het. Die rede wat sy aangevoer het, is dat sy van mening is, dat 'n maatskaplike werker gereeld kontak met mans het en dat sy na haar traumatiese ervaringe (seksuele misbruik) nie meer gemaklik is in die geselskap van mans nie. Bogenoemde het tot gevolg dat sy haar droom om 'n maatskaplike werker te word afgeskryf het. Verder twyfel sy of sy haar droom om te trou en kinders te kry, wil navolg. Haar vrees dat dieselfde met haar kinders sal gebeur as wat met haar gebeur het beïnvloed hierdie lewensdroom. Hierdie adolessent het verskeie simptome van post-traumatiese stresversteuring getoon. Vanuit 'n gestaltperspektief kan hierdie simptome gesien word as onafgehandelde besigheid (Cohen, 2002). Die volgende simptome van trauma demonstreer: 'n Poging om die ervaring te assimileer, alhoewel die ervaring nie assimileerbaar is nie, herhaalde onsuksesvolle pogings tot die voltooiing van die siklus van die ervaring, ontevredenheid oor die reaksie teenoor die ongewone omstandighede en 'n eksistensiële herinnering van elke persoon se mortaliteit (Cohen, 2002). Joyce en Sills (2001:139) verskil van Cohen. Alhoewel sluiting op onafgehandelde besigheid soos 'n ekstreme verlies of mishandeling nooit ten volle bereik kan word nie, is Joyce en Sills (2001:139) van mening dat assimilasië wel aangeleer kan word deur kreatiewe aanpassing in die hier-en-nou en daarna aan te beweeg. Die kliënt se kwesbaarheid sal net meer gereeld in die toekoms voorkom binne nuwe situasies wat soortgelyke omstandighede verteenwoordig.

Meeste van die adolessente wat wel aangedui het dat hul 'n lewensdroom het, was van mening dat hul lewensdrome nie verander het weens die verlies nie. Sommige adolessente het aangedui dat hulle ten spyte van die verlies 'n groter of sterker behoefte het dat



hulle oorspronklike droom moet realiseer. Die adolessent wat New York toe wil gaan, het nou 'n groter behoefte om te gaan, maar sy dui aan dat dit 'n behoefte aan ontvlugting van haar huidige situasie is. In teenstelling hiermee is sy van mening dat indien haar ouers nie geskei het nie, dit vir haar makliker sou wees om hierdie lewensdroom na te volg. Weens die egskeiding het sy 'n verantwoordelike gevoel teenoor haar ma, wat haar besluit om die droom na te volg beïnvloed. Dus is daar 'n bykomende verlies aan dit wat kon wees. Die adolessent se behoefte om na New York te gaan is nie noodwendig 'n lewensdroom nie maar 'n behoefte tot ontvlugting van wat is.

Meeste adolessente ervaar die konflik tussen verskillende polariteite in hul lewens. Hierdie adolessent wil graag New York toe gaan, omdat sy wil ontsnap van haar huidige omstandighede. Terselfdertyd voel sy dat sy eerder in Suid-Afrika moet bly ter wille van haar ma en haar verantwoordelike gevoel teenoor haar ma. Die konflik tussen die verskillende polariteite binne haar maak 'n keuse moeilik. Volgens Oaklander (1978:158) sal verhoogde bewustheid en begrip vir hierdie adolessent aanvaarding meebring van die dele binne haar wat verskillend is. Sodoende kan sy groei en 'n sterker innerlike krag ontwikkel en gevolglik word haar keuses makliker.

Sekere van hierdie lewensdrome is egter onrealisties, vaag en ongedefinieërd. Die adolessent wat sy lewensdroom verander het weens 'n besering tydens rugby, het aangedui dat hy sy droom om 'n Springbok rugbyspeler te word verander het en dat hy nou daarvan droom om vir die Suid-Afrikaanse Protea krieketspan te speel. Hy is egter nie huidiglik deel van 'n krieketspan nie weens vervoerprobleme en dit blyk ook nie dat sy situasie in die toekoms sal verander nie. Die adolessent met die lewensdroom om 'n sanger te word, hou daarvan om in sy kamer te sing, maar het nog nooit voor 'n groep mense

opgetree nie. Hy is verder uitgevra of hy sal deelneem aan die huidige sangkompetisies in Suid-Afrika wat jong kunstenaars die geleentheid bied om 'n sangloopbaan te volg, waarop hy geantwoord het dat hy sou deelneem as hy kon, maar dat hy bang word as hy al die mense sien en dan nie kan sing nie. Alhoewel hy sê dat hy al vandat hy agt jaar oud is die lewensdroom het om 'n sanger te word, het hy nog nie enige doelbewuste stappe geneem om hierdie droom te bewaarheid nie. Hy het 'n lae selfbeeld en hikkels, wat moontlik 'n effek mag hê op die uitvoerbaarheid van sy droom. Almal het bekommernisse en vrese, maar indien die persoon so vasgevang raak in sy eie vrese, byvoorbeeld vir mislukking of vir wat ander mag dink, meng die inhoud van hul gedagtes in met hul geluk en produktiwiteit (Kim & Kramer, 2002). Angs staan moontlik in die pad van die uitvoering van hierdie adolessent se lewensdroom. De la Ray (2005) is van mening dat persone soms hul verlies die skuld gee, waarom hul nie 'n droom najaag nie. Hulle sou dit in elk geval nooit gedoen het nie. De la Ray (2005) is verder van mening dat die persoon se persoonlikheid 'n groot rol speel in die uitvoerbaarheid van 'n lewensdroom. Alhoewel hierdie adolessent 'n sangloopbaan as sy lewensdroom beskryf, bestaan daar twyfel of hy ooit hierdie droom sal navolg. Twyfel bestaan verder of die adolessent instaat is om 'n lewensdroom te beskryf.

Verder is daar gevind dat sekere adolessente idealistiese lewensdrome het, byvoorbeeld die droom tot 'n wêreld van vryheid waar almal kan wees wie hulle wil wees, waar mense nie aan enige iemand verantwoording hoef te doen nie. Yontef (1993:3) is van mening dat die meeste mense binne die konteks van konvensionele of normale gedagtes leef wat erkenning van hoe die wêreld werklik is, vermy. Deur te glo dat daar 'n wêreld kan wees waar sy geen verantwoording hoef te doen nie, leef hierdie adolessent 'n lewe wat

nie gebaseer is op die waarheid nie, maar op selfbedrog. Volgens Oaklander (1978:298) word adolessente grootliks geaffekteer deur die realiteite van die wêreld. Die adolessent weet dat sy binnekort die wêreld moet binnegaan en haar eie weg moet oopveg. Terwyl adolessente smag na die onafhanklikheid van volwassenheid, is hulle terselfdetyd beangs vir wat dit mag bring. Indien die adolessent nie gereed is om eerlik met haarself te wees oor die waarhede en realiteite van die wêreld of lewe nie, sal sy verdere emosies van vrees, afgrys, skuld en angs ervaar. Die feit dat hierdie adolessent droom van 'n wêreld van vryheid waar sy kan wees wie of wat sy wil wees, dui daarop dat sy die verantwoordelikheid om 'n keuse te maak oor haar toekoms, wil vermy. Hierdie adolessent ervaar 'n identiteitskrisis, volgens Erikson se teorie (Meyer, 1997:230). Hierdie tipe droom wat beskryf word, vermy dus alle verantwoordelikhede. Sy ervaar 'n krisis met die integrasie van haar eie wense en drange en haar toekomsverwagtinge. Vanuit 'n gestaltterapiebenadering sal daar gefokus word om vir hierdie adolessent die geleentheid te bied om op 'n oorspronklike en sinvol wyse verantwoordelikheid vir haarself te neem (Yontef, 1993:3). Deur bewuswording moet sy haar eie bestaan kies en op 'n sinvolle manier herorganiseer. Die beskrywing van 'n lewendroom vereis 'n bepaalde ervaring van volwassenheid. Hierdie adolessent het nog nie die vlak van volwassenheid bereik nie en was verder nie instaat om 'n lewendroom te beskryf nie.

Die feit dat die meerderheid adolessente nie instaat daartoe was om 'n duidelike gedefinieerde lewendroom te beskryf nie, kan moontlik ook verklaar word deur sekere benaderings tot verliesberading. Die meerderheid adolessente wat deelgeneem het aan die studie handhaaf nie 'n balans tussen die polariteite van konneksie en skeiding nie (Clark, 1982:59-61, soos aangehaal in Servaty-Seib, 2004:126-127). Meeste van die adolessente blyk hoofsaaklik gefokus

te wees op die impak van hul verlies. Gevolglik gaan die konneksieperiode verlore en die adolessent eksplorieer en eksperimenteer nie met hul omgewing na die verlies nie en maak ook nie planne vir die toekoms nie.

#### **5.2.3.4 Beskrywing van hulpbronne in die herstelproses na die verlies**

Al die respondente was instaat om aan te dui wat hul gebruik, of wat hul bron van ondersteuning was na die verlies. Die grootste meerderheid hulpbronne wat dien as ondersteuningstelsels vir die adolessente is toepaslik en gesond. Die observasie is gemaak dat adolessente in die laat adolessensie fase geneig was om van ongesonde hulpmiddels soos drank, kalmeer- en slaappille gebruik te maak.

Die volgende hulpmiddels is deur die adolessente aangedui:

- Vriende (ses adolessente).
- Familie (vyf adolessente), waarvan die ma deur drie adolessente spesifiek uitgewys is.
- Musiek (drie adolessente).
- Drank (drie adolessente).
- 'n Algehele positiewe uitkyk op die lewe of 'n doelgerigte keuse om aan te gaan met die lewe (twee adolessente).
- Kalmeer- en slaappille (een adolessent).
- 'n Nuwe troeteldier (een adolessent).
- Verhouding met die teenoorgestelde geslag (een adolessent).
- Storieboeke of om te lees (een adolessent).
- Oefening spesifiek om te draf (een adolessent).

'n Drukgroep van vriende word deur Bezuidenhout (2002:89) beskryf as 'n subgroep wat aan die individu 'n geleentheid bied om gedrag te openbaar wat nie beheer word deur die eksterne omgewing nie.

Alhoewel meer adolessente aangedui het dat hul vriende die grootste bron van ondersteuning is, het vorige navorsing van Wilburn en Smith (2005:37) bewys dat daar 'n verband is tussen familie ondersteuning en adolessente se stresvlakke. Wanneer 'n adolessent minder ondersteuning ontvang van sy familie, kan dit lei tot 'n verlaagde selfbeeld sowel as 'n toename in stres en die risiko vir selfmoord (Wilburn & Smith, 2005:37). Parkes (2001:42) stem saam met die skrywer dat familie en vriende in meeste gevalle die persoon wat rou suksesvol kan bystaan, maar noem wel dat terapie steeds van waarde kan wees.

Musiek en storieboeke is deur sekere van die adolessente uitgewys as hulpmiddels tydens die proses van herstel na 'n verlies. Kreatiewe vorms wat binne 'n terapeutiese milieu gebruik word om adolessente te lei tot herstel, sluit onder andere ook musiek, kuns en die lees van stories of oortel van stories in (Cooper, 1999:137). Oaklander (1978:85-108) maak ook binne die gestaltperspektief gebruik van onder andere kreatiewe hulpmiddels, soos storievertel, boeke, skryfwerk, gedigte en musiek.

Bezuidenhout (2002:91) is van mening dat adolessente wat nog nie die vermoë besit om probleme en lewenskrisisse te hanteer nie, dwelmiddels mag misbruik om hul selfbeeld te behou en beheer te verkry. Volgens 'n studie gedoen deur Brown (1989:487) soos aangehaal in Bezuidenhout (2002:92) op adolessente wat behandel word vir alkoholmisbruik, is gevind dat onvoorspelbare lewensgebeure die oorsaak was van hul drankmisbruik. Die feit dat die adolessente gebruik maak van drank, kalmeer- en slaappille om hul verliese te hanteer, is moontlik 'n verdere poging om hulself te skei van die pyn van die verlies. Sodoende skep hul 'n sterk polariteit. Die adolessent wat nie die pyn van die verlies kan hanteer nie, stomp homself af deur

drank of ander middels. 'n Balans tussen die herkenning van die verlies en die uitdrukking van die emosies met betrekking tot die verlies word gevolglik nie toegelaat nie en 'n wanbalans ontstaan.

Vanuit die onderhoude het dit geblyk dat adolessente geen melding gemaak het van die invloed van geloof of die kerk in hul proses van herstel nie. Prinsloo (2005) ervaar dat adolessente die kerk en geloof koppel aan riglyne en stuktuur. Adolessente wat binne 'n huishouding grootgeword het waar hul vryheid en min grense het soek ander alternatiewe as die kerk of geloof, omdat hulle 'n behoefte het aan iets wat hul minder bind of voorskryf. Prinsloo (2005) noem dat bogenoemde 'n moontlike rede kan wees waarom nie enige van die adolessente in die studie na hul geloof verwys het as 'n hulpbron na 'n verlies nie. Pienaar (2006) beaam Prinsloo se mening. Volgens Pienaar (2006) is die adolessente wat aan die studie deelgeneem het, deel van 'n generasie adolessente wat leef in 'n tydperk waar tegnologie 'n essensiële rol speel. Die adolessente is bewus daarvan dat hulle enige inligting kan verkry, deur van tegnologiese media gebruik te maak. Pienaar (2006) is verder van mening dat natuurrampe, soos die tsunami's van Desember 2004 verklaar kan word deur wetenskap en televisieprogramme veroorsaak dat adolessente nie noodwendig geloofsvrae daaroor het nie. Adolessente of die sogenaamde "Millennials" groep voel verder dat baie kerklike leiers nie hul omstandighede sal verstaan nie en nie begrip sal hê vir die probleme wat hul huidiglik ondervind, soos dwelmmisbruik in skole of seksuele verhoudings nie (Codrington & Grant-Marshall, 2005:248). Hulle stel dit soos volg: "No wonder millennials regard them as fogeys who are too embarrassed or ignorant about real life to touch base with them on the problems they experience". Die feit dat hulle voel hul kerklike leiers mag te skaam wees om sekere onderwerpe met hulle te bespreek, mag 'n verdere

rede wees waarom adolessente nie die kerk opsoek in tye van nood nie. Al hierdie faktore het 'n invloed op die adolessent in 2005 se persepsie van geloof op sy lewe en dus ook op verliese.

Pienaar (2006) sluit verder aan by Prinsloo (2005) se opinie met betrekking tot grense en reëls en die effek daarvan op die adolessent. Pienaar (2006) het gevind dat 'n groot persentasie van die ouers van die adolessente in sy gemeente geskei was. Volgens hom het dit 'n invloed op adolessente aangesien hul grootword met die voorbeeld dat reëls verbreek kan word. Bogenoemde kan moontlik van die redes wees waarom adolessente nie hul geloof as 'n hulpmiddel in die proses van herstel sien nie. Geen definitiewe rede kan dus gegee word vir die adolessente in hierdie studie se onwilligheid om oor geloof te praat nie.

#### **5.2.3.5 Beskrywing van die keerpunt na die verlies wat gelei het tot 'n nuwe lewensdroom**

'n Keerpunt in die herskepping van 'n nuwe lewensdroom blyk 'n moeilike begrip te wees vir hierdie ouderdomsgroep. Vanuit die semi-gestruktureerde onderhoude blyk dit dat slegs drie van die adolessente 'n begrip gehad het van die konsep. Twee van hierdie adolessente het 'n volwasse en realistiese uitkyk op hul lewe en neem verantwoordelikheid vir hul eie gedrag en keuses. Beide hierdie adolessente het aangedui dat dit 'n doelbewuste keuse is wat hul gemaak het om aan te gaan met hul lewens. Beide was verder van mening dat die keuse by die individu lê om die positiewe in die situasie te sien. Hulle het egter nie 'n alternatiewe lewensdroom herskep nie. Na die verlies is hulle meer oortuig daarvan dat hulle die oorspronklike lewensdroom wil navolg. Die laaste stap van Kübler-Ross (sien punt 2.3.1) se beskrywing van die rouproses, naamlik aanvaarding, word deur een adolessent beskryf as die keerpunt. Motivering speel

volgens 'n ander adolessent die grootste rol in die herskepping van die lewensdroom. Hierdie twee adolessente was instaat om die eksistensiële faktore wat Yalom (1995:174) beskryf te bereik. Hul verstaan dat besluite onvermydelik is en hulle was instaat om hul besluite te maak en dit te staaf. Om verantwoordelikheid te neem vir besluite wat gemaak word, is noodsaaklik in die proses van bemagtiging na 'n verlies. Alhoewel hierdie respondente steeds hul seer kan beskryf en in kontak is met die effek wat hul verlies ook in die toekoms op hul mag hê, neem hul verantwoordelikheid vir hul eie toekoms en lewensdrome se waarwording.

Vanuit die onderhoude is daar verder afgelei dat vriende 'n groot rol by die adolessent speel. Ses van die adolessente het aangedui dat vriende hul grootste ondersteuningsraamwerk uitmaak. Twee van die adolessente het spesifiek aangedui dat dit die ondersteuning van 'n vriend of vriendin was, wat hul sien as die keerpunt in hul lewens. Hul beskryf hoe die feit dat hulle geweet het dat een persoon omgee of hul leef of nie, vir hul die motivering was om aan te gaan met hul lewens ten spyte van hul verlies. Die feit dat adolessente soveel waarde heg aan hul vriende se opinies korreleer met die feit dat die portuurgroep 'n belangrike deel uitmaak van 'n adolessent se bereiking van ontwikkelingstake. Meeste adolessente beoordeel hul waardes in terme van veral hul portuurgroep se reaksies, goedkeuring, ondersteuning en aanvaarding (Louw *et al.*, 1990:74). Volgens die adolessente is dit soms moeilik om ware emosies aan hul ouers te verduidelik aangesien daar die mening bestaan binne die groepsonderhoud dat ouers geneig is om te oorreeger.

Slegs een adolessent beskryf 'n spesifieke insident wat 'n rol gespeel het, naamlik toe hy by 'n krieketwedstyd tussen Suid-Afrika en New Zeeland was. Volgens hom is sy oom bevriend met een van die



Protea krieketspelers en het die bekende speler vir hom 'n kriekethoed gegee. Hierdie dag in sy lewe beskryf hy as die keerpunt in die herskepping van sy lewensdroom om krieket vir die Protea span te speel, alhoewel krieket nie sy lewensdroom was nie. Hy het verder niks aan die bereiking van hierdie droom gedoen nie.

#### **5.2.3.6 Faktore wat aanleiding gegee het tot die herskepping van die lewensdroom**

Soos beskryf onder 5.2.3.5 is die konsep van die herskepping van 'n nuwe lewensdroom vir die adolessent 'n moeilike begrip. Bowman (1994:84) vind dat meeste individue nie besef dat hul tesame met hul verliese 'n verlies aan lewensdrome ervaar het nie. Om hierdie rede kan hul nog nie begin om die verlies aan die lewensdroom te rou nie. Gevolglik het dit 'n uitwerking op hul vermoë om die faktore wat aanleiding gee tot die herskepping van die lewensdroom te beskryf.

Slegs drie van die adolessente was instaat om faktore op te noem wat moontlik 'n rol gespeel het in die herskepping van hul droom. Die menings was soos volg:

- Dat die droom binne die huidige omstandighede nie so belangrik is nie en dat hy kan wag tot 'n meer geskikte tyd in sy lewe om die droom na te volg.
- As jy in jouself en jou droom glo kan jy dit laat werk ongeag wat met jou gebeur het.
- Dat karakter en wilskrag 'n rol speel.
- Dat jy nêrens in die lewe sal kom as jy altyd terneergedruk is of ongemotiveerd bly nie.
- Dat die graad twaalf jaar op skool 'n belangrike jaar in 'n adolessent se lewe is en indien jy nie gedurende hierdie lewensjaar jou beste doen nie, kan dit 'n effek hê op jou toekoms.

Die adolessente se lewenservaring, vlak van volwassenheid en vermoë om verantwoordelikheid te neem het bygedra tot hul vermoë om faktore op te noem wat 'n herskepping van 'n lewensdroom tot gevolg het. Elkeen van die adolessente wat instaat was om hierdie faktore op te noem, was in die laat adolessensie fase.

### **5.2.3.7 Beskrywing van adolessente se ervaring van die verlies**

Tydens die semi-gestruktureerde onderhoud is die volgende vraag aan elke adolessent gevra: "As jy nou terugdink aan die verlies, hoe sal jy dit beskryf? (Lewensveranderend, lewensverrykend, negatief, positief, vrees vir die dood, meer of minder deernis of empatie, houding teenoor die lewe en dood of begrip of respek vir natuur, lewe, funksie, gesin, liefde ens)". Elkeen was instaat om een van die beskrywings te selekteer en daarop uit te brei.

Die volgende antwoorde is op hierdie vraag verkry:

- 'n Verlies is lewensveranderend.
- Die lewe is nooit weer daarna dieselfde nie.
- Dit het my gemaak wie ek vandag is.
- My lewe het oornag verander.
- Ek het verander in 'n grootmens binne 'n kind se lyf.
- Die verandering is nie altyd negatief nie, maar dit verander die wyse waarop jy na die lewe kyk.
- Die verlies het wel 'n positiewe uitwerking. Verliese maak jou sterk.
- Die verlies het 'n negatiewe effek op die lewe. Veral in die geval van 'n egskeiding waar gesinne hersaamgestel word en die ouers se keuses 'n effek het op die adolessent wat hulpeloos staan teenoor hul ouers se keuses.
- 'n Afname in respek vir volwassenes.
- 'n Toename in respek vir gesinslede.

- 'n Toename in waardering vir die geliefdes wat nie deur die dood weggeneem is nie.
- 'n Verandering in verhoudings met ander mense.
- Meer empatie met ander mense se situasies.
- Vrees vir die dood.

Alhoewel dit blyk dat dit meestal baie moeilik is om 'n verlies te aanvaar, het 'n verlies ook 'n positiewe gevolg. Verliese is deel van die natuurlike verloop van die lewe, iets wat niemand kan ontduik nie. Sekere van die respondente was wel instaat om die waardevolle groeiervaringe uit hul verlies te haal en daarby te baat. Die feit dat sekere van die adolessente van mening was dat hul lewensuitkyk verander het na hul verlies, sluit aan by 'n studie gedoen Miles en Crandall, (1986:235-243) soos aangehaal in Talbot (2002:80) waarin die respondente van mening was dat hul verlies vir hul 'n groter bewustheid van die kwesbaarheid van die lewe geleer het met die gevolg dat hul elke dag volheid wil lewe. Verdere ooreenkomste is gevind in die Miles en Crandall studie en die antwoorde van die adolessente op die bogenoemde vraag, naamlik: Na die ervaring van 'n verlies beleef persone 'n herontdekking van die waarde om meer tyd met die gesin of familie te spandeer, meeste persone ontwikkel met tyd 'n meer positiewe houding teenoor die lewe, hul voel sterker en meer dankbaar vir dit wat hul het en hul gee meer om vir ander mense. 'n Studie wat gedoen is deur Neimeyer (2001:174) twee jaar na hul respondente 'n verlies ervaar het, dui ook aan dat die grootste persentasie respondente op die volgende wyses gebaat het by hul verlies: Groter waardering vir die lewe en die realiteit van die dood, hul is meer sensitief en oop vir ander mense en hul is sterker en meer volwasse na die verlies.

Normale ontwikkeling van die adolessent het 'n invloed op sy hantering van die verlies (Conrad, 1991:140). Adolessente met bepaalde ontwikkelingsagterstande sal moontlik die verlies anders ervaar en interpreteer. Algemene probleme of ervarings van adolessente is die volgende: Weerstand teen volwassenes, onvermoë om met volwassenes te kommunikeer, oormatige behoefte om ander adolessente te beïndruk, vervreemding van volwassenes en soms vriende, onkunde met betrekking tot die normale rouproses, aanpassingsprobleme, konflik tussen onafhanklikheid en afhanklikheid, identiteitskrisis en seksuele konflikte en – aanpassings (Conrad, 1991:140). Een van die adolessente het genoem dat sy verlies gelei het tot die feit dat hy minder respek het vir volwassenes, maar dit is moontlik dat hy selfs sonder 'n verlieservaring steeds so sou voel. Al die adolessente beskryf verder hul verlies as lewensveranderend. Alhoewel die mening bestaan dat 'n verlies lewensveranderend is, moet daar in ag geneem word dat adolessente oor die algemeen hul lewe binne hierdie ontwikkelingsfase as anders of lewensveranderend begin ervaar.

### **5.3 SAMEVATTING**

Die beskrywings van die adolessente se ervarings het ooreengestem met die opinies van kenners sowel as die literatuurkontrole. Die meeste van die adolessente wat aan die studie deelgeneem het, se verlies was weens egskeiding of die dood van 'n noemenswaardige persoon in hul lewe.

Onderhoude met kenners en die literatuurstudie, steun die skrywer se mening dat die adolessente in Suid-Afrika in die jaar 2005 klaarblyklik nie verantwoordelikheid neem vir hul eie keuses vir die toekoms nie. Die grootste meerderheid adolessente was nie instaat om lewensdrome te beskryf nie. Die afleiding word gemaak dat

adolessente 'n sekere vlak van volwassenheid en verantwoordelikheid moet bereik voordat hulle instaat is om 'n lewensdroom te beskryf. Verder blyk dit dat daar nie 'n verband is tussen adolessente se lewensdrome en hul verliese nie.

## HOOFSTUK 6

### GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

#### 6.1 ALGEMENE SAMEVATTING

Die meeste adolessente ondervind 'n verskeidenheid van verliese deur die loop van hul ontwikkeling. Sommige verliese, soos die verlies weens egskeiding of die dood het veelvuldige verliese tot gevolg. Adolessente se toekomsvisie en lewensdrome word beïnvloed deur die huidige omstandighede in Suid-Afrika, sowel as deur hul ouers se persepsies en ouerskapstyl. Gevolglik was min adolessente in die studie instaat daartoe om hul lewensdrome voor- sowel as na hul verlies te beskryf. Die aanname dat adolessente lewensdrome herskep na 'n verlieservaring is nie deur die empiriese studie bevestig nie. Die keerpunt na 'n verlies in die herskepping van 'n nuwe lewensdroom, is deur slegs bepaalde adolessente in die studie beskryf. Hierdie keerpunt is volgens die adolessente hoofsaaklik 'n doelbewuste keuse om met die lewe voort te gaan. Verder het die adolessente genoem dat innerlike motivering, die bystand van vriende of 'n ontmoeting met 'n rolmodel 'n keerpunt geleentheid kan wees in die herskepping van hul lewensdrome. Faktore wat aanleiding gegee het tot hierdie keerpunt is beskryf as karakter, wilskrag, motivering en om in jouself te glo asook die besef dat graad twaalf 'n belangrike skooljaar is wat jou toekoms kan beïnvloed.

Die gestaltterapeut kan 'n belangrike rol speel by die herstelproses in die lewe van 'n adolessent wat 'n verlies ervaar het. Indien 'n adolessent nie besef dat hy 'n verlies aan 'n lewensdroom ervaar het nie, is dit nie moontlik om hierdie verlies te rou nie. Die gestaltterapeut speel 'n rol in die bewusmakingsproses in die hier-en-nou. Verder is dit nodig om die adolessent te lei om verantwoordelikheid te neem vir sy eie keuses in die hier-en-nou om 'n

lewensdroom te skep en doelgerigte stappe te neem om hierdie droom te bewaarheid. Die gestaltterapeut kan die polariteite wat adolessente beleef met betrekking tot hul verlies en lewensdrome binne die terapeutiese proses gebruik. Adolessente vind keuses met betrekking tot lewensdrome moeilik weens hierdie polariteite in hulself en gevolglik kan dit hul lewensdrome beïnvloed.

Vervolgens word aandag gegee aan die gevolgtrekkings en aanbevelings wat voortspruit uit die studie. Die doel en doelstellings vir die studie word geevalueer en die navorsingsvraag word beantwoord.

## **6.2 EVALUERING VAN DOEL EN DOELSTELLINGS**

Voordat gevolgtrekkings en aanbevelings gemaak kan word, moet die doel en doelstelling vir die studie evalueer word.

### **6.2.1 Doel**

Die doel met hierdie navorsingstudie was om die herskepping van lewensdrome na 'n verlies, vanuit 'n gestaltperspektief te beskryf. Die konsep van herskepping van lewensdrome na 'n verlies, het nie tydens die insameling van data binne die adolessente groep duidelik na vore gekom nie. 'n Klein hoeveelheid van die respondente was wel instaat om hul lewensdrome en die faktore wat aanleiding gegee het tot die herskepping van hul lewensdrome te beskryf. Die afleiding word gemaak dat 'n sekere vlak van volwassenheid en verantwoordelikheid nodig is om lewensdrome te beskryf.

### **6.2.2 Doelstelling**

- 'n Omvattende literatuurstudie is gedoen oor verskillende tipes verliese, die verlies aan lewensdrome, die ontwikkelingsfases van die adolessent en gestaltbeginsels ten einde agtergrondinligting te bekom

wat van waarde kan wees in die hantering en behandeling van adolessente. Die literatuurstudie het bygedra tot die korrekte hantering van die adolessente tydens die semi-gestruktureerde onderhoude.

- Semi-gestruktureerde onderhoude is gevoer om die keerpunt in die herskepping van 'n nuwe lewendroom by spesifiek geselekteerde adolessente, te beskryf.
- Gevolgtrekkings en aanbevelings is gemaak sodat gestaltherapeute wat met adolessente werk wat verliese ervaar het, hul kan begelei om verantwoordelikheid te neem vir hul toekoms. Die gestaltherapeut sal verder kliënte beter kan begelei in die herskepping van nuwe lewendrome.

### **6.3 BEANTWOORDING VAN DIE NAVORSINGSVRAAG**

Die volgende vraag is deur die navorser gevra: Wat is die faktore wat aanleiding gee tot die keerpunt by 'n adolessent wat 'n verlies ervaar het in die herskepping van 'n lewendroom?

Die adolessente wat nog nie besef het dat hul verlies tweevoudig was, naamlik 'n verlies aan 'n lewendroom sowel as hul verlies nie, kon nie oor hul lewendrome rou nie. In bogenoemde gevalle kon hul nie die faktore wat aanleiding gegee het tot die keerpunt in die herskepping van die lewendroom beskryf nie. Adolessente wat egter wel bewus was van hul lewendrome, beskryf karakter, wilskrag, motivering en om in jouself te glo as die faktore wat aanleiding gegee het tot die keerpunt in die herskepping van hul lewendrome.

### **6.4 GEVOLGTREKKINGS**

Vanuit die literatuurnavorsing en empiriese navorsingstudie is die volgende gevolgtrekkings gemaak:



#### **6.4.1 Gevolgtrekkings ten opsigte van die omstandighede rondom die verlies**

- Adollesente word gekonfronteer met veelvuldige verliese, veral met die afsterwe van 'n geliefde, of na die egskeiding van hul ouers.
- Adollesente se rou is net so intens soos die van volwassenes, alhoewel dit anders is. McIlwraith (2001:21) verduidelik dit soos volg: "A sibling's grief is not 'greater' or 'lesser' than a parent's; it's simply different."
- Meeste adollesente ervaar emosies van woede, skuldgevoelens en hartseer na afloop van die verlies.

#### **6.4.2 Gevolgtrekkings met betrekking tot lewensdrome voor die verlies**

- Die aanname wat gemaak is dat alle adollesente lewensdrome het vir hul toekoms is nie in die empiriese studie bevestig nie. Die studie bewys dat meeste adollesente nie 'n lewensdroom het nie. Die afwesigheid van lewensdrome en toekomsvisie kan adollesente se vordering binne 'n terapeutiese sessie beïnvloed.
- Duidelike, gedefinieerde lewensdrome met betrekking tot beroepskeuses, waar hulle hulself wil bevind in die opeenvolgende jare, saam met wie hul wil wees of hoe hulle die res van hul lewe wil spandeer na skool, het ontbreek.
- 'n Klein hoeveelheid adollesente is instaat om die verantwoordelikheid te neem in die hier-en-nou om hul lewensdrome moontlik te maak.
- Adollesente se toekomsvisie en sodoende hul lewensdrome word beïnvloed deur faktore, soos die omstandighede in Suid-Afrika en ander globale invloede, byvoorbeeld oorlog, terrorisme, natuurrampe, rassisme, VIGS, werkloosheid, armoede en egskeiding.

- Adollesente se toekomsvisie en vermoë om doelgerigte keuses vir hul toekoms te maak word verder beïnvloed deur hul ouers se betrokkenheid en ouerskapstyle.
- Bepaalde ontwikkelingstake van die adollesent word nie binne die laat adollessensiefase voltooi nie en staan oor na die vroeë volwassenheid fase.

#### **6.4.3 Gevolgtrekkings met betrekking tot die herskepping van lewensdrome na die verlies**

- Die aanname dat adollesente hul lewensdrome herskep het na 'n verlies is nie deur die empiriese studie gestaaf nie.
- Meeste adollesente wat wel 'n lewensdroom gehad het voor die verlies het die droom nie herskep na hul verlieservaring nie.
- Die adollesente wat wel 'n lewensdroom voor die verlies gehad het, het aangedui dat hulle na afloop van die verlies 'n groter behoefte het om dieselfde lewensdroom te verwesenlik.
- Die adollesent wat wel haar droom herskep het na haar verlies, toon simptome van post-traumatiese stresversteuring wat moontlik haar vermyding van haar vorige droom verduidelik.
- Sekere van die lewensdrome wat beskryf is deur die adollesente is onduidelik en die adollesente blyk geen poging aan te wend in die hier-en-nou hul lewensdrome te bewaarheid nie. Adollesente wat huidiglik 'n identiteitskrisis beleef mag dit moeilik vind om hul lewensdrome te definieer of daarvoor te beplan.
- Adollesente mag moontlik hul behoefte om te ontvlug van die realiteite in die hier-en-nou verwar met 'n lewensdroom. Die behoefte om te ontvlug kan nie as lewensdroom beskryf word nie.

#### **6.4.4 Gevolgtrekkings ten opsigte van hulpbronne in die herstelproses na die verlies**

- Vriende en familie dien as grootste bron van ondersteuning vir adolessente wat 'n verlies ervaar het.
- Die resultate van die empiriese studie dui daarop dat adolessente, veral in die laat adolessensiefase geneig is om van drank of kalmeer- en slaappille gebruik te maak in die hantering van 'n verlies.
- Musiek, die lees van stories sowel as oefening dien ook as hulpbron vir adolessente wat 'n verlies ervaar het.
- Geen adolessente het melding gemaak van geloof of die ondersteuning van 'n kerkgemeenskap in die empiriese studie nie.

#### **6.4.5 Gevolgtrekkings met betrekking tot die keerpunt na die verlies wat gelei het tot 'n nuwe lewensdroom**

- Die beskrywing van 'n keerpunt na die verlies was moontlik 'n moeilike begrip vir adolessente om mee te identifiseer.
- Die resultate van die studie dui aan dat adolessente wat wel hul keerpunt kan beskryf van mening was dat die keerpunt hoofsaaklik 'n doelbewuste keuse was om met hul lewens aan te gaan na 'n verlies.
- Verder was hierdie adolessente van mening dat elke individue 'n keuse het om die positiewe uit hul verlieservaring te haal.
- Aanvaarding van die verlies, soos deur Kübler-Ross beskryf kan in sekere adolessente se lewens gesien word.
- Motivering speel volgens een adolessent die grootste rol in die herskepping van 'n lewensdroom.
- Resultate van die empiriese studie dui daarop dat adolessente hul vriende se ondersteuning as 'n keerpunt na 'n verlies aandui. Vriendskappe speel binne hierdie ontwikkelingsfase 'n groot rol.
- Verder blyk dit dat 'n ontmoeting met 'n rolmodel 'n keerpuntbesluit kan meebring.

#### **6.4.6 Gevolgtrekkings met betrekking tot faktore wat aanleiding gegee het tot die herskepping van die lewensdroom**

- Indien die adolessent nog nie tot die besef gekom het dat hul 'n lewensdroom verloor het nie, kan hul dit nog nie rou nie. Om hierdie rede is dit moontlik moeilik vir sekere adolessente om die faktore in die herskepping van 'n lewensdroom te beskryf.
- Adolessente wat wel die faktore kan beskryf, noem dat 'n persoon se karakter, wilskrag, motivering en om in jouself te glo die grootste rol speel in die herskepping van 'n lewensdroom.
- Die adolessente was verder van mening dat die graad twaalf jaar die belangrikste skooljaar is en dat hul keuses in hierdie skooljaar hul toekoms kan beïnvloed. Hierdie besef kan 'n keerpuntfaktor in die herskepping van 'n lewensdroom wees.

#### **6.4.7 Gevolgtrekkings ten opsigte van adolessente se ervaring van die verlies**

- Adolessente het die geleentheid gekry om na afloop van die semi-gestruktureerde onderhoude 'n opsommende woord te kies wat hul verlieservaring die beste beskryf. Die volgende is genoem: 'n Verlies is lewensveranderend, die veranderinge na 'n verlies is nie altyd negatief nie, maar verander 'n mens se uitkyk op die lewe, 'n afname in respek vir volwassenes, verliese het 'n positiewe effek op die lewe, verliese het 'n negatiewe effek op die lewe, toename in respek vir gesinslede, toename in respek vir geliefdes, verandering in verhoudings, meer empatie met ander se situasies en 'n vrees vir die dood.
- Raakpunte is gevind tussen die adolessente se antwoorde in die empiriese studie en studies gedoen deur Miles en Crandall (1986:235-243) soos aangehaal in Talbot (2002:80) en 'n studie van Neimeyer (2001:174).

## **6.5 AANBEVELINGS**

Die terapeut kan hoop en plooibaarheid gebruik wanneer verbrokkelde lewensdrome aangespreek word. Die terapeut wat met adolessente werk wat 'n verlies ervaar het, moet bewus wees daarvan dat die adolessent nie slegs die spesifieke verlies gelei het nie, maar ook 'n verlies aan dit wat kon wees. Vanuit die empiriese data wat ingesamel is in die studie kan bepaalde aanbevelings aan gestaltterapeute gemaak word. Hierdie aanbevelings het veral betrekking op die adolessent wat 'n verlies ervaar het en in sommige gevalle 'n verlies aan lewensdrome. Die feit dat daar gevind is dat sommige adolessente nie 'n duidelike lewensdroom kan aandui nie, is ook in aanmerking geneem in die samestelling van die aanbevelings.

### **6.5.1 Algemene aanbevelings met betrekking tot verliese**

- Die verliese wat adolessente ervaar is veelvuldig. Die intensiteit waartoe hul die verliese ervaar verskil by elke adolessent. Gestaltterapeute moet bekend wees met die verskillende teorieë rakende verliese, byvoorbeeld Kübler-Ross, Parkes en Bowlby se teorieë rakende die verlieservaring. Die gestaltterapeut moet egter bewus wees daarvan dat hierdie teorieë slegs 'n riglyn is.
- Wanneer gestaltterapeute werk met adolessente wat 'n verlies ervaar het is dit noodsaaklik dat sy die adolessent oriënteer en bewus maak van die hier-en-nou van die verlies. Dus hoe affekteer die verlies die kliënt op hierdie oomblik.
- Gestaltterapeute moet 'n "I-Thou" terapeutiese verhouding met die adolessente vorm, sodat die adolessent weet dat daar werklik na hom geluister word en dat die terapeut verstaan dat hy nie slegs weg teen die pyn nie, maar ook 'n rede moet vind om te lewe en nuwe drome te skep.

### **6.5.2 Aanbevelings met betrekking tot die skep van lewensdrome**

- Hierdie studie het nie daarin geslaag om te bewys dat alle adolessente 'n lewensdroom het nie. Die herskepping van lewensdrome is dus 'n komplekse vraag vir adolessente, aangesien dit 'n bepaalde vlak van volwassenheid en verantwoordelikheid verlang.
- 'n Voorondersoek waartydens die hedendaagse adolessent se leefwêreld ondersoek is, veral met betrekking tot hul persepsies van lewensdrome, sou van waarde gewees het vir hierdie studie.
- Uit die empiriese studie blyk dit dat 'n groot persentasie adolessente nie lewensdrome of 'n toekomsvisie het nie. Gestaltherapeute wat met adolessente werk speel dus 'n rol in die skepping van lewensdrome by adolessente.
- Gestaltherapeute wat met adolessente werk kan adolessente bewus maak van hul eie verantwoordelikheid in die hier-en-nou om 'n lewensdroom te kies.
- Vanuit die "I-Thou" verhouding tussen die gestaltherapeut en adolessent kan die adolessent hoop ontwikkel vir sy lewe en sodoende kan lewensdrome herskep word. Die mening bestaan dat hoop en lewensdrome nou verwant is.
- Wanneer daar met adolessente gewerk word, moet die gesin as geheel betrek word. Ouerskapstyl speel 'n onmisbare rol in die adolessent se vermoë om keuses te maak en 'n lewensdroom te ontwikkel. Ouers kan baat by die leiding wat terapeute in hierdie verband kan bied. Die gestaltherapeut speel verder 'n rol om ouers bewus te maak van hul bydrae tot die adolessent se lewensdrome, selfs al is hul kinders nog nie in die vroeë adolessensie fase nie.
- Indien adolessente se verliese nie deurgewerk word nie, word hul ontwikkeling beïnvloed. Indien die ontwikkelingstake nie afgehandel word binne 'n spesifieke fase nie, het dit die gevolg dat dit na die volgende lewensfase oorgedra word. Die navorser stem saam met

Schonfeld (2002:302-307) soos aangehaal in Tosone, *et al.* (2005:417) dat intervensie gerig moet wees daarop dat adolessente 'n begrip en aanvaarding van die gebeure in hul lewens moet kry. Verder moet hulle die geleentheid gegee word om hul emosies vrylik uit te druk en 'n sin van beheer te herwin.

### **6.5.3 Aanbevelings vir die herskepping van lewensdrome na 'n verlies**

- Die empiriese data het daarop gedui dat meeste adolessente wat 'n lewensdroom gehad het voor die verlies, nie hul drome herskep het na die verlieservaring nie. Die gestaltterapeut kan dus hierdie lewensdroom gebruik (indien dit 'n ware lewensdroom is) binne die hier-en-nou as hulpmiddel om 'n verlies te hanteer en te verwerk. Die lewensdroom kan verder vir die gestaltterapeut 'n aanduiding gee van die adolessent se proses, belangstelling en motivering.
- Indien die adolessent wel 'n lewensdroom het en nie die behoefte het om die lewensdroom te herskep na die verlies nie, kan die gestaltterapeut binne die terapeutiese raamwerk aan oplossings en alternatiewe werk, saam met die adolessent om hierdie lewensdroom in die toekoms te laat waar word. Die adolessent moet self verantwoordelikheid neem vir die oplossings en alternatiewe wat gekies word om die lewensdroom realiteit te maak.
- Indien 'n adolessent 'n sterk afkeur toon teenoor sy lewensdroom voor die verlies, moet die terapeut bewus wees daarvan dat dit moontlik 'n simptome van post-traumatische stres kan wees. Alhoewel sluiting op intense trauma moeilik kan wees, kan die gestaltterapeut die adolessent deur kreatiewe aanpassing lei tot assimilasië in die hier-en-nou.
- Die gestaltterapeut moet die verskillende polariteite wat adolessente beleef met betrekking tot hul verlies en lewensdrome, gebruik binne die terapeutiese proses. Konflik tussen verskillende

polariteite maak keuses vir adolessente moeilik en gevolglik kan dit hul lewensdrome beïnvloed. Oaklander (1978:158) beveel aan dat gestaltterapeute verhoogde bewustheid en begrip vir die adolessent moet hê wat aanvaarding meebring van die dele binne hom wat verskillend is. Sodoende kan hy groei en 'n sterker innerlike krag ontwikkel en gevolglik word keuses met betrekking tot die lewensdroom makliker.

- Gestaltterapeute kan adolessente lei om meer bewus te word van die identiteitskrisis en polariteite binne hulself. Met bewuswording kan oplossings gevind word vir probleme in die hier-en-nou en die adolessent kan bygestaan word om verantwoordelikheid te neem vir ontwikkeling van sy eie lewensdrome. Dus is dit die gestaltterapeut se plig om die adolessent die reg te gee om sy eie toekoms en drome te kies.

#### **6.5.4 Aanbevelings vir hulpbronne in die herstelproses na die verlies**

- Tydens die herstelproses na 'n verlies is dit noodsaaklik dat die gestaltterapeut adolessente bewus maak van hul ondersteuningsraamwerk. Meeste adolessente het aangedui dat hul vriende en familie die grootste bron van ondersteuning was in die herstelproses na 'n verlies. Terapie kan egter steeds sinvol wees ten spyte daarvan dat 'n adolessent 'n gesonde ondersteuningsraamwerk het.
- Kreatiewe hulpmiddels soos musiek, dans en literatuur, byvoorbeeld boeke of gedigte kan binne die spelterapeutiese proses gebruik word om die adolessent te lei tot bewuswording van sy eie behoeftes en keuses.
- Adolessente wat gebruik maak van drank of kalmeerpille is nie instaat om die pyn van die lewensveranderende gebeurtenis te hanteer nie. Hul skep sodoende 'n polariteit waaragter hulle skuil van



die realiteit. Die gestaltterapeut moet gebruik maak van hierdie polariteit om die adolessent te lei tot verantwoordelikheid in die hier-en-nou.

#### **6.5.5 Aanbevelings vir 'n keerpunt wat lei tot 'n nuwe lewensdroom**

- Aangesien adolessente genoem het dat die keerpunt hoofsaaklik 'n doelbewuste keuse is om met hul lewens aan te gaan na die verlies, moet die gestaltterapeut veral klem lê op die verantwoordelikheid wat geneem moet word vir elkeen se eie keuses. Sartre ([g.d], soos aangehaal in Servaty-Seib, 2004:130) beskryf hierdie keuse soos volg: "To be responsible means to be the author of one's own life design."
- Die ondersteuning van ander is deur literatuur (sien punt 2.6) aangedui as die keerpunt van persone wat 'n verlies ervaar het. Die adolessensiefase word gekenmerk deur sosiale interaksie en die belangrikheid van vriendskappe. Die gestaltterapeut moet die adolessent die geleentheid bied om sy vriendskappe te identifiseer en hierdie vriendskappe te gebruik as vertroeteling sowel as die motivering om dag na dag aan te pak na 'n verlies.
- Die rol van groepsterapie kan ook verder ondersoek word saam met die adolessent.
- Die gestaltterapeut moet egter die adolessent ondersteun om van omgewing-ondersteuning te beweeg na selfondersteuning.
- Verder het dit geblyk dat die ontmoeting van 'n rolmodel 'n keerpunt ervaring vir sommige adolessente mag wees. Die skryf van briewe kan in die behandeling van adolessente sinvol wees. Die gestaltterapeut kan saam met die adolessent eksperimenteer met hierdie kreatiewe hulpmiddel in die poging om kontak te maak met 'n rolmodel.

### **6.5.6 Verantwoordelikheid in die herskepping van die lewensdroom**

- Saam met die verlies wat gelei word, is daar ook 'n verlies aan 'n lewensdroom. Indien die adolessent nog nie tot die besef gekom het dat hul 'n lewensdroom verloor het nie, kan hul dit nog nie rou nie. Die gestaltterapeut kan vir die adolessent die konsep van lewensdrome en die verlies aan lewensdrome verduidelik. Hulle kan hierdie konsep saam ondersoek om te bepaal of die adolessent werklik 'n lewensdroom verloor het na sy verlies. Indien daar wel 'n verlies aan 'n lewensdroom was, is dit noodsaaklik dat die adolessent ook hierdie aspek van sy verlies moet rou.
- Verantwoordelikheid speel deurgaans 'n beduidende rol in gestaltterapie. Wanneer die adolessent bewus raak daarvan dat hy self die skrywer van sy eie droom of lewensstorie is, kan hy die verantwoordelikheid daarvoor neem. Die gestaltterapeut moet die adolessent bemagtig sodat hy doelgerigte stappe in die verwesenliking van sy eie droom kan neem.
- Die doel van gestaltterapie is volgens Yontef (1993:1) dat adolessente bewus moet word van wat hulle doen, hoe hulle dit doen en hoe hulle hulself kan verander. Die gestaltterapeut moet die adolessent in die laat adolessensiefase bewus maak daarvan dat dit wat hulle doen, onder andere met betrekking tot hul skoolwerk 'n effek op hul keuses het in die toekoms.

### **6.5.7 Balans en Polariteite**

- 'n Konstante balans moet deurgaans behou word tussen die positiewe sowel as negatiewe dimensies van 'n verlies. Indien die balans nie gehandhaaf word nie kan die polariteite nie vloei nie.
- Adolessente ervaar verskeie negatiewe sowel as positiewe emosies na afloop van 'n verlies. Die gestaltterapeut kan met behulp

van polariteite die adolessent ondersteun in die eksplorasië van hierdie emosies.

Na aanleiding van die bogenoemde aanbevelings kan voorstelle vir toekomstige studies gemaak word:

## **6.6 AANBEVELINGS VIR OPVOLGENDE STUDIES**

- Toekomstige navorsing ten opsigte van wyses waarop adolessente gehelp kan word om lewensdrome te formuleer, ongeag of hulle 'n verlies ervaar het, kan aanbeveel word.
- Toekomstige studies kan ondersoek instel na die ontwikkeling van lewensdrome by adolessente, die konneksie tussen geloof en die hantering van 'n verlies, en die invloed van werkloosheid in Suid-Afrika op die adolessent se lewensdrome en toekomsplanne.
- Toekomstige navorsers kan op hierdie studie bou deur verdere kwalitatiewe navorsing. Onderhoude met adolessente waarin spesifiek navraag gedoen word oor hul visie vir die toekoms, hul opinie oor hoop en die vervulling van lewensdrome kan, waardevol wees.
- Riglyne kan vir gestaltterapeute saamgestel word met betrekking tot die hantering van adolessente wat 'n verlies aan lewensdrome ervaar het.

Die volgende hipotese of stellings kan dus ooreenkomstig gemaak word:

- Adolessente se hoop en lewensdrome word deur bepaalde faktore in Suid-Afrika beïnvloed.
- Gestaltterapeute benodig riglyne met betrekking tot die hantering van adolessente wat 'n verlies aan lewensdrome ervaar het.

## **6.7 TEN SLOTTE**

Enige verlies kan lei tot 'n verlies aan 'n lewensdroom. Die aanbevelings bied riglyne aan gestaltterapeute wat met adolessente werk wat 'n verlies ervaar het. 'n Beter begrip vir wanbalans in die adolessent wat rou kan vir gestaltterapeute rigting gee in die behandeling wat volg. Die gestaltterapeut het inderdaad 'n rol om te speel by die adolessent wat 'n verlies ervaar het, nie net in terme van verliesberading nie, maar ook in die skepping of herskepping van lewensdrome.

## **BRONNELYS**

Abrams, K, Theberge, S.K. & Karan, O.C. 2005. Children and adolescents who are depressed: An ecological approach. *Professional school counseling*, 8(3), Februarie:284-292.

Adams, D.W. 2002. The consequences of sudden traumatic death: The vulnerability of bereaved children and adolescents and ways professionals can help, in G.R. Cox, R.A. Bendiksen & R.G. Stevenson (red.). *Complicated grieving and bereavement: Understanding and treating people experiencing loss*. Amityville: Baywood uitgewers. 23-40.

Adler, R.B., Rosenfeld, L.B., Towne, N. & Proctor II, R.F. 1998. *Interplay: The process of interpersonal communication*. 7de Uitgawe. Fort Worth: Harcourt Brace Universiteitsdrukkers.

Ainsworth, M.D., Blehar, M.C., Waters, E. & Wall, S. 1978. *Patterns of attachment: A psychological study of the strange situation*. New Jersey: Lawrence Erlbaum.

Allen, J.P., Porter, M.R., McFarland, F.C., Marsh, P. & McElhaney, K.B. 2005. The two faces of adolescents' success with peers: Adolescent popularity, social adaptation, and deviant behaviour. *Child development*, 76(3), Mei/Junie:747-760.

Attig, T. 2002. Relearning the world: Always complicated, sometimes more than others, in G.R. Cox, R.A. Bendiksen & R.G. Stevenson (red.). *Complicated grieving and bereavement: Understanding and treating people experiencing loss*. Amityville: Baywood uitgewers. 7-19.

Babbie, E. 2002. *The basics of social research*. 2de uitgawe. Belmont: Wadsworth/Thomson.

Bednar, D.E. & Fisher, T.D. 2003. Peer referencing in adolescent decision making as a function of perceived parenting style. *Adolescence Roslyn heights*, 38(152), Winter:607-621.

Bezuidenhout, F.J. (red.). 2002. *A reader on selected social issues*. 2de uitgawe. Pretoria: Van Schaik. 87-100.

Black, D. 1998. Bereavement in childhood, in C.M. Parkes & A. Markus (red.). *Coping with loss*. Londen: BMJ boeke. 28-35.

Blaikie, N.W.H. 2000. *Designing social research: The logic of anticipation*. Cambridge: Polity press.

Bowlby, J. 1973. *Attachment and loss: Separation, anxiety and anger*. Vol 2. Londen: Hogarth.

Bowman, T. 1994. Using poetry, fiction, and essays to help people face shattered dreams. *Journal of poetry therapy*, 8(2):81-89.

Bowman, T. 1999. Shattered dreams, resiliency and hope: "Restorying" after loss. *Journal of personal & interpersonal loss*, 4 (2), April–Junie:179-194.

Codrington, G. & Grant-Marshall, S. 2005. *Mind the gap*. Johannesburg: Penguin.

Cohen, A. 2002. Gestalt therapy and post-traumatic stress disorder: The potential and its (lack of) fulfillment. *Gestalt! [Elektronies]*, (6)1.

Beskikbaar: <http://www.g-g.org/gej/6-1/gestaltptsd.html>. [2003, 22 Junie].

Conrad, G.J. 1991. Death, loss, and grief among middle school children: Implications for the school counselor. *Elementary school guidance & counseling*, 26(2), Desember:139-149.

Cook, P. 1996. Long term follow-up and support, in B. Lindsay & J. Elsegood (red.). *Working with children in grief and loss*. Londen: Baillière Tindall. 97–114.

Cooper, C.A. 1999. Children's dreams during the grief process. *Professional school counseling*. 3(2), Desember:137-141.

Corr, C.A. 1995. Children and death: Where have we been? Where are we now?, in D.W. Adams & E.J. Deveau (red.). *Beyond the innocence of childhood: Factors influencing children and adolescents' perspectives and attitudes toward death*. Vol 1. Amityville: Baywood uitgewers. 15-28.

Csikszentmihalyi, M. 1990. *Flow: The psychology of optimal experience*. New York: Harper & Row.

De Klerk, A. 2005. Storieboek einde. *Finesse*, Julie:76-77.

De La Ray, D.P. 2005. Persoonlike onderhoud. 24 Julie, Pretoria.

Denzin, N.K. & Lincoln, Y.S. (red.). 2000. *Handbook of qualitative research*. 2de uitgawe. Thousand Oaks: Sage uitgewers.

DeSpelder, L.A. & Strickland, A.L. 1983. *The last dance: Encountering death and dying*. Kalifornia: Mayfield.

DeSpelder, L.A. & Strickland, A.L. 1995. Using life experiences as a way of helping children understand death, in D.W. Adams & E.J. Deveau (red.). *Beyond the innocence of childhood: Factors influencing children and adolescents' perspectives and attitudes toward death*. Vol 1. Amityville: Baywood uitgewers. 45-53.

Deveau, E.J. 1995. Perceptions of death through the eyes of children and adolescents, in D.W. Adams & E.J. Deveau (red.). *Beyond the innocence of childhood: Factors influencing children and adolescents' perspectives and attitudes toward death*. Vol 1. Amityville: Baywood Uitgewers. 55-91.

De Vos, A.S. 2002. Qualitative data analysis and interpretation, in A.S. De Vos (red.). *Research at grass roots*. 2de uitgawe. Pretoria: Van Schaik. 339-355.

Du Toit, N. 1996. *Lewe om te lewe*. Pretoria: Anrics.

Du Toit, N. 2006. Korrespondensie. 10 Maart, George.

Fouché C.B. 2002a. Problem formulation, in A.S. De Vos (red.). *Research at grass roots*. 2de uitgawe. Pretoria: Van Schaik. 104-113.

Fouché C.B. 2002b. Research Strategies, in A.S. De Vos (red.). *Research at grass roots*. 2de uitgawe. Pretoria: Van Schaik. 270-277.

Fouché C.B. & Delport, C.S.L. 2002a. The place of theory and the literature review in the qualitative approach to research, in A.S. De



Vos (red.). *Research at grass roots*. 2de uitgawe. Pretoria: Van Schaik. 265-269.

Fouché C.B. & Delport, C.S.L. 2002b. Introduction to the research process, in A.S. De Vos (red.). *Research at grass roots*. 2de uitgawe. Pretoria: Van Schaik. 77-92.

Fraley, R.C & Shaver, P.R. 1999. Loss and bereavement: Attachment theory and recent controversies concerning “grief work” and the nature of detachment, in J. Cassidy & P.R. Shaver (red.). *Handbook of attachment: Theory, research, and clinical applications*. New York: Guilford. 735-757.

Frank, A.W. 1991. *At the will of the body: Reflections on illness*. Boston: Houghton Mifflin.

Gabell, Y. 1996. Selfesteem and loss, in B. Lindsay & J. Elsegood (red.). *Working with children in grief and loss*. Londen: Baillière Tindall. 115–136.

George, R.L. & Christiani, T.L. 1995. *Counseling theory and practice*. 4de uitgawe. Boston: Allyn & Bacon.

Greeff, M. 2002. Information collection: Interviewing, in A.S. De Vos (red.). *Research at grass roots*. 2de uitgawe. Pretoria: Van Schaik. 291-320.

Grinnell, R.M. & Williams, M. 1990. *Research in social work: A primer*. Illinois: Peacock.

Hallam, B. & Vine, P. 1996. Expected and unexpected loss, in B. Lindsay & J. Elsegood (red.). *Working with children in grief and loss*. Londen: Baillière Tindall. 56–71.

Hamilton, J.D. 1997. *Gestalt in pastoral care and counselling*. New York: Harworth pastoraal drukkers.

Harman, R.L. 1975. A gestalt point of view on facilitation growth in counseling. *Personnel and guidance journal*, 53(5), Januarië:363-366.

Hart, C. 1998. *Doing a literature review. Releasing the social science research imagination*. Londen: Sage Uitgewers.

Harvey, J.H. 2002. *Perspectives on loss and trauma: Assaults on the self*. Thousand Oaks: Sage uitgewers.

Huysamen, G.K. 1994. *Methodology for the social and behavioural sciences*. Bloemfontein: Southern boekuitgewers.

Janoff-Bulman, R. 1992. *Shattered assumptions: Towards a new psychology of trauma*. New York: Free press.

Joyce, P. & Sills, C. 2001. *Skills in gestalt counseling and psychotherapy*. Londen: Sage uitgewers.

Kaplan, H.I. & Sadock, B.J. 1998. *Synopsis of psychiatry: Behavioral sciences/clinical psychiatry*. 8ste uitgawe. Baltimore: Willams & Wilkins.

Kelly, M.M. 1995. Play therapy with sexually traumatized children: Factors that promote healing. *Journal of child sexual abuse*. 4(3):1-11.

Kim, J. & Kramer, G. 2002. Insight dialogue meditation with anxiety problems. *Gestalt!* [Elektronies], 6(1). Beskikbaar: <http://www.g-g.org/gej/6-1/insightdialogue.html>. [2003, 22 Junie].

Kingsolver, B. 1995. *High tide in Tuscon: Essays from now or never*. New York: HarperCollins.

Kirgiss, C. 2000. Forever friends. *Campus life*, 58(8), Maart/April:30-35.

Kübler-Ross, E. 1969. *On death and dying*. London: Tavistock.

Kübler-Ross, E. 1983. *On children and death*. New York: Macmillan uitgewers.

Leedy, P.D. & Ormrod, J.E. 2001. *Practical research: Planning and design*. 7de uitgawe. New Jersey: Merrill Prentice Hall.

Le Roux, L. 2005. Persoonlike onderhoud. 24 November, Pretoria.

Lester, A.D. 1995. *Hope in pastoral care and counseling*. Kentucky: Westminster drukkers.

Louw, A.E., Louw, D.A. & Sharp, A.A. 1990. *Studiegids vir menslike ontwikkeling*. Pretoria: HAUM.

Marshall, C & Rossman, G.B. 1995. *Designing qualitative research*. 2de uitgawe. Thousand Oaks: Sage uitgewers.

Massimo, C.D. 1998. Job loss, in R. Weston, T. Martin & Y. Anderson (red.). *Loss and bereavement: Managing change*. Oxford: Blackwell Science. 100-117.

McCreight, S. 2004. A grief ignored: Narratives of pregnancy loss from a male perspective. *Sociology of health and illness*, 26(3):326-350.

McIlwraith, H. 2001. *Coping with bereavement*. Oxford: Oneworld.

Meyer, W.F. 1997. Die egosielkundige teorie van Erik Erikson (1902-1980), in W.F. Meyer, C. Moore & H.G. Viljoen (red.). *Personologie: Van individu tot ekosisteem*. 2de uitgawe. Johannesburg: Heinemann. 212-240.

Mitchell, K.R. & Anderson, H. 1983. *All our losses, all our griefs: Resources for pastoral care*. Philadelphia: Westminster drukkers.

Mouton, J. & Marais, H.C. 1989. *Metodologie van die geesteswetenskappe: Basiese begrippe*. 3de uitgawe. Pretoria: RGN.

Mouton, J. & Marais, H.C. 1990. *Basiese begrippe: Metodologie van die geesteswetenskappe*. Hersiene uitgawe. Pretoria: RGN.

Neimeyer, R.A. 2001. Reauthoring life narratives: Grief therapy as meaning reconstruction. *The Israel journal of psychiatry and related sciences*, 38(3-4):171-183.

Norman, P. 2003. You are free to share your dream: What dreams mean to me. *Unmasked*, 12(3), Herfs:137.

Oaklander, V. 1978. *Windows to our children: A gestalt therapy approach to children and adolescents*. Highland: Gestalt joernaal drukkers.

Oaklander, V. 2000. Short term gestalt play therapy for grieving children, in H.G. Kaduson & C.E. Schaefer (red.). *Short-term play therapy for children*. New York: Guilford drukkers. 28-52.

Parkes, C.M. 2001. A historical overview of the scientific study of bereavement, in M.S. Stroebe, R.O. Hansson, W. Stoebe, & H. Schut (red.). *Handbook of Bereavement Research consequences, coping and care*. Washington D.C: Amerikaanse psigologiese assosiasie. 25-45.

Paulson, S.E. & Sputa, C.L. 1996. Patterns of parenting during adolescence: Perceptions of adolescents and parents. *Adolescence. Roslyn heights*, 31(122), Somer:369-382.

Perry, B.D. 2000. Children and loss. *Scholastic parent & child*, 8(2), November/Desember:66-69.

Pienaar, A. 2006. Persoonlike onderhoud. 27 Januarie. Pretoria.

Polster, E. & Polster, M. 1973. *Gestalt therapy integrate: Contours of theory and practice*. New York: Brunner/Mazel.

Post, L. & Van Antwerpen, T. 1997. Occupational therapy with adolescents, in R.B. Crouch & V.M. Alers (red.). *Occupational therapy in psychiatry and mental health*. 3de uitgawe. Kaapstad: Maskew Miller. 185-202.

Prinsloo, C.E. 2005. Persoonlike onderhoud. 5 Desember. Pretoria.

Rathbone, B. 1996. Developmental perspectives, in B. Lindsay & J. Elsegood (red.). *Working with children in grief and loss*. Londen: Baillière Tindall. 16-31.

Sabar, S. 2000. Bereavement, grief and mourning: A gestalt perspective. *Gestalt review*, 4(2):152-168.

Sarantakos, S. 1998. *Social research*. 2de uitgawe. Londen: Macmillan drukkers.

Schoeman, J.P. & Van Der Merwe, M. 1996. *Entering the child's world: A playtherapy approach*. Pretoria: Kagiso uitgewers.

Servaty-Seib, H.L. 2004. Connections between counseling theories and current theories of grief and mourning. *Journal of mental health counseling*, 26(2),April:125-146.

Strydom, H. & Delpont, C.S.L. 2002. Sampling and pilot study in qualitative research, in A.S. De Vos (red.). *Research at grass roots*. 2de uitgawe. Pretoria: Van Schaik. 333-338.

Sussillo, M.V. 2005. Beyond the grave. Adolescent parental loss: Letting go and holding on. *Psychoanalytic dialogues Hillsdale*, 15(4),Julie/Augustus:499-527.

Talbot, K. 2002. *What forever means after the death of a child: Transcending the trauma, living with the loss*. New York: Brunner-Routledge.

Thompson, C & Rudolph, L.B. 1992. *Counseling children*. 3de uitgawe. Kalifornia: Brooks/Cole uitgewers.

Thyer, B.A. 2001. *The handbook of social work research methods*. Thousand Oaks: Sage uitgewers.

Tosone, C., Gelman, C.R. & McVeigh, L. 2005. Through their own eyes: A media-based group approach to adolescent trauma. *International journal of group psychotherapy*, 55(3), Julie:415-433.

Tschudin, V. 1997. *Counseling for loss and bereavement*. Londen: Baillière Tindall.

Vogel, J. 2004. *Exploring temperaments in the mother-child relationship: Educational psychological perspective*. MA-tesis. Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika.

Ward, B (red.). 1996. *Good grief: Exploring feelings, loss and death with over elevens and adults. A holistic approach*. 2de uitgawe. Londen: Jessica Kingsley uitgewers.

Wilburn, V.R. & Smith, D.E. 2005. Stress, self-esteem, and suicidal ideation in late adolescents. *Adolescence*, 40(157), Lente:33-48.

Wright, D. 2002. Loss story. *Journal of loss and trauma*, (7):275-283.

Yalom, I.D. 1995. *The theory and practice of group psychotherapy*. 4de uitgawe. New York: BasicBooks.

Yontef, G. 1993. *Awareness, dialogue, and process*. New York: Gestalt joernaal drukkers.

Yule, W. 1996. The effects of disasters on children, in B.Ward (red.). *Good grief: Exploring feelings, loss and death with over elevens and adults. A holistic approach.* 2de uitgawe. Londen: Jessica Kingsley uitgewers. 49-52.



## **BYLAAG A**

### **ETIESE VORMS VOOR AANVANG VAN DIE STUDIE**

#### **TOESTEMMING TOT ONDERHOUD VIR NAVORSINGSPROJEK:**

Hiermee gee ek, \_\_\_\_\_ ouer van \_\_\_\_\_ toestemming dat Me. Belinda von Wielligh die inhoud van die voorgenome onderhoude mag gebruik vir navorsingsdoeleindes. Verder word toestemming verleen dat die onderhoude gevoer deur Me. von Wielligh op kasset opgeneem mag word. Ek is bewus van die moontlike gevolge wat die voorgenome navorsing op my kind se daaglikse lewe en emosionele toestand of gemoed mag hê. Ek sowel as my kind neem met instemming deel aan die navorsing en weet dat ek my kind enige tyd van die navorsing mag onttrek, of dat my kind die reg het om enige tyd te onttrek.

Verder word toestemming verleen dat alle inligting verkry sowel as notas gemaak deur die navorser gebruik mag word slegs vir professionele doeleindes. Hierdie inligting mag slegs gebruik word vir die doeleindes van die studie en moet ten alle tye vertroulik hanteer word. Dokumentasie, notas en kasset opnames moet vyf jaar na voltooiing van die studie vernietig word.

**Geteken te** \_\_\_\_\_

**Datum** \_\_\_\_\_

\_\_\_\_\_  
**Ouer:**

\_\_\_\_\_  
**Respondent**

\_\_\_\_\_  
**Me. Belinda von Wielligh**

M. Diac Speltherapie Student

## **TOESTEMMING TOT ONDERHOUD VIR NAVORSINGSPROJEK:**

Hiermee gee ek, \_\_\_\_\_ toestemming tot die onderhoude vir navorsingsdoeleindes, deur Me. Belinda von Wielligh binne groepsverband. Verder verleen ek toestemming dat die onderhoude gevoer deur Me. von Wielligh op kasset opgeneem mag word. Ek is bewus van die moontlike gevolge wat die voorgenome navorsing op my daaglikse lewe en emosionele toestand of gemoed mag hê. Ek neem met instemming deel aan die navorsing en weet dat ek enige tyd van die navorsing mag onttrek. Ek is bewus daarvan dat ek geen inligting met die navorser hoef te deel wat my ongemaklik laat voel nie. Ek is verder bewus daarvan dat ek die navorser mag kontak indien ek verdere inligting wil deel wat ek nie binne groepsverband wou deel nie. Ek verbind myself aan konfidensialiteit binne hierdie groep en sal die inligting wat ek binne hierdie groep verkry as vertroulik hanteer.

Verder word toestemming verleen dat alle inligting verkry sowel as notas gemaak deur die navorser gebruik mag word slegs vir professionele doeleindes. Hierdie inligting mag slegs gebruik word vir die doeleindes van die studie en moet ten alle tye vertroulik hanteer word. Dokumentasie, notas en kasset opnames moet vyf jaar na voltooiing van die studie vernietig word.

**Geteken te** \_\_\_\_\_

**Datum** \_\_\_\_\_

\_\_\_\_\_  
**Respondent:**

\_\_\_\_\_  
**Me.Belinda von Wielligh**

M.Diac Speltherapie Student

**BYLAAG B**

**SEMI-GESTRUKTUREERDE ONDERHOUDSKEDULE AAN  
ADOLESENTE**

- 1. Agtergrond inligting van die respondent (Plaas respondent op sy/haar gemak)**

---

---

- 2. Hoe lank gelede het die verlies plaasgevind \_\_\_\_\_**

- 3. Wat was die omstandighede rondom die verlies (Het jy byvoorbeeld enige skuldgevoelens / was dit byvoorbeeld weens nalatigheid / was dit as gevolg van 'n terminale siekte)**

---

- 4. En wat het toe gebeur?**

---

---

- 5. Wat was jou drome vir jou lewe / jul verhouding / jul gesin / jou loopbaan / jou talente voor die verlies?**

---

---

- 6. Hoe het jou lewensdrome verander na die verlies?**

---

---

- 7. Wat het jou geassisteer / gehelp in jou proses van herstel (recovery)?**

---

---

8. Wat was die keerpunt / draaipunt wat veroorsaak het dat jy hierdie nuwe lewensdrome kon vorm?

---

---

9. Wat was die faktore wat aanleiding gegee het tot die herskepping van hierdie droom?

---

10. As jy nou terugdink aan die verlies, hoe sal jy dit beskryf?  
(lewensveranderend, lewensverrykend, negatief, positief, vrees vir die dood / meer of minder deernis/empatie, houding teenoor die lewe en dood, begrip of respek vir natuur, lewe, funksie, gesin, liefde ens)

---

#### ALGEMENE NOTAS EN WAARNEMINGS

11. Gewilligheid/ samewerking ten opsigte van die skedulering van die onderhoud

---

12. Ouderdom van die respondent \_\_\_\_\_

13. Geslag van die respondent M\_\_\_\_\_ / V \_\_\_\_\_

14. Eerste indruk van persoonlikheid

---

15. Kernkonsepte wat deur die respondent uitgelig word met betrekking tot die verlies

---

16. Duur van die onderhoud \_\_\_\_\_

17. Kritiek teenoor onderhoudvoering / tydsbereiking of ander faktore wat die uitkoms van die onderhoud kon beïnvloed het

---

## **BYLAAG C**

### **TRANSKRIBERING VAN SEMI-GESTRUKTUREERDE**

#### **ONDERHOUD 1**

**VRYDAG 2005/09/09**

*O: Onderhoudvoerder*

Daar was 7 tieners in die groep. Daar word na hulle verwys met alfabetiese letters. Een groepslid het nooit gepraat nie en deur die loop van die groep afgekyk en met haar hare gespeel. Sy het ook vroeg die groep verlaat. Die groep het bestaan uit 7 tieners waarvan 3 manlik was en 4 vroulik.

A: Groepslid 1: Meisie

B: Groepslid 2: Meisie

C: Groepslid 3: Meisie

D: Groepslid 4: Meisie

X: Groepslid 5: Seun

Y: Groepslid 6: Seun

Z: Groepslid 7: Seun

*O: Oraait. Soos ek vir julle gesê het, mm, gaan van die goeters intens wees. So as jy regtig waar voel dit is te na aan jou... Want ons praat oor verliese. Ongelukkig is dit 'n redelike "tender subject". As jy voel dit is te naby aan jou, dan antwoord jy nie of jy sê net ek wil nie daardie antwoord nie of "whatever". En as jy voel dat daar iets is wat jy te skaam is om voor die ander te sê of jy dink daar is iets anders wat vir my dalk waardevol kan wees, is julle welkom om my nommer net by A te kry en my te bel.*

**A:** Of julle kan net bly vir die tweede sessie.

*O: Of julle kan inskakel by die volgende sessie as julle nog meer het om met my te deel (lag) – (almal glimlag)*

**O:** So as ek net kan begin, wil ek net seker maak julle almal is nou agtien né?

**X:** Ja

**Y:** Ja

**A:** Ek is twaalf tannie!! (almal lag)

**O:** Twaalf is reg... goed jy is in vroeë puberiteit dan. Dan is die ander net 'n paar stappies voor jou! (almal lag) Okay.

**O:** Wat ek eintlik by julle wil weet is. Elkeen van julle het seker al teen hierdie tyd soos ek gepraat het, met die agtergrond van die, dit gaan oor verliese. Het julle al teen die tyd 'n redelike idee in jou kop van 'n verlies wat jy mee kan assosieer hierso? Is ek reg?

**A:** Kan ek meer as een hê?

**B:** Ja (Praat op selfde tyd as wat A vraag vra).

**O:** Jy kan meer as een hê. Natuurlik. Meer as een is ook toepaslik. Maar as daar een spesifiek is waaraan jy dink is dit ook goed. As jy aan 'n klomp goeters dink is dit ook so. Een van die ander goed is ook natuurlik dat baie keer gebeur daar een ding met jou, soos iemand naby aan jou gaan dood en dan gebeur daar ander dinge soos jy verloor ander mense ook, of jy moet dalk trek as gevolg van dit en jy verloor vriende, verloor 'n hele lewe, so een verlies gaan in baie mense se geval met baie ander verliese gepaard. So as jy half, daardie ketting van verliese in gedagte het is dit ook "fine". So ek weet nie of daar enige van julle is wat net vir my 'n idee wil gee van hoe lank terug het dit gebeur nie? Julle hoef regtig nie elkeen op die ry af te antwoord nie Net wat by jou opkom, sodat ek weet- praat ons hier van goed wat ses jaar terug, of drie jaar terug of 'n jaar terug gebeur het?

**A:** Okay, myne is vyf jaar terug.

**B:** Myne is twee jaar terug.

**C:** Myne is so vier maande terug.

**X:** Myne is twee tot drie jaar terug.

**Y:** Myne is drie jaar terug.

**O:** So ons praat van iets wat so paar jaar of “whatever” terug is (lag) dit is “fine”. Mmm. Die ander ding wat ek wil weet is die omstandighede rondom die verlies. As julle vir my so paar goedjies rondom dit kan sê, soos ek vir myself hier neergeskryf het, die verlies wat jy gelei het, voel jy dat dit was miskien as gevolg van siekte, ‘n besering, of so tipe iets wat gebeur het? Of andersins het jy miskien baie skuldgevoelens oor dit wat gebeur het, jy’t iets verloor, maar jy voel jy’t ‘n groot aandeel daarin gehad so jy’t skuldgevoelens? Byvoorbeeld, jy’t dronk bestuur en ‘n ongeluk gemaak en toe vat jou ma-hulle jou kar weg en nou het jy nie vervoer nie? So dit is vir jou ‘n verlies of so tipe van iets as gevolg van dit het jy miskien ander skuldgevoelens of so? Okay? As een van julle dan vir my wil sê wat basies was die verlies wat jy gelei het en wat was die gevoelens rondom die verlies. So paar gedagtes daaroor kan hê... (Lang stilte.

**B:** (lag) Ja wel..... my ma-hulle is uitmekaar uit, so dit is nogals ‘n verlies. Dit is “obviously” nie iets soos dood wat vir altyd is nie, maar ek het skuldgevoelens daaroor, ek voel ek het ook ‘n aandeel daarin. So hierdie goed is nie lekker nie (lag).

**O:** Ja natuurlik nie. Ek dink iets wat mense maklik vergeet is dat wanneer jou ouers byvoorbeeld skei of uit mekaar gaan IS dit ‘n verlies. Dis ‘n verlies aan hoe jou gesinsomstandighede was, dinge werk nou anders, selfs al het jy hulle nie verloor nie, hulle is nogsteeds daar vir jou, maar dinge is nou net nie meer soos dit was nie.

(Groep respons, mmm knik). Die oomblik wanneer dinge nie meer is soos wat dit was nie, is dit tog ‘n verlies.

**A:B:C:** Ja

**O:** Iemand anders wat ook nog iets wil sê?

**X:** Aan die begin van die jaar het my ouers mos Hongkong toe getrek, so ek bly nou al alleen ‘n hele rukkie. Dis nogals erg, jy’s nou nog net

eers agtien en jy's gewoon daaraan om... party mense is eers alleen op universiteit.

**O:** *Ja*

**X:** Maar dis nogals 'n ander ding as jou familie 13 000km van jou af bly. Jy kan nie altyd met hulle goeters deel nie.

**O:** *Ja..... nog iemand wat ietsie daaroor wou gesê het? (lang stilte).*

**Y:** Myne is te lank terug. Ek was omtrent ses jaar toe dit gebeur het. Ek kan nie eintlik iets onthou nie.

**O:** *Ja... Okay.*

**A:** Myne is baie goed. Basies van ek 'n babatjie is tot op agtien jaar. My broer het selfmoord gepleeg en dit was so vyf jaar gelede. En hy't altyd probeer om aandag by my pa en by my ma te kry, maar ongelukkig het dit nie so uitgewerk nie. So ja... dis "weird", en so omtrent twee tot drie jaar voor dit, was dit hel. Van wegloop tot enige ding waaraan jy kan dink, wat gebeur het en ek voel baie skuldig daaroor. Ek voel dit IS my skuld, want ek het 'n baie hegte verhouding met my broer gehad en als met mekaar gedeel en 'n week voor hy homself opgehang het, het hy dit vir my gesê en ek het nie die "guts" gehad om dit vir iemand te sê nie. So. Ja. Dit is my storie, so ja, ek voel skuldig. Dit laat my meer skuldig voel.

**O:** *Sjoe. Ek dink die verlies weens dood is een van die verliese wat mens duidelik kan sien. Soos jy gepraat het van jou ouers wat opsplut of weggaan. Ek dink ander mense besef nie die verlies wat jy lei nie, omdat hulle nie in jou skoene staan nie. Maar veral met so iets is dit 'n baie definitiewe verlies. Veral met... mmm ... selfmoord ... almal wat in kontak was met die persoon, het skuldgevoelens.*

**A:** Ek weet nie. Dit is snaaks. Die aand wat dit gebeur het, toe hy nou ry, en toe hy buitekant is en dit raak so stil, toe dink ek hy gaan weer wegloop, maar toe gaan hy en hang homself op 'n plek waar my pa amper elke dag verby ry so my pa voel hy wou hom terugkry, want elke keer wat hy daar verby ry, dan dink hy daaraan.



**O:** Ja

**A:** So baie mense voel skuldig. Dis waarom dit gaan, hy wou hulle nie terug kry nie, maar ek voel skuldig, omdat hy vir my gesê het hy gaan dit doen.

**O:** *Ek dink baie mense sê hulle gaan hulself doodmaak en dan doen hulle dit nie. So dit is moeilik om te weet wanneer is dit ernstig.*

**A:** Nee. My broer was nie eintlik die tipe wat grappies maak nie. Wat hy gesê het hy gaan doen, het hy gedoen. (kan verder glad nie hoor wat sy sê nie- sy praat al hoe vinniger en 'n hond blaf op die selfde tyd, die teks gaan verlore).

**O:** *Mens dink altyd so iets kan nie in jou eie gesin gebeur nie.*

**A:** Nee dit gebeur.....

**O:** *Ja (almal nou baie stil). Groot goed né. Okay. Nou is daar stilte (lag) Dankie A.*

**A:** Ek kan aangaan... ek het baie ander waarvan die vandaan kom... (almal lag)

**O:** *Uit wat sy gesê het... Daar's 'n hele klomp kernkonsepte, wat opkom. Soos wat jy nou ook gepraat het, oor skuldgevoelens. En jy't (kyk na Y terwyl praat) gesê jy kan nie eintlik onthou nie, so in jou geval toe jy klein was, was daar nie noodwendig skuldgevoelens nie, maar daar was dalk ander gevoelens wat jy rondom dit het?*

**Y:** Ek kon dit net nie verstaan nie. So ek het groot geword met dit. Maar ek kon net nie verstaan nie, want ek het altyd gevra nou hoekom het my ma en pa geskei.

**O:** *Mmmm*

**Y:** En niemand kan my daarop antwoord nie.

**O:** *Ek dink veral as jy klein is, en dit is ook waarin ek belangstel - wanneer jy klein is, verduidelik niemand vir jou waarom dit gaan nie, of in baie gevalle nie.*

**A:** Dis die idee wat die ouer mense het. Dat jy nie gaan onthou nie, maar ek weer, my ouers is geskei toe ek vier was, en ek kan alles

onthou van daai tyd af. Ek onthou ALLES. Al die goed wat gebeur het. Ek kan net van 'n baie jong ouderdom af alles onthou wat gebeur het. Selfs voor dit jy sou sê “Hey, jy’s te jonk om dit te onthou”? Maar ek onthou en weet van ALLES wat gebeur het.

(verlore gesprek – daar praat meer as een persoon op selfde tyd en mens kan nie een spesifieke gesprek uitmaak op die kasset nie.)

**B:** Wel dit moet 'n positiewe uitwerking op een of ander tyd hê....

**A:** Wat!? Die feit dat jou ouers skei?

**B:** Nee, my ouers is geskei, ek het sonder 'n pa groot geword, my ouma was die enigste persoon, wel familie, wat my aanvaar het, toe is sy dood. En ag, daarna het ek en my ma “closer” geword. As dit nie gebeur het nie dan sou ek en my ma nie “close” geword het nie. So alles het op een of ander stadium 'n positiewe uitwerking.

**A:** Ek voel dis onregverdig dat jy iets moet wegvat om iets te kan kry!

**B:** Nee, dit was net, ek sê, dit het 'n definitiewe.... (A val haar in die rede – voltooi nie haar sin nie)

**A:** Ek sê, my opinie is, ek voel nie dat jy iets moet wegvat uit jou lewe om 'n positiewe uitwerking te kry nie. Ek kan nie sê, okay, my ouers is geskei, en as hulle nie geskei het nie, sou my pa nie sy nuwe vrou ontmoet het nie en dan sou hulle nie die perfekte “couple” gewees het nie, en dan sou my ma nie mal gewees het nie, en sou my broer nie homself dood gemaak het nie. Ek kan nie sulke goed sê nie. As my ouers saamgebly het, dan kan ek sê- dalk was my broer nie nou dood nie, en ek nie soos ek nou is nie. Dan het ek nie soveel geweet soos ek nou weet nie.

**Z:** (Sê iets maar kyk direk na haar en onhoorbaar op die kasset).

**A:** PRESIES, dis my punt. Jy kan nie sê dat een ding verseker lei tot 'n volgende nie. Dis hoe ek daarvoor voel. Dis net 'n opinie.

**O:** *Mmm. Maar dis juis wat ek wil hê. Ek wil weet hoe julle dink oor hierdie goed.*

**A:** Ek weet nie of enige iemand met my saamstem nie, maar wat ek sê is, kom ons sê ek en hy is getroud, en ons skei, en nou trou hulle, en word sy my beste vriendin. So nou moet ons sê ek moes my man verloor het om 'n beste vriendin te kry? Die goed balanseer nie uit nie!

**O:** *Mmm.*

**A:** Dis wat my bekommer.

**B:** Ek het gesê, dit HET 'n positiewe uitwerking GEHAD!

**C:** Ek weet nie. Ek dink net, mmm persoonlik, ek kan in 'n afgrond gaan sit het en gesê het my ouers is onregverdig. Julle skei in die middel van my mmm flippen rekord eindeksamen. Nou gooi hulle tantrums in die huis. Ek is "obviously" deel van die situasie, want ek is deel van die huis. En...

**O:** *Mmm.*

**A,B,X:** Ja, mmm.

**C:** En as ek nou in sak en as gaan sit en sê "sorry" help my, en dis my skuld en dit gaan vir altyd en vir ewig nou so wees en "what what what", sal ek nêrens in die lewe kom nie. Want dis in 'n belangrike jaar van my lewe, so as ek dit nou opmors beteken dit dat ek dit einde volgende jaar sal moet oordoen wat onnodig is.

**O:** *Mmm.*

**C:** So ek verstaan wat sy sê. Kyk daar's baie positiewe goed ook wat hier uitkom, ek en my ma is nader aan mekaar, mmm, ek en my boetie is nader aan mekaar, mmm ek en my pa sit nou baie vas, maar dis op die stadium en ons is altwee baie hardkoppig en nie een van ons wil ingee nie. Maar as ek nie die positiewe goeters begin raaksien nie, sal ek nou nog in die "dumps" gesit het. Party maal moet mens net positief na goeters kyk om jouself daar deur te trek.

**O:** *Mmm. Maar op watter punt het jy besef, en jy ook (kyk na B) "O wag 'n bietjie nou is dinge anders". Is dit iets wat iemand vir jou gesê*

*het wat jou laat dink het dis anders of het jy self... Wat het gebeur?*

*Dit is wat ek regtig oor wonder?*

**C:** Kyk ek het 'n KEUSE gehad. Ek het 'n keuse gehad om in sak en as te gaan sit en weet ek moet keuring kry volgende jaar eintlik... mmm as ek nie keuring kry nie wat dan? So as ek nou in sak en as gaan sit gaan dit my niks help nie, eintlik gaan dit my toekoms belemmer. Daar is nie TYD vir dit nie. So "Deal with it". Sê vir jou ouers hoe jy daarvoor voel mmm, dan is dit klaar. Dit help nie ek hou aan nie. Dis die enigste manier hoe ek hierdeur gaan kom.

**O:** *So dit was eintlik in jou geval 'n doelbewuste keuse?*

**C:** Ja! 'n Baie doelbewuste keuse, want ek het geweet as ek gaan aanhou "moan" en kerm dan gaan ek nie deur my jaar kom nie. Aanhou want dit is wat ek soek so...

**B:** Dit pla my glad nie.

**Z:** Het jy dit al in Standaard nege besluit?

**C:** Ja.

**Z:** Maar as jy nie keuring kry nie? "So what!"

**C:** Nee! Ek is baie ... ek weet wat ek WIL doen. Ek WIL dit doen! Ek is jammer, as ek iets WIL doen, sal niemand my stop nie, verseker nie my pa nie!

**B:** Maar dis met enige ding so, mens moet net aanhou en nie moed opgee nie.

**C:** Ja en dis die probleem. Mense gee nogals baie maklik moed op in die sin van, jy voel jy kan nie meer nie, maar tog op die ou end kom jy daardeur, jy weet nie hoe nie, maar jy kom daar deur. Mense moet soms net daai ietsie ekstra insit.

**Z:** My ouers is ook geskei maar dit pla my glad nie.

**C:** Dit pla my ook nie.

**O:** *Dink jy nie omdat dit jou nie pla nie, is dalk omdat dinge beter is nou nie? Of... ek weet nie ek ken jou glad nie ek vat 'n raai?*

**Z:** My verhouding met my ma is baie \_\_\_\_ (vloek).

**O:** *Is dit?*

**Z:** Ja, maar dit pla my glad nie.

**A:** Maar was jy baie naby aan jou pa gewees?

**Z:** Nee, glad nie.

**A:** Ek en my pa is baie baie na aan mekaar.

**Z:** Maar dit is nou baie beter as wat dit was.

**O:** *Voel jy nou, sê maar oor mmm, die gesin of oor verhoudings anders as wat jy gedoen het voor die egskeiding? Kyk jy nou op 'n ander manier na dinge of voel jy dit het jou glad nie beïnvloed in hoe jy dinge bekyk nie?*

**Z:** Dit was nie vir my erg toe hulle skei nie, dit was nie vir my erg om van die huis af te trek nie, dit was nie vir my erg om my pa minder te sien nie, dit was nie vir my erg om in 'n kleiner huis in te trek nie. Mmm dit is so onbelangrik eintlik vir my daai goed. Ek het nie..... Wat my gepla het was toe ons na 'n kleiner huis getrek het, kon ek nie meer so baie vriende na my uitnooi nie, dis al wat my gepla het.

**A:** Hy's nie baie materialisties nie.

**Z:** AL waaroor ek "geworry" het was my vriende.

**O:** *So verhoudings is vir jou meer belangrik as goed?*

**Z:** Ja, BAIE belangriker.

**O:** *Sê nou maar jy't nie verhoudings gehad met al hierdie mense nie. As jy hulle nie gehad het nie, sou jy dinge seker anders ervaar het?*

**Z:** Ja, ek weet nie. Ek maak baie op my vriende staat. Baie.

**B:** Dis erg hoe mens jou in die ding indink. Toe MY ouers geskei is het my pa weggeloop. Toe kom hy terug met 'n nuwe vrou, en 'n kind en ek moet daai vrou aanvaar, ek moet HOM aanvaar. NEE. Ek wil nie, maar ek moet. Ek moet na my pa toe gaan oor 'n naweek met so groot "smile" op my gesig en hoe kan ek, ek wil nie maar ek moet....

**Z:** My ma het my gevra of ek okay is daarmee, en na soveel jaar wat hulle ongelukkig was, "worry" ek nie. (Dan sê hy iets en almal lag

maar dit is onduidelik op die kasset en kan nie getranskribeer word nie).

**O:** (Kyk na B terwyl praat). *Jy't netnou vir my gesê en dit was vir my nogals interresant dat jy en jou ouma so "close" was en toe is jou ouma oorlede en as gevolg van die feit dat jou ouma oorlede is, het jy en jou ma "close" geraak?*

**B:** Ja, maar in die selfde tydperk het my suster oorsee gegaan en my ma en sussie was "close" so my ma het my soortvan ingetrek en ek het nie meer iemand gehad nie so, ....familie.

**O:** *O okay. Mmm. So gee die een aanleiding tot die volgende en in jou geval het dit positief uitgewerk. So as ek vir julle moet sê "On your way to recovery" Soos jy nou ... (hier wys A 'n teken met haar hand van 'n bottel waaruit sy drink en almal lag).*

**Z:** Ja ons praat nie eens daarvoor nie (met verwysing na A wat verwys na drank).

**A:** Jy drink jousef sif! My broer is dood toe ek in standerd vyf was. Ek het 'n hele dag omgedrink in standerd vyf. As jy standerd vyf is, is jy maar dertien. Wat het jy gedoen toe jy standerd vyf was? Ek het nie karretjies gespeel en met poppies nie...

**C:** Ek het vrugtesap gedrink en kleikoekies gebak!

**O:** *Mmm.*

**B:** Ek kan nie onthou nie! (Almal lag)

**A:** Na dit het ek anorexia gekry.

**B:** Het nogsteeds (Sê dit agter haar hand en kyk weg van A).

**A:** En toe, ja, ek het verslaaf geraak aan slaappille, kalmeerpille. Standerd agt het ek nog meer afhanklik van drank geraak. Standerd nege het ek begin om myself te sny, ek doen dit nie meer nie, of net minder, maar ek het baie lank terug, as dinge te veel raak en ja... Ek is nou baie beter, elke dag affekteer dit my, elke dag word ek herhinder. Nou drink ek maar... (almal lag weer). Ek drink minder. Ja.

**C:** Ek gooi net goeters rond dan voel ek weer beter.

**B:** Ek gooi nogals heel raak! (almal lag weer).

(hier word die kasset gestop, die een meisie, D, moet huis toe gaan, en A gaan haar vat, so die kasset word gestop en almal gaan staan buite, drink nog koeldrank. Na 'n paar minute is A en nog een meisie terug, sy gaan eers in die volgende onderhoud deelneem, sit net by).

**O:** *Waar ons laas was toe ons gestop het was om te praat om, wat 'n nuwe gesprek begin het, maar wat sal julle sê het julle geassisteer in die proses van "recovery". En party ouens voel hulle in nog IN die proses en ander ouens sal sê ek is al deur die proses van "recovery". So wat dink julle as mens moet sê "ching ching ching" as jy dit net so moet opnoem. Wat is die goed wat vir jou as tiener ondersteun of help as jy deur 'n slegte tyd gaan?*

**B:** Vriende

**Y:** Vriende en familie (praat op selfde tyd as B).

**A:** Ek voel op hierdie ouderdom hang dit baie af van jou vriende. As hulle op selfde vlak as jy is. Ek kan nie na my ouers gaan ek sê "Hey ek sny my polse elke aand.. mmm gaan jy my help?" nie. My vriende sal sê "Kom na my toe, doen dit of maak so". Ek weet ek kan hom (wys na Z) drie uur in die oggend bel en hy sal luister. Net die feit dat jy weet dat daar iemand daar is vir jou daardie tyd van die oggend wat wil help, of iemand wat net sê "Baby, dit gaan okay wees, gaan net aan". Dan is jy soos "okay" (lag) en kan jy weer aangaan vir 'n rukkie.

**C:** Dan moet ek sê ek is nogals gelukkig. My ma-hulle is baie goed vir my, baie baie ondersteunend. Ek weet nie, ek steun nie regtig verskriklik baie op my vriende nie, alhoewel hulle 'n baie groot rol in my lewe speel. Ek bel nie elke dag my vriende soos in "Help my ek het jou nou nodig nie!". My ma en ek is baie baie "close". Ek steun eintlik baie op haar.

**O:** *So dit dra eintlik by tot die verhouding né?*

**C:** Ja.

**A:** (Praat baie sag en vinnig. Onmoontlik om woord vir woord te transkribeer, maar sy sê basies dat sy en haar pa 'n baie goeie verhouding het maar dat sy nie emosionele goed met hom kan deel nie, hy is baie hard.)

**O:** *So vir jou is vriende eintlik meer belangrik?*

**A:** Ook nie eintlik nie. Ek luister na hulle maar ja....

**O:** *(Kyk na Y wanneer die vraag stel). Jy't nou gesê, vriende en familie? Is daar 'n spesifieke familielid waaraan jy nou dink of is dit die hele globale...?*

**Y:** Die ding is, mmm ek weet nie hoe om te sê nie, die... die... die persoon wat in die familie is, wie ook al dit is met wie jy die beste oor die weg kom, kan jy baie meer mee praat as wat jy kan met...met ...mmm vriende. Maar jy weet nogsteeds jy kan met hulle ook praat. So jy weet nogsteeds jou familie is lief vir jou. So jy's nie kwaad vir hulle nie. Dit is wat ek dink. So ek voel meer ek moet die lewe uit ander mense se oogpunt sien. Dis hoe ek en my ma bymekaar is, nou eers, want ek was toe baie jonk gewees.

**B:** Ek verstaan... (lag).

**C:** Ek dink dit hang ook af van jou familie. Baie...

**O:** *Ja, wat sou jy sê? (kyk na X wanneer die vraag stel).*

**X:** Familie is maar.... Hulle weet ook waardeur jy gaan.

**A:** Ek is lief vir my pa, ek verdra my ma, ek is lief vir my stiefma, maar in my lewe is alkohol beter as die res.

**C:** Nee, my familie is vir my die ding, dit is wat vir my werk, so ja...

**O:** *Die ander ding wat ek wou vra is: As mens nou kyk na lewensdrome. Elkeen van ons het tog 'n bepaalde lewensdroom selfs al is dit nie 'n droom om 'n chiropraktisyn te word, daai tipe droom nie, op hierdie stadium of ouderdom is sulke tipe goeters soos die toekoms bietjie "shaky" en dis "fine". Maar as mens praat van lewensdrome, soos jy't 'n droom vir jou gesin, of 'n droom van 'n sekere talent van jouself, of 'n droom van iets spesifieks, wat jy dink jy kan bereik of so*



*tipe van iets. Dink julle jul lewensdrome het verander as gevolg van hierdie verliese? En die ander ding wat ek wil weet is, kan jy op 'n punt kom, of jy voel jy kan op 'n punt kom waar jy kan voel jy kan 'n nuwe droom vorm as gevolg van die verlies?*

**Y:** Ek het net myne so bietjie op sy gesit. Ek het steeds die gedagtes, maar ek weet dit kan net nie nou nie.

**O:** *Okay, kan jy bietjie meer spesifiek wees oor die droom, dit is steeds jou keuse.*

**Y:** Ja, ek wil, ek het 'n droom gehad dat ek in 'n "band" speel en daar is net mense en as jy (maak hier geluid van kitaar snaar wat trek) maak dan gaan die mense (maak hier geluid van 'n skare wat toejuig)! (Almal lag)

**O:** "Cool"!

**Y:** En dis vir my lekker! Die ... die musiek het ook my gehelp. Musiek het my gehelp om 'n paar goeters te sorteer.

**B:** Musiek help my ook.

**Y:** Ja, dis baie "nice".

**O:** *Okay. So meen jy jy't hierdie droom om eendag te kan (maak ook kitaar geluid) en dan (maak geluid van mense wat toejuig) opsy gesit om jouself tyd te moet gee?*

**Y:** Ek het daaroor gedink en besef dit is nie SO belangrik nie. Daar is 'n paar goed wat belangriker is.

**O:** *So jy sit dit net tydelik opsy? "Cool"!*

**Y:** Ja, ja basies.

**B:** Ek sal julle aan die einde van my droom vertel! (almal lag)

**A:** Ek het 'n droom oor die lewe. My droom gaan oor... vryheid. Ek wil vry wees om te sê wie ek is. Ek wil uitgaan saam wie ek wil. Ek wil in 'n wêreld bly waar ek voel ek's vry.

**Z:** Dit is so. Jy kan mos wees soos jy wil...

**A:** Nee jy kan nie!!! In die wêreld waar ons nou bly kan jy nie wees soos wat jy wil wees nie.

(res van die gesprek onduidelik en mis hier redelik baie teks)

**O:** *Nou wil ek net, een laaste, kom ek sê net twee laaste goedjies weet. As jul moet sê daar is 'n keerpunt of draaipunt. Ek wil weet wat is die keerpunt om 'n nuwe droom te skep nadat van jou drome verbrokkel het as gevolg van jou verliese. En party mense sal sê, maar daar is nie 'n keerpunt nie jy gaan maar net eenvoudig aan, druk net deur. En ander sal sê, nee maar daar was "actually" 'n definitiewe keerpunt. Dink julle daar is en as jul dink daar is, wat sal julle sê is dit?*

**C:** Ek sou sê as jy kyk na my omstandighede, ek het besef ek kan nie langer sit en "sulk" nie! Dis basies van... jy moet NOU daarmee "deal" en moet aangaan. Daar's nie tyd om eintlik vir myself jammer te kry en daai tipe van goed nie. Daar was twee sulke omstandighede in my lewe en die een omstandigheid het ek aanhou en nooit opgegee nie en met die ander een het dit my jare gevat en dit was eintlik nie so erg nie.... Dit was vir MY erg gewees, maar ek het besef ek kan nie in sak en as sit nie.

**O:** *So sê nou maar met die eerste situasie, jy hoef nie te sê wat dit was nie. Jy sê jy't lank in sak en as gesit, hoe het jy daaruit gekom?*

**C:** Ek het net geweet, nou moet ek ophou en nou met ek aangaan. Ek het nie 'n keuse gehad nie. Ek het nie 'n doelwit gehad nie. Ek het net half op my eie "mission" aangekarring so half, "whatever." Maar die keuring het nou 'n groot invloed op my lewe en as ek deur die eerste situasie kon kom dan weet ek ek kan deur die een ook kom. So ek het net geweet.

**O:** *So in jou geval, dit klink vir my asof daar nie iets gebeur het nie. Jy't nie 'n gedig gelees of iemand het met jou gepraat of jy was vir 'n sielkundige behandeling of dat jy kan sê DIT was die keerpunt nie? Dit was meer vir jou die motivering, die motivering om jouself reg te kry. Is ek reg?*

**C:** Ja

**O:** Okay.

(Hier praat A en Z met mekaar –die hond in die agtergrond blaf so hard dat die gesprek of die rigting van die gesprek op die kasset nie opgetel kan word nie- teks gaan hier verlore).

**C:** (in respons op A en Z se gesprek) Hoe ek nou weer voel, ek vloek en huil en skree en skop!

**O:** *So vir jou is dit half, jy't 'n reuse ontlading van aggressie nodig en sodra dit gebeur dan voel jy jy kan aangaan?*

**B:** Ja, ek hou daarvan as ek kwaad raak. Slaan, vloek huil en skel ek gooi goed en kruip weg in die kamer en voel dan later beter.

**O:** Okay.

**X:** Ekke, as jy eers motivering kan kry om dinge makliker te maak, dan is dit asof dit makliker raak. Dis moeiliker as jy dit nie wil aanvaar nie.

**O:** *So wat sou jy sê is die punt?*

**X:** Om alles net te aanvaar.

**Z:** Dit kan nooit terugbring wat jy verloor het nie.

**A:** Ja...

**O:** *Ja, dit kan nie terugbring wat jy verloor het nie nè..? Ek dink uit al die literatuur wat ek gelees het sê hulle jy kan kom op 'n punt waar jy kan aangaan, jy kan aangaan met jou lewe, of waar jy nuwe mense, vriende, mans of vrouens of "whatever" kan kry, jy kan nog weer 'n kind kry as jy 'n kind verloor het, maar jy sal nooit kan "fix" daardie gat wat die verlies daar gelaat het nie. As 'n mens, as jy nou terugdink aan die verlies en ons het nou gepraat van vrek baie goed.. en ek vra julle of dink julle daar kom iets positiefs daaruit, of jy kan iets daaruit leer, ek het nou 'n paar goed hier neergeskryf soos, as jy beskrywende woorde moet gebruik soos: lewensveranderend, lewensverrykend, negatief, positief, gee vir jou 'n vrees vir die dood, of minder vrees vir die dood, meer of minder deernis vir ander mense of meer of minder empatie vir ander se situasies, verander die houding teenoor die lewe, gee vir jou meer begrip vir die lewe of natuur, meer*

*respek vir jou eie gesin of vir liefde. As julle vir my nou sulke “pointers” kan gee. Wat sou julle sê?*

**Z:** Wys jou eintlik die lewe is \_\_\_\_\_ (onhoorbaar). Ek het minder respek vir grootmense.

**A:** Die lewe is nooit weer daarna dieselfde nie. (Verlore teks. Praat sag en die hond blaf).

**B:** Die lewe gebeur met almal! (almal lag)

**B:** Vir my is dit lewensveranderend. Dit het gemaak wie ek is vandag.

**A:** Oornag verander jou hele lewe. Iemand vra waar is jou boetie en jy het nie meer een nie. (Verlore teks)

**C:** Ek dink op die ou einde kom daar altyd iets positiefs. In ‘n mate is daar altyd ‘n positiewe uitwerking. Op die ou einde maak dit jou sterk. (verlore teks)

**O:** Kyk na Y en vra) *Wat dink jy?*

**Y:** Ek is sif gedink...

**O:** *Okay, “fine”. Is daar nog een van julle wat nog iets wil byvoeg, of wil weglaat!?* (almal lag)

**A:** Ja, daar by paragraaf ses afdeling drie seksie 3.2! (almal lag weer)

**O:** *Wat ek op die punt wil sê is ek waardeer dit baie dat julle bereid was om met my te praat oor die goed, ek weet julle ken my nie,...*

**C:** Ek dink dit maak dit makliker.

**Y:** Dit is makliker so...

**A:** Het ek gesê ek voel nou “vulnerable”....

**O:** *Ek dink ons kan dalk na die tyd ook gesels as jy wil? Wat ek vir die res van julle wil sê, dis vir my belangrik dat julle moet weet dat ek’s ‘n arbeidsterapeut en dit wat ek doen doen ek nou al vir die laaste agt jaar of “whatever”. Van mense wat met my goed deel wat baie naby aan hulle is en baie persoonlik is. En dit is my werk en my lewe om dit wat mense met my deel by my te hou. Ek vat nie my werk huis toe nie. Nou sit ons in my huis, so dit is half vreemd, maar mmm (lag). So wat ek eintlik wil sê is konfidensialiteit is vir my baie belangrik en*

ons is nou in 'n groepsituasie en dis hoekom ek ook vir julle die vorms gegee het om te teken sodat julle ook weet dat julle ook dieselfde konfidensialiteit binne die groep sal hê. Die ding wat ek skryf is 'n boek ofverhandeling wat so lyk (wys) en niemand se name word eers gebruik of nie eens die naam van die skool of enige so iets nie. So julle hoef nie daaroor te "worry" nie en wat ek wil voorstel, weet nie of julle daaroor wil praat nie. Ek weet julle is ook 'n vriendekring, dat dit wat julle ook gesê het binne julle bly. Dit maak dat julle ook veilig voel en dit is ook belangrik. Die ander ding wat ek wil sê is, as julle nou later vandag... wat ek wil sê is, elke dag dink julle aan chemie en wat julle hierna gaan doen en O'Hagens en al daardie goed en nou het ek julle hier in my sitkamer ingesleep en nou basies gesê "Hey kom ons sit die dinge weer op die tafel". So as dit julle nou laat dink aan dinge waaraan julle nie die hele wyle gedink het nie, kan dit julle dalk omkrap. So as julle later vandag of vanaand voel, en jy's aansienlik omgekrap, en jy't die behoefte om verder daaroor te praat en met iemand daaroor te praat, soos jul gesê het as jy weet jy kan met jou vriende daaroor praat dat jy hulle bel as jy voel jy kan op hulle "rely". En mekaar bel as julle voel jy't vrymoedigheid om met my te praat kan julle my ook bel. As julle die behoefte het dat ek jou die nommers moet gee van 'n sielkundige, psigiater, berader of sentrum dan kan ek so maak. Ek wil net hê julle moet weet dat die "resources" is daar. So baie baie dankie vir julle tyd veral op 'n vrydag middag, want ek het hierdie nodig om my studies af te sluit.

**Groep:** Dis okay! Dankie.

**TRANSKRIBERING VAN SEMI-GESTRUKTUREERDE  
ONDERHOUD 2  
VRYDAG 2005/09/09**

O:           Onderhoudvoerder  
C:           Tiener dogter, 18 jaar oud.

**O:** *Soos ek vir die ander net nou gesê het, ek is baie erg oor konfidensialiteit, so ek gaan jou nie op jou naam noem deur die loop van die onderhoud nie en ek gaan die vorms net stoor, dis een ding wat belangrik is. En alles wat op die "tape" opgeneem word, word getranskribeer deur iemand wat ek nie eens ken nie en die word dan as 'n bylaag ingevoeg. Julle name en detail en al daardie tipe goed word uitgesluit. So ek gaan nie eens oor jou agtergrond praat nie. So soos ek verduidelik het. My verhandeling gaan oor verlies van drome en nie 'n ander spesifieke verlies nie. Al die vorige ouens het baie gepraat oor dood en egskeiding. So "maybe" het jy ook nou al iets in jou kop, maar dit kan selfs 'n verlies wees aan veiligheid, of die verlies van 'n idee van iets hoe jy gedink het iets kan wees of daardie tipe van ding. Of 'n verlies aan iemand vir wie jy lief was of wat deel van jou lewe was, soos 'n "boyfriend" en mmm ja, daai tipe van "stuff". Dis eintlik waaroor dit vir my gaan. Wat ek graag wil weet is as ... as dit nou- jy's welkom om vir my meer inligting te gee, maar as jy nie so voel nie is dit ook "fine". Ek stel eintlik die meeste belang in die stertjie van die storie, oor die positiewe goed wat hieruit gekom het. Wat baie belangrik is vir my, is die herskepping van die lewensdroom. Watse drome het jy vir jouself of jou lewe gehad voor die verlies en toe het jy die verlies gehad en toe is daardie drome van jou verbrokkel en wat het gebeur dat jy nuwe drome kon vorm. En dit is waarin ek nou belangstel vir vandag se dinge.*

**C:** Okay.

*O: So mmm as jy basies vir my half 'n id e kan gee van jou verlies. Jy hoef nie in detail in te gaan as jy nie wil nie? Okay?*

**C:** My pa en ma is geskei drie jaar terug. My pa het my ma verneuk met 'n ander vrou, hy't vir niemand iets ges e nie, maar ek het geweet. En dan raak jou pa vir jou.... Jy voel nie meer hy's jou "pappa" nie. My pa was op 'n stadium vir my ALLES, ek ...ek en my pa se verhouding was op 'n stadium BAIE beter as ek en my ma se verhouding. Ons het ALLES saam gedoen. Ek het hom na dit GEHAAT. Hy't my ma vreeslik seer gemaak. Hy't voorheen daarheen gegaan en vir 'n lang tydperk weer teruggekom. En dan gaan hy weer... (lang stilte). Daai vrou wil ek net vermoor. Vir lank het ek nie na hom gegaan nie, nie daar gaan kuier nie. Ek en my ma het deur hel gegaan. My ma het 'n senuwee ineenstorting gekry. Sy was in die hospitaal. My ma het 'n jaar geneem en vir 'n jaar "about" om reg te kom... mmm en nou nog... en dit is dit. Ons het maar aangegaan en ek het later weer by hom begin kuier en ... ons het weer 'n verhouding begin bou. Nou't dit beter geraak. Ek en my pa kan nou kontak hou en ek kan soontoe gaan maar BAIE min. Dis 'n geval van ek bel hom en gaan soontoe en dan weer okay "Bye" en ja... SY... ek kan ook beter met haar oor die weg kom, maar ek sal haar nie kan vergewe vir dit was sy gedoen het nie. Ek dink sy's dom dom dom, dom soos in regtig dom soos gras. Partymaal is ek by die huis en dan dink ek "Wat DOEN my pa saam met hierdie vrou?" "WAT!?" Jy ken my ma, hoe kan jy haar vergelyk met enige iemand anders in die w reld? Teen my ma? Maar "anyway"... en mmm ja, so vat dit maar net so, ek "handle" dit, want ek MOET en .... hy, ek is oraait met hom maar baie keer as mens dit vir hom s e dan raak hy verskriklik kwaad en hy bly my behandel asof ek 'n kind is en ek verstaan blykbaar nie hoekom dit gebeur het nie, asof EK dom is. Ek's agtien jaar oud... EK verstaan BAIE goed waarom dit gaan! Mmm hy wil nie, hy wil nie huis toe kom nie en as hy kom is ons baie koud met hom. Ek wil vir hom s e: "Pa ek

HAAT jou!” Jy weet? Ek HAAT JOU! Wat gebeur het, het gebeur, so dis ‘n baie oppervlakkige verhouding en mmm (lag) ja. So ja, my ma nodig my. Baie van dit voel asof... wat hy, ag... wat hy teen my ma gedoen het, voel ook so teenoor my, want hy’t my ma GEBREEK. Sy was vir vier jaar lank in ‘n “state” by sielkundige hulp betrokke, en sy kon nie op haar eie bene staan nie. Ek moes net “cope”. Ek kan nie altyd nie, en mmm, my ma, mmm verstaan? Ek moes net “cope”. Ek was half, “you know”, ek moes groot word, oornag! En ek moes haar rondry, my ma was, sy was net... jy kan eintlik dit nie verduidelik nie. Ek en sy was absoluut alleen en sy’t skuldig gevoel oor wat met my gebeur het en mmm ja ek meen (lang stilte) ... so gaan ons maar aan.

**O:** *Mmm.*

**C:** Ek het, so rukkie terug het ek ‘n ou gehad en mmm ons was lank saam gewees en ek het gedink hy is “great”. En al daai dinge en op die ou einde was ons lank saam gewees en hy mmm hy’s nou my “ex”, want hy was seker hy wil my hê, maar toe’t ons uitgemaak en mmm ek het mmm dit bou net so op. Ek begin om mans te HAAT. My pa het dit begin en ek sien dit in hom en in ander ouens ook. Ja, ek ... ek, alles kom terug na my pa toe. En dan dink ek “Ek wil nie ‘n man hê wat DIT met my gaan doen nie!”. En ek weet nie... ek het net gesê ek haat dit as iemand vir my lieg, en hy het dit gedoen. Ek haat dit as iemand my “intelligence” onderskat en mmm hy’t dit gedoen en ja hy’t dit soort van erger gemaak, en ja. My pa is gemeen. Die man wat by my ma is, irriteer my, want hy probeer die hele tyd so perfek wees. Doen alles vir my ma, maar ek kan dit nie vat nie, ek kan self en dit voel vir my dit wat my pa aan haar gedoen het, het ons nie nodig gehad nie. Ek voel hy moet verstaan dat ek kwaad is.

**O:** *En jy het eintlik ...*

**C:** Ek weet ek het, ek het. En toe ek klaar vir hom gesê het voel ek spyt. Maar ek het my dinge, my vriende en so aan. Ek het nie daai... man as deel van my lewe nodig nie. Party keer dan dink ek weer



terug aan my kinderdae toe ek nog klein was, ek dink, ek het goeie tye gehad. Ek het nie geweet wat my pa doen nie, ek het nie geweet dat hy my ma verneuk nie. Ek het lekker tye gehad. Baie lekker tye, ons het geld ook gehad. Nou is dit anders.

**O:** *Soos ek gesê het, een verlies gee altyd aanleiding tot 'n volgende en 'n volgende en 'n volgende... Dit is gewoonlik nie net een ding in isolasie nie.*

**C:** Ja...

**O:** *Dink jy, hoe lank terug het jy gesê het dit gebeur? Vier jaar?*

**C:** Ja. Drie of vier jaar...

**O:** *Dink jy daar is iets soos 'n keerpunt? Dink jy daar is 'n punt waar jy kom kom en waar jy kan sê "Ek gaan nou 'n nuwe droom vir myself vorm". "Ek kan aangaan met 'n nuwe..." Dink jy daar is so iets?*

**C:** Ja.

**O:** *Of is dit vir jou moeilik om dit te kan insien waar jy NOU in jou lewe is?*

**C:** Waar ek nou is het ek weer begin omgee. Nie waar ek was, van ek haat daai en ek haat daai nie. Maar jy maak die lewe SO moeilik vir jouself en vir ander. Jy moet net BESLUIT gaan jy so aan neuk of gaan jy jouself regruk? Dit raak later aan beter... hoekom al die goed met jou gebeur het. "Go for it", maak dit werk! Ek meen ek het ... Ek dink wat by my 'n verskil gemaak het... daar was 'n paar mense in my lewe. Mmm na wie ek toe kon gaan... mmm en ALLES kon afpak en mmm. Sy't 'n baie groot verskil in my lewe gemaak. Sy... dinge wat sy gesê het en mmm net wat sy gedoen het. Ek dink... mmm net dat daar EEN persoon is wat so baie vir jou omgee, dat jy daardie persoon kan bel. Net dat daar een persoon was wat SO baie omgee het, dat dit voel dit is die moeite werd om te lewe. Jy is iets WERD, en jou lewe beteken iets vir iemand want ek KAN my pa blameer vir alles ... ek dink dit gaan altyd saam met my daar wees. Maar dit help nie... Ek moet aangaan met my lewe en ... "bowen" dit,

ek wil nie 'n droom hê en dit gebeur nie. So dit is nie noodwendig dat jy nie 'n droom het nie. Ek dink as jy 'n droom het en jy glo daarin dan kan jy dit maak werk ongeag wat gebeur het. Ek dink dit sal afhang van jou karakter. Jy sê "Ek gaan nou hierdie ding doen maak nie saak WAT gebeur nie"!

**O:** *Het jy een?*

**C:** Ek dink ek het ja...

**O:** *Wat is jou droom?*

**C:** Ek het hierdie ding dat ek New York toe wil gaan. My ma-hulle vlieg vir SAL so ek was al baie daar gewees, maar ek dink net, al wat ek weet is net ek het altyd gedink ek wil soontoe gaan, maak nie saak wat nie. Maar nou, my ma is alleen so ek moet bly vir haar... en my pa, hy wil glad nie hê ek moet gaan nie. Ek moet na my ma kyk. Maar ek weet nie. Ek wil verskriklik graag, al gaan ek net vir 'n rukkie om te bly. WEG van die mense af, wat ALLES kompliseer, jy weet.... Ja maar dis maar ietsie klein...

**O:** *Maar dit beteken baie vir jou?*

**C:** Ja...

**O:** *Dink jy .. mmm as jou ouers nie geskei het nie en jy nie deur al hierdie 'crap' was nie, sou jou behoefte om New York toe te gaan net so groot gewees het? Of dink jy al hierdie goed maak juis jou behoefte groter om te gaan?*

**C:** Ek dink so ja, ek sou steeds wou gaan. Om daar te bly en te werk, maar ek dink nie ek sou wou gaan om net hier te MOET WEG kom nie verstaan? Ek weet net ek sou, ek meen ek sou, steeds wou gegaan het. Ek dink ek sou meer gehad het as wat ek nou het. Ek het alles gehad, my ma wat alles vir my sou doen en my pa was 'n vlieënier, al wat hy hoef te sê was "Hello" en daar vertrek ons. En ander mense ook... So ek sien hulle ook glad nie. My niggies wat so groot is. Nou sien ek hulle nie nie meer nie... (verlore teks- kan niks hoor nie). Daar sou soveel meer gewees het om my hier VAS te hou. Maar aan die

ander kant, soveel te meer 'n rede vir my om Amerika toe te gaan om my EIE ding te gaan doen. Onafhanklik te word.

**O:** *Dink jy jy sal dit doen?*

**C:** Ja, ja ek sal. Ek dink as hulle nog bymekaar was, my ma sou 'n sterker persoon gewees het. Sy sou nie so baie op my geleun het nie en mmm dan sou ek nie so graag wou weggaan nie, want ek sou TWEE wonderlike ouers gehad het wat daar is vir my... Ek't net my ma so... Dis AL. Ons is deur ALLES, deur ALLES gegaan. 'n Klein dingetjie soos dit kan jou hele lewe verander. Dit het MY hele lewe verander. Dinge wat ek vandag dink sou ek nooit aan gedink het nie.

**O:** *Ek wil net eintlik seker maak, want dit wat ek gedink het voordat ek nog met enige iemand gepraat het mmm is .. en nou is dit interessant dat jy dit sê, is tipe van, jy het self gekies, dat jy wil nie meer so gaan aangaan en so aankarring nie, maar tog sê jy daar was iemand wat jou gehelp het?*

**C:** Kyk, al is daar net EEN persoon in die wêreld waarvoor ek kan lewe. Dan is ek bereid om nie meer so aan te karring nie, dan is daar iets om voor te lewe, maar daar is iemand wat genoeg in jou glo om te wil aangaan met jou lewe. Sy't by my gestaan en sy't my gedra. Kyk, ek weet wat dit kos om by iemand te staan. Ek dink net nie my pa besef eers waardeur hy ons gesit het nie en ....mmm

**O:** *So vriende speel 'n groot rol?*

**C:** Vriende speel 'n BAIE groot rol!

**O:** *Is hierdie vriendin dieselfde ouderdom as jy of ouer as jy?*

**C:** Selfde ouderdom. (lag)

**O:** *Dan is daar nog een ding wat ek jou wil vra. Ek het so half 'n lysie gemaak. Mmm as jy nou terug dink aan die verlies. Soos jy nou is, en jy moet nou sê: "Watter van die goed is op toepassing van jou: Lewensveranderend, lewensverrykend, negatief, positief, gee vir jou 'n vrees vir die dood, of minder vrees vir die dood, meer of minder deernis vir ander mense of meer of minder empatie vir ander se*

*situasies, verander die houding teenoor die lewe, gee vir jou meer begrip vir die lewe of natuur, meer respek vir jou eie gesin of vir liefde. Wat sou jy sê? Watter een sal jy gebruik om as kernwoord om jou lewe te beskryf?”*

**C:** (Lang stilte...)

**O:** *Moeilike enetjie die?*

**C:** Ja... (lang stilte)

**C:** Ek dink enige iets soos dit wat gebeur sal jou lewe verander. Soms is dit beter, soms is dit slegter. Dit verander alles, hoe jy na die lewe kyk. Dit het MY baie verander. (lang stilte)

**O:** *Is daar nog iets wat jy wou byvoeg, wat jy vir my wil sê. Ek wil baie graag as terapeut, wat ek op die ou end sal wees, gekwalifiseerde Speltherapeut wat werk met kinders. In vandag se dae is daar verskriklik baie egskeidings. Elke tweede of derde kind waarmee jy praat kom uit 'n huis waar hulle ouers geskei het. So die rede hoekom ek die graag wil doen is sodat ek op die ou end ander terapeute kan help om vir ouens soos julle te kan help. Is daar nog iets wat jy wil byvoeg vanuit jou, sê maar oogpunt? Iets wat jy dink nie werk nie of wat mense nie moet doen nie, of wat wel gewerk het?*

**C:** Kyk, wat gebeur het toe my pa weg was, hy was daai hele jaar weg, voor die egskeiding deur was. Ek het baie op my eie gewees, my ma was by 'n sielkundige gewees. Ek was nie. En op my ouderdom het hulle gedink ek was te klein. As dit nou gebeur het, ja ek meen, ek dink in “anyway” ek het op 'n vlak bo hulle gewees. Ek dink tog almal wat deur 'n egskeiding gaan wil hê hulle moet weer bymekaar uitkom. As my ma my na hom gevat het, het ek GEWEIER om uit die kar uit te klim, sy moes my uittrek. Ek dink dis met baie kinders so. My vriendin wat... haar ouers is ook geskei, maar anyway, en sy is die mees borrelendste persoon onder die son, jy kan nie GLO waardeur is sy alles nie.... (Hier is 'n paar sinne verlore, kan glad nie

hoor en vol sinne transkribeer nie). Dis net belangrik om te weer daar's iemand wat jou daar wil hê.

*O: Dis al wat ek het om te vra. Jy's welkom om nog iets by te voeg waaroor jy kan dink. Ek dink net wat belangik is, ek het dinge, of nie noodwendig ek nie, maar hier is dinge oopgekrap waaraan jy dalk nie gedink het nie, jou kop was besig met ander dinge, dat jy sal gebruik maak van die 'resources' wat vir jou daar is as jy later 'upset' voel.*

(Die kasset stop hier, ek het nie verder opgeneem nie- maar hier sluit ek net af en groet, sy sê sy sal haar vriendin bel as dit nodig is).

**TRANSKRIBERING VAN SEMI-GESTRUKTUREERDE  
ONDERHOUD 3  
VRYDAG 2005/09/13**

**O:** *Onderhoudvoerder*

**V:** *Tiener seun, 15 jaar oud.*

**O:** *Daars-hy. Heel eerste ding wat ek vir jou wil sê is baie dankie! Dis nou omtrent vir my 'n storie om 'n klomp tieners bymekaar te kry. Ek het nou nie eens 'n enkele tiener wat ek kan nader sleep en kan sê kom help my hier nie. So ek waardeer dit regtig baie dat jy jou tyd afstaan en ek weet jy sou eerder wou middagslapie (lag). So baie baie dankie hoor!*

**O:** *Hoe oud is jy nou?*

**V:** *Vyftien*

**O:** *Oraait en jy is dan nou in Standerd? Of graad?*

**V:** *Nege.*

**O:** *Graad nege. Oraait. Kan jy in jou kop 'n idêe kry van 'n verlies soos ek nou so gepraat het. Jy't gesê jou hond is dood?*

**V:** *Ja.*

**O:** *Okay. Hoe lank terug het dit gebeur?*

**V:** *So twee jaar en drie maande terug.*

**O:** *Okay, so dis al 'n hele rukkie terug. Hoe het jy gevoel daardie tyd?*

**V:** *Hartseer. (lag)*

**O:** *Ek kan dink ek sou ook baie hartseer gewees het.*

**V:** *Ja, ek het hom baie lank gehad.*

**O:** *Hoe oud was jy toe jy hom gekry het?*

**V:** *Twee of drie jaar oud.*

**O:** *Ja dis baie lank. En hoe lank... Is dit jou ma of jou pa by wie jy nou bly?*

V: Mmm, my pa.

O: *Okay, oraait en hoe lank terug het hy toe weer getrou?*

V: Hy het nie.

O: *O okay. Wil jy my so bietjie vertel wat dink jy van daai... Voel jy jy't 'n verlies gelei na aanleiding van hoe ek verduidelik het en so aan met al die dinge...?*

V: Ja (hoes). Dit is nie lekker as jou ma en jou pa skei nie. En om nuwe ouers te kry, ja, dit is ook nie so lekker nie. Voel net asof hulle my behandel asof ek nog 'n klein kind is (hoes). Ek is nog 'n kind, maar.... Huh huh.... Baie dinge wat ek moet doen, hulle gee ons nie kans om ander goed te doen nie. Rekenaar te speel nie. As ons die klaar gedoen het, moet ons die volgende ding doen, buitehuis help uitpak...

O: *Ja.*

V: Dis nie vir my reg nie.

O: *Ja.*

V: Dit maak my ongelukkig. Ek sal by my ma wil gaan bly (hoes) maar dis in Johannesburg, dis 'n bietjie "boring" en as ek terugkom, kan ek nie al my skoolwerk en goed doen nie.

O: *O okay...*

V: Sjoe (sug). As ek kan wil ek net vinnig klaarkry met skool.

O: *Ja. Ek kan dink, dat 'n mens jou eie ding kan doen né?*

V: Ja... Daar is baie goed wat ek wil doen...

O: *Ja?*

V: Ek sal vir my pa wil werk... dit is vir my baie lekker... (lag)

O: *Is dit?*

V: Ja, ek leer baie goed by hom...

O: *Sal jy graag dieselfde werk as jou pa wil doen?*

V: Nee... Nie eintlik nie. My een oom, hy werk met hyskrane en goed, ek sal graag daar wil gaan, maar ek sal, ek wil, ek weet nie of dit my sal pas nie.

**O:** *O okay?*

**V:** My pa se werk, ja, dis oraait, dit sal my pas.

**O:** *Sal jy daarvan hou?*

**V:** Ja.

**O:** *Is dit vir jou interresant?*

**V:** Ja, dis vir my interresant. Tannie wil seker hoor van my “hobbies” en sulke goed?

**O:** *Jy kan vir my vertel!*

**V:** Ja, okay, ek hou van “Freestyle”, ek speel baie met my honde, dis vir my lekker om met my diere te speel en ..... nou kan ek nie dink nie (lag)

**O:** *(lag)*

**V:** Teken, dis vir my baie lekker en om my my pa te help.

**O:** *O okay. Dit klink vir my asof jy en jou pa nogals ‘n goeie verhouding het?*

**V:** Ja, op ‘n manier!

**O:** *Okay.*

**V:** En ek het ook ander hondjie gehad, maar hy is ook dood..

**O:** *Ag nee!*

**V:** Ja hy was vier jaar, vier jaar, en toe’t ons groot mmm Staffi hom aan die keel gebyt.

**O:** *Ag nee!*

**V:** En toe moes ek met hom mond-tot-mond asemhaling doen.

**O:** *Sjoe.*

**V:** (lag ) Toe ek klein was. En toe het daar niks gebeur nie, en toe toe het ons hom na die veearts toe gevat. Terug gekom en toe is die hondjie weg...

**O:** *Sjoe!*

**V:** Dis erg... “gone”,

**O:** Ek kan dink...



**V:** Ook ons bediende... Ek het ook met die ander terapeute. Elke opdrag wat ek gedoen het, dan gee sy my 'n "sticker" en ek het dit gesit in 'n boek.

**O:** *Ja?*

**V:** Maar ons bediende, wat mos ons huis moet skoonmaak, toe gooi sy dit net weg!

**O:** *Ja?*

**V:** En toe kom ek van die skool af... Ja en al my harde werk is toe net weg! Ek het vir weke nie met my pa gepraat nie.

**O:** *Ag shame! Hoe voel jy wanneer jy goed verloor? Goed, soos jy sê die hondjie, jy't die hondjie se lewe gered en toe's hy dood of hierdie "stickers" waaraan jy so hard gewerk het...*

**V:** Ja...

**O:** *...En dit word van jou weggevat?*

**V:** Ek... Dit maak my hartseer...

**O:** *Mmm.*

**V:** Dit voel of ek net, nie dit verder wil vat nie, soos die stickers en dan word dit van jou weggevat.

**O:** *Ja...*

**V:** Ja en onder begin, maar (sug) ...

**O:** *Ja, maar hoe sien jy troeteldiere. Dit klink asof jy nogals erg is oor hulle?*

**V:** Ja, ek is mal oor hulle (lag).

**O:** *Ja, so dink jy met mens se troeteldiere, dat mens 'n baie spesiale band eintlik met hulle vorm?*

**V:** Ja, ja, ek verstaan diere soos wat ek mense verstaan.

**O:** *Ja?*

**V:** Ek dink om met diere te werk ... Partykeer, partykeer is ek nie vriendelik met mense nie.

**O:** *Ja?*

**V:** Ek hou nie van Foxterriers nie!

**O:** *Is dit?*

**V:** Ja, elke keer wat 'n hond my gebyt het was dit 'n Foxterrier.

**O:** *Agge nee! (lag) Goed, sê vir my, voordat daardie hondjie van jou dood is, jyt gesê twee jaar en drie maande terug dood is, hoe het jy gevoel as die hond by jou was, het dit vir jou gevoel asof dit die enigste dier is wat jou...*

**V:** Ja.

**O:** *...Verstaan?*

**V:** Ja, dit het gevoel soos 'n mens.

**O:** *Is dit?*

**V:** Ja, dit het gevoel asof ek met haar kan praat en sy luister, dan gee ek vir haar 'n kossie, al sit sy net daar. Dan gee ek vir haar 'n pypie, dan eet sy eers!

**O:** *Ag hene!*

**V:** Ja... sy's dood aan bosluiskoors...

**O:** *Ja... Toe die hond dood was, hoe't jy toe gevoel? Ek kan dink dit was seker vir jou erg?*

**V:** Ja... Ek het gevoel, dit is die tweede keer wat dit met my gebeur het, eers het ek my hondjie verloor... my tweede een wat ek verloor het... jissie...

**O:** *Ag shame...*

**V:** Dit was vir my baie erg... jissie... Daar's so Bloekomboom daar by ons by die dam, ek het baie aande daar gaan sit..

**O:** *Is dit? En wat doen jy dan as jy daar sit?*

**V:** Huil (lag skaam).

**O:** *Huil, okay...Laat dit jou beter voel as jy klaar gehuil het? En klaar bietjie alleen was?*

**V:** Ja... (sug) Ek het, ek het nie gehuil toe my oupa dood is nie, maar toe my hond dood was.. jissie... Toe't ek eers gehuil...

**O:** *Wanneer is jou Ouboet oorlede?*

**V:** Nee my oupa.

**O:** *O askies. Ek dog jy sê jou ouboet....*

**V:** Ag... ek kan nie onthou nie..

**O:** *Is dit lank terug?*

**V:** Omtrent (lang stilte)... ja ja drie jaar.

**O:** *O okay...Het julle mekaar goed geken, jy en jou oupa? Of nie regtig nie?*

**V:** Ja ons het. Ons het baie saam gedoen...

**O:** *O okay...*

**V:** Hy het baie... Ek het saam met my pa, my pa het eers saam met hom gewerk daar by die spoorweg. Saam met sy pa. Ons het baie keer, omtrent elke aand soontoe gegaan.

**O:** *Is dit? So dit was goeie tye? Hoekom dink jy het jy nie gehuil toe jou oupa dood was nie?*

**V:** Ek weet nie, ek het maar net gevoel... dit is sy tyd om te gaan... en.... Die Here het hom nou nodig...

**O:** *So dit het vir jou sin gemaak?*

**V:** Ja..

**O:** *Maar met jou hond?*

**V:** Nee... My pa kon hom gehelp het maar, hy wou nie...Dis nie vir my reg nie...

**O:** *Mmm.*

**V:** As ek daai tyd geld gehad het sou ek gehelp het,

**O:** *Ja...Ek kan dink...*

**V:** Ek sou die kans gevat het... Ek sou daai R800-00 neergesit het.

**O:** *Ja en toe wou jou pa nie?*

**V:** Ja. As ek geld gehad het sou ek...

**O:** *Ja... Goed, voel jy eintlik kwaad vir jou pa daaroor? Of voel jy skuldig, omdat jy kon dalk die hond se lewe gered het?*

**V:** Ek het 'n rukkie kwaad gevoel vir my pa... En toe later het ek weer daaroor gedink, en ons het nie altyd geld gehad nie... En dit is net een van daai dinge..

**O:** *Ja... So het jy eintlik maar op 'n punt gekom wat jy toe ...*

**V:** Begin het om dit te aanvaar...

**O:** *O okay...*

**V:** Ag wel, ek het nou nuwe honde...

**O:** *Voel jy die nuwe honde kan jou ou hondjie vervang?*

**V:** Nee, nie regtig nie...

**O:** *Nie regtig nie né?*

**V:** Party dae, die ou honde het vir my geluister, maar hierdie nuwe's voel dit net asof ek hulle moet terugruk.

**O:** *Is dit? So hulle luister nie regtig nie?*

**V:** Ja... Miskien Ogies, die kleintjie... Die klein hondjie wat ek "laaik"...

**O:** *Ja...?*

**V:** Hy kan so regop staan... Ek het hom ook gered! My pa het oor sy been gery.

**O:** *O genade!*

**V:** Toe't ek 'n stuk gevat en dit daar vasgemaak.

**O:** *Ja?*

**V:** En nou nou kan hy weer loop, hy't vir so rukkies op drie bene geloop. Maar party keer as hy, as ons nou waterpomp toe gaan, dan kom hy op drie bene aangehop. Ons elkeen het nou ons eie hond...

**O:** *Ag shame! (lag). Dit klink vir my asof jy die diere nogals baie help?*

**V:** Ja, ja, ek het al die kallers, die kalwers gehelp om hulle in die kraal te sit.

**O:** *O okay... Vertel my bietjie, mmm soos ek jou gesê het van drome en so-aan... het jy 'n sekere lewensdroom vir jouself gehad? Voordat jou hond oorlede is? Dit is nou moeilik om te sê voordat jou ma-hulle geskei het, want jy was baie klein né? Het jy sekere drome gehad toe?*

**V:** Ja... Ek wou graag 'n Springbok rugby speler geword het, maar toe speel ek een keer so en toe sê hy my nek hierso, het gekraak...

**O:** Ja?

**V:** Nou... So ek kan 'n kans vat om rugby te speel, maar as dit weer gebeur kan ek verlam word.

**O:** Sjoe, wanneer het dit gebeur? Wat jy toe seergekry het?

**V:** Vier jaar terug. Ja, ek was nog in die laerskool gewees en van daar af het ek gedink, yoh, ek wil nie die kans vat nie, want mens wil nie verlam wees nie.

**O:** Ja!

**V:** Ja, maar ek doen nou ander sport. Korfbal.

**O:** Is dit vir jou lekker?

**V:** Ja, ek wil graag ander sport doen, krieket, tennis, maar ek kan nie, oor my pa se werk, oor ons so ver bly, van die skool af.

**O:** Ja...

**V:** Ek het vir my pa gesê ek wil speel volgende krieket seisoen, dis "fine" maar, hoe gaan ek by die skool kom! (lag)

**O:** (lag) Dis waar.

**V:** Ja, maar hy wil nie. Dis te ver om te stap.

**O:** Dit is bietjie gevaarlik né?

**V:** Ja.

**O:** Vertel my bietjie meer van hierdie droom van jou om 'n Springbok rugbyspeler te wees. Toe jy nou so seer gekry het, wat het deur jou kop gegaan na dit?

**V:** Ek het, toe ek seer gekry het, het ek net daar gelê, ek kon vir so paar uur, nie my hande en bene beweeg het nie.

**O:** Sjoe!

**V:** Ek het net gebid dat ek moet regkom. Ek het daar gelê en ek het die mense gevra om my te help en toe ek daar opgestaan het, was ek nog bietjie lam gewees en ek het daar gesit het ek gedink, gaan ek nou ooit weer kan rugby speel en goed en dink wat gaan ek doen as ek nie kan rugby speel nie? Toe is ek terug na die dokter toe en hy't

vir my gesê ek dat ek nie KAN rugby speel nie. Dat ek myself net seerder kan maak.

*O: Ja...*

**V:** Toe't ek gedink ek wil nie meer sport speel nie. Maar so vier of vyf maande daarna, toe't ek krieket gekyk en toe dink ek ek kan dalk krieket speel.

*O: Is dit!?*

**V:** Ja.

*O: So het jy gevoel dit kan opmaak vir die ou droom wat jy gehad het?*

**V:** Ja...

*O: Speel jy nogsteeds krieket?*

**V:** (lag) Ek moet nog met my pa daaroor praat.

*O: Is dit?*

**V:** Ja. Daar is 'n rivier daar naby. Ons kan daar speel.

*O: O okay. Sjoue is dit eintlik vir jou 'n nuwe, nuwe droom?*

**V:** Ja, ek was al by die krieket, maar my pa was... ek sal nog... dalk kan ek geld leen...

*O: Ja, ja. Dan kan jy dalk by die skool kom oefen?*

**V:** Ja, dis net... Hulle het die een ou in graad nege uitgehaal, hy speel nou vir die eerste span. Hulle kort ouens soos ek, daar is amper niemand in die krieketspan nie.

*O: Regtig? Okay. So jy dink hierdie droom is nog bereikbaar? Jy kan nog daarby uitkom?*

**V:** Ja, die rugby ook. Maar ek het vir meneer gesê ek het probleme met my linker knie. Dit kan ek sonder regkom.

*O: O gaats!*

**V:** My knie, party keer dan sit ek so, en dan as ek opstaan dan haak hy uit.

*O: O hene!*

**V:** Ek, ek verstaan nie hoekom gebeur sulke goed nie....

*O: Agge nee...*

**V:** Toe wil ek nie eens verder opstaan nie. Voel asof ek nie WIL opstaan nie.

**O:** *Sjoe!*

**V:** Maar toe ek opstaan toe het hy weer self teruggehaak. Maar nou is hy weer reg!

**O:** *Sjoe! So jy't al 'n paar sulke beserings soos jou nek en jou knie of wat ook al?*

**V:** Ja...

**O:** *Dink jy jy kan nogsteeds 'n sportman wees selfs al het jy hierdie beserings?*

**V:** Ja ek dink so. Mens moet net harder oefen en melk drink.

**O:** *Ja?*

**V:** Ek hou ook nie van melk nie. Melk is vir my die slegste ding op aarde! (lag)

**O:** Lag, so jy hou nie van melk nie!

**V:** Ja.

**O:** *Wie het jou gehelp om nadat jy beseef het dat jy nie meer rugby sal kan speel nie en jy gaan nie meer kan en jyt gesê jy het gesit en jy 'n 'n dip gevang en gedink... is daar iemand spesifiek wat jou gehelp het om jou kop reg te kry dat jy gaan eerder 'n ander droom gaan moet kry? Of het jy self so besluit of..? Het jy iets gehoor of met iemand gepraat of so iets dat jy ander besluit het?*

**V:** Ja, ons het, ons het daai een krieketwedstryd gekyk toe Suid-Afrika teen New Zeeland gespeel het en daai tyd het ons vir Jonty-hulle gekry, my ma se broer, hy's groot tjommies met hom en toe't hy vir my 'n hoed gegee, wat geteken is deur hom en daai tyd het ek net besluit, ja krieket, hier kom ek!

**O:** *Toe voel jy geïnspireerd!?*

**V:** Ja! (lag) toe dink ekke, baie oefening... ja

**O:** *En nadat jou hond dood was? Het iemand jou gehelp om oor die hele ding te kom? Of wat het jou gehelp om te "recover"?* Jy sê jy

*was so hartseer en jy het onder die boom gaan sit... en... ek kan dink dit moes BAIE erg gewees het. Wat het gemaak dat jy beter begin voel het, dat jy minder wou huil?*

**V:** Mmm... Toe ek by my ma was, het ek 'n hamster gekry by haar en toe't ek gedink, kleiner diere is beter as groter diere.

**O:** *Hoekom so?*

**V:** Want, party keer... Groter diere kan jy nie altyd in jou kamer hou nie.

**O:** *Ja dit is seker so...*

**V:** 'n Klein diertjie kan jy saam met jou in die kamer kan sit.

**O:** *Ja.*

**V:** Ja, daarso in die hamster se kamer, waar ek 'n "trail" vir hom gemaak het, dan kon hy so gesit het en buite gaan (lag).

**O:** *Ag shame, het jy hom nogsteeds?*

**V:** Nee, ek het hom vir sulke ander meisie gegee wat hom graag wou gehad het.

**O:** *O.*

**V:** Sy wou hom graaier gehad het as ek... so...

**O:** *Ag shame! (lag)*

**O:** *Dis baie "nice"... Mis jy hom nou?*

**V:** Ja... (Lag)

**O:** *Dink jy jy sal 'n ander een kan kry?*

**V:** Nee.

**O:** *... Of wil jy nie meer 'n kleiner diertjie hê nie?*

**V:** Ja ek wil, maar nie weer 'n hamster nie, hulle ruik nie so lekker nie.

**O:** *O ek sien. Baie vrouens gril vir 'n rot of 'n muis of 'n ding!*

**V:** Ja (lag).

**O:** *Okay, as jy nou terugdink aan hierdie verliese waarvan ons gepraat het, "maybe" die verlies van die droom om 'n rugby speler te wees, of die verlies aan hoe jy gedink het jou gesin kan dalk wees, of die verlies aan jou hondjie wat oorlede is, hoe gaan jy dit beskryf? Ek*



*het hier 'n klomp woorde neegeskryf sê vir my watter van hulle klink soos jy nou miskien nou voel dit uitgedraai het. Sou jy sê dit is lewensveranderend, lewensverrykend, of het jy dit baie negatief gesien, of ...*

**V:** Negatief.

**O:** Okay. Hoekom sê jy so?

**V:** Hoe die lewe was, op 'n stadium was dit lekker en na my ma hulle geskei het en ek het geweet my ma en my pa gaan nie meer saam bly nie en my lewe het nou anderster geword. Ek raak hartseer partykeer as ek klaar saam met my ma in Johannesburg gekuier het, dan voel ek hartseer. Ja, partykeer is my lewe vir my lekker negatief. As verstaan tannie, daar is baie bakleiery in ons huis. Die kleintjies wat moeilikheid maak, en op die stadium van my lewe voel ek negatief daaroor. Die klein positief wat ek kon kry, het negatief uitgedraai.

**O:** Okay, sjoe, dit kan seker nie vir jou baie lekker wees nie.

**V:** Nee.

**O:** Ek kan dink. So dink jy al hierdie negatiewe dinge is as gevolg van... iets spesifieks?

**V:** Ja.... Okay, my pa moes nie... hy en my stiefma het maar 'n kans gevat op die ou end. Maar hy moes al na 'n rukkie agtergekom het. Okay, die vrou is nie vir hom nie, maar hy kyk nie na my en my sussie se behoeftes nie. En hoe sy ons seermaak nie. Sy, sy doen goeters wat, hy nie eens agterkom nie...

**O:** Soos wat?

**V:** Baie keer, wil ek iets sê maar dan kyk ek eerder weg.

**O:** En hoe laat dit jou voel?

**V:** Ek het al baie keer gevoel ek wil net wegloop. Laat ek voel, hier gaan ek nou na my ma, ek het al op die padkaart gekyk, maar dit is bietjie ver...(lag)

**O:** Dis 'n entjie né?

**V:** Ja (lag) Dan gaan ek maar net terug huis toe en dan praat ons vir so paar dae nie met mekaar nie en dan na so rukkie dan raak dit weer beter, maar nie lank nie, dan is ons weer aan mekaar.

**O:** Sjoe.

**V:** Dit is maar moeilik...

**O:** Ja...

**V:** Ek kan nie by my ma bly nie, miskien by my tannie, ek weet nie...

**O:** *So daar is eintlik baie dinge wat 'n invloed het op jou hart wat dinge vir jou negatief maak? Dink jy jy gaan op 'n punt kom waar dit vir jou beter sal raak of wat dink jy moet gebeur om dit vir jou beter te maak?*

**V:** Om dit beter te maak? Okay, ek sou nogsteeds daar wil bly, maar mmm my stiefma... weg...

**O:** *Dink jy die enigste manier wat dinge gaan beter raak is wanneer sy nie meer daar is nie?*

**V:** Ja.

**O:** Okay...

**V:** Sy was erg oor my pa... Ons was vir ...mmm ... vier jaar alleen, net ek en my pa en my sussie. My pa het ander vrouens ook gehad, maar nie so lank soos hierdie een nie.

**O:** *Is dit?*

**V:** Ja en ons het baie pret saam gehad, ek en my pa! Hy't my altyd dam toe gevat, hy wou net altyd dam toe! (lag) Doen wat hy wil, dit was lekker!

**O:** *Mmm ja.*

**V:** Ons kan nou niks doen nie. Nou bly ons nie meer in Silverton nie, nou is ons ver van alles, mens kan niks doen nie. As ons nog daar gebly het, dan kon ons sport gedoen het. Wat beteken dit in die lewe, as jy niks kan doen nie. Ek weet ons is nou bietjie ver maar... ek wil net graag sport doen, as my pa sê dit is reg. Maar hy sê die ander mag nie sport doen nie, so ek mag nie sport doen nie.

**O:** Sjoe...

**V:** Dis nie "fair" nie, want wat help dit? Dit help my, ek doen die goed, hulle bied my goed aan en ek moet sê nee, nee, nee.

**O:** Ja...Dit is sekerlik sleg...

**V:** Ja, ek weet nie wat om te doen nie. Ek sal maar kyk wat ek kan doen, maar ek het skoolwerk ook om te doen.

**O:** *Het jy huiswerk wat jy moet doen?*

**V:** Ja, partykeer doen ek dit sommer so in die klas as die juffrou nie daar is nie, so op my eie (lag).

**O:** *O okay. Hoe lank is jy nou al in hierdie skool?*

**V:** Mmm. So drie jaar, graad sewe, graad agt en nou graad nege. (lag)

**O:** *Is dit lekker hierso?*

**V:** Ja (lag) baie lekker!

**O:** *Is dit? Is dit vir jou 'n lekker skool?*

**V:** Ja, baie!

**O:** *Oraait. Weet jy, ek wil by jou hoor of is daar nog iets wat jy dink jy vir my wil sê? Dit was vir my lekker om met jou te gesels, ek weet dit is nie 'n lekker onderwerp nie né? Mens wil nie altyd praat oor al die goed wat jy verloor het en goed wat vir jou sleg is en daai tipe van ding nie. So ek waardeer dit dat jy met my praat en ek dink dit is belangrik dat, as jy nou, vanaand huis toe gaan en jy voel miskien hartseer en jy voel snaaks, dat jy met iemand sal praat okay? Of jy dan met jou vriendin of so iemand praat of anders kan jy more met Amanda praat, of met haar reël vir in die week...*

**V:** Ja.

**O:** *As jy miskien na haar toe wil kom en met haar wil praat, maar dink 'n bietjie, wie is daar met wie jy kan praat as jy nie lekker voel nie. En as daar nog ietsie is wat jy vir my wil sê, kan jy vir die skool vra dat hulle my bel en dan kan ons kyk dat ons weer 'n keer bymekaar kom,*

*as daar nog iets is wat jy wil byvoeg. Ek weet nie of is daar enige iets waaraan jy kan dink wat jy nog wil byvoeg nie?*

**V:** Nee... (lag) ... (stilte) miskien dat ek graag by my ma sal wil bly...

**O:** Ja...

**V:** En dat ek gelukkig wil wees...

**O:** *Is dit vir jou belangrik om gelukkig te wees?*

**V:** Ja... Ek het 'n meisiekind... ek het haar al gesien en ek het haar nou weer gesien, een keer weer gesien. Sy's in Meisies Hoër. (lag) Dis nie so lekker nie.

**O:** *Mmm. Mis jy haar nou?*

**V:** Ja, eintlik wens ek sy wil Wilgers toe kom!

**O:** *Ja, (lag) want jy kan nou nie Meisies Hoër toe gaan nie! Dit gaan nie werk nie.*

**V:** Ja, want ek is nie goed met meisies nie. Hulle het altyd die domste verskonings. Ek het so twee maande terug met die meisie uitgegaan, toe't ek net die een dag na haar geloop. Okay, toe lyk sy nie reg nie, toe sê sy sy wil nie verder uitgaan nie, sy wil meer goed saam met ander "couples" doen, maar mens kan nie altyd alles saam met ander "couples" doen nie.

**O:** *Ja, dis reg.*

**V:** Toe kom ek een keer daar, toe sê sy dis nie EK wat haar gelos het nie, sy't my gelos...

**O:** Ja...

**V:** Vir 'n dom rede... Nou's al die meisies moeilik met my.

**O:** *Ag nee. Dis seker vir jou sleg.*

**V:** Ek gee nie om nie.

**O:** *O okay...?*

**V:** Daar's meisies wat met my wil praat, maar ek kan nie met hulle praat nie (lag).

**O:** *(lag) Maak hulle jou skaam?*

**V:** Ja (lag) Ek is nie reg vir meisies nie.

**O:** *Maar jy's nog jonk, miskien oor 'n paar jaar, dan of so dan is dit vir jou makliker! Maar baie baie dankie vir jou tyd! Dan gaan ons hierso stop en dan gaan jy hier buite wag, tot ons klaar is né?*

**V:** Ja.

**O:** *Baie dankie!*

**TRANSKRIBERING VAN SEMI-GESTRUKTUREERDE  
ONDERHOUD 4  
VRYDAG 2005/09/13**

**O:** *Onderhoudvoerder*

**W:** **Tiener seun, 17 jaar oud.**

**O:** *Onderhoud 4 Vrydag 13 September 2005.*

**O:** *Eerste ding wat ek net wil sê is baie baie dankie, ek waardeer dit regtig dat jy jou tyd afstaan vandag, so dankie daarvoor. Ek hoop dat ek op die ou end weer mense sal kan help, uit dit wat julle vir my vertel het.*

**O:** *Soos ek nou gepraat het oor waarom dit nou gaan, die verliese en so aan, het jy so half in jou kop 'n verlies ingedagte gehad waarom jy met my sal kan praat? As ek jou nou sou vra, vertel my bietjie van jou storie? Is daar iets waarvoor jy met my sal kan praat?*

**W:** J-ja. E-Ek was 10 jaar oud en... Ek en my pa, ons was eendag by 'n dam en toe en toe val ek in die water en toe kan ek nie swem nie. En toe en toe, het my, my pa my lewe gered en toe en toe drie maande l-later toe is hy oorlede in 'n, 'n k-karongeluk. En toe't toe't ek nooit die kans gehad om vir hom, vir hom d-dankie te sê nie.

**O:** *Sjoe! Dit moes vir jou baie erg gewees het...*

**W:** J-ja.

**O:** Sjoe, So jy was toe tien jaar oud toe jou pa oorlede was?

**W:** Ja

**O:** *So hy's nog oorlede in daardie selfde jaar ne?*

**W:** Ja

**O:** *So hoe voel jy daarvoor? As jy nou daaraan terugdink?*

**W:** Ag, 'n ou voel net, e-ek soek aanhoudende net, soos asof ek 'n gebroke hart het.

**O:** *Sjoe ek kan dink, dit is regtig waar baie erg...Het jy spesifieke gevoelens, buiten dat jy nou sê jy't 'n gebroke hart, voel jy skuldig omdat jy nooit vir hom dankie gesê het dat hy jou lewe gered het nie? Of voel jy kwaad vir hom oor die manier waarop hy dood is? Of is daar iemand anders wat jy dalk blameer, of is daar ander gedagtes by jou, buiten jou gebroke hart rondom jou pa se dood?*

**W:** Ek, ek is n-net kwaad oor my gedagtes, nie kwaad om, om h-hy w-weg is nie, want ek het nie vir hom dankie gesê nie...

**O:** *Mmm... (lang stilte) Ek dink jou pa weet dalk?*

**W:** J-Ja, Ons hoop maar so.

**O:** *Ek dink so...Ek weet nie, ek het nie jou pa geken nie, maar as ek dink aan ouers, hulle weet altyd hulle kinders is, is lief vir hulle en hulle weet hulle kinders is dankbaar vir dit wat hulle doen... En jy was darem nog baie klein?*

**W:** Ja ek was...

**O:** *Baie klein né?*

**W:** Ja.

**O:** *Vertel my hoe het jy gevoel na die tyd, daar net so nadat jou pa oorlede is, hoe ...watse gedagtes het alles deur jou kop gegaan en hoe was dinge by die huis?*

**W:** Ja, ek het net v-v-vir 'n jaa- jaar lank na dit, tot n-n-nadat ek e-elf geword het gehoop dat h-hy gaan terugkom en so en toe- toe kom ek agter hy gaan nie en toe hoop ek huh huh iets anders gaan gebeur, toe sê my m-ma eendag vir my, hy gaan nie terugkom nie en toe besef ek net ja, huh huh hys vir altyd weg. En in die a-a-aande as ek in die bed lê dan wonder ek net net hoekom? Toe ek wakker word toe besef ek n-net, hy gaan seker nie terug kom huis toe nie.

**O:** *Dit is baie moeilike vrae né?*

**W:** Ja...Dis baie lank, baie lank terug, sewe jaar gelede...

**O:** *Ja...Het jy nogsteeds al daai moeilike vrae? Dis nie net toe jy elf was wat jy so gevoel het nie né...? Lyk vir my asof dit nogsteeds vir jou baie, selfs nou nog groot vrae is né?*

**W:** Ja, al die j-j-jare het ek gewens hy kan t-t-terugkom, maar party-partykeer dan luister ek net radio en dan luister ek na die musiek en na die liedjie en dan wil- wil ek net huil..

**O:** *Mmm. Hoekom wil jy dan huil?*

**W:** Ag, omdat hy weg is, omdat ek verlang... ek mis hom ...

**O:** *En dan laat dink die liedjie jou aan hom?*

**W:** Ja...

**O:** *Hoekom?*

**W:** Die I-I-liedjie se naam is "Don't Fall" en Nicolas het d-dit vir my gegee en dan di-dink ek net aan hom en dan dink ek, ek net aan alles wat ek nooit vir h-h-hom gesê het nie.

**O:** *Ja...Kan jy nogals baie met musiek identifiseer? Voel jy baie dat musiek nogals kan sê hoe 'n mens voel?*

**W:** Ja. Mus-Musiek sê baie oor oor m-mense en oor hoe mense voel, en so aan.

**O:** *Ja...*

**W:** Ekke self skryf ook liedjies...

**O:** *Is dit? Speel jy ook self die liedjies?*

**W:** Ag, net 'n kort kort liedjie, net 'n liedjie.

**O:** *O okay, skryf jy die woorde van dit?*

**W:** Ja, woorde ja.

**O:** *O okay, as jy nou so die woorde neerskryf, waarom skryf jy, of waarom gaan die liedjies waarom jy skryf?*

**W:** Ek, al wanneer ek I-liedjies skryf is w-wanneer ek h-hartseer is, of my pa mis, dan gaan ek na my k-kamer toe en ek skryf.

**O:** *O okay.*

**W:** Dan moet ek probeer om dit 'n naam te gee.. dit is m-moeilik.



**O:** *Ja dis die moeilike deel né? (lag) Om na die tyd te sê wat is die liedjie se naam!*

**W:** Ja (lag).

**O:** *So is dit dan liedjies om jou te laat beter voel? Dis is nie liedjies wat vertel hoe kwaad iemand is nie?*

**W:** J-j-ja. Di-dit is liedjies wat vertel h-hoe ek voel en gevoel het en party van die liedjies vertel van ander m-mense se gevoelens.

**O:** *Okay, laat dit jou altyd beter voel?*

**W:** Ja, ja altyd! (lag)

**O:** Altyd?

**W:** Ja... (lag weer)

**O:** *Ek wonder nogals watter ander maniere gebruik jy om jouself beter te laat voel wanneer jy voel hierdie verlange is nou te erg? Is daar ander maniere hoe jy ook jouself kan laat beter voel of is die beste manier maar om jou liedjies te gaan skrywe?*

**W:** Ja, maar ek ag, huh huh huh, as ek voel dit r-raak te erg dan ga-gaan draf ek net so 2-3 kilometer en dan voel ek beter, maar party keer werk dit nie dan kom ek weer by die huis en sien dat my pa weg dan slaan ek die mure so met my vuiste.

**O:** *Regtig? Help dit om die mure so met jou vuiste te slaan?*

**W:** Ja, partykeer dan sl-slaan ek so dan loop ek dan-dan k-kom ek weer terug.

**O:** *As jy jou muur so ... ag as jy jou vuiste so in die mure in slaan, kom jy bietjie in die moeilikheid by jou ma-hulle of...*

**W:** Ag nie regtig nie. Ek, ek. Eendag het ek my broer geslaan, omdat hy, omdat hy iets leliks oor – oor my pa gesê het en toe slaan ek hom in die kombuis en tel hom so op op die tafel en toe sê my ma ek moet eerder die mure slaan.

**O:** *Okay, so hulle sê dis beter as jy kwaad is dat jy die mure slaan, dan slaan jy nie iemand anders nie?*

**W:** Ja (lag)

**O:** *Maak jy nie jousef seer as jy die mure slaan nie? Ek dink dit is bietjie hard?*

**W:** As ek kwaad is, dan voel ek nie regtig nie, as ek kwaad is en ek slaan die mure dan voel ek baie beter.

**O:** *Okay, klink vir my asof jy nog baie woede in jou het?*

**W:** Ja... Ja, ek kan nie ophou nie. As ek dink daaraan, dan raak ek weer kwaad dan wil ek net weer die mure slaan, of ek spring in die swembad in om te ver-vergeet daarvan.

**O:** *So daar is nie regtig iets wat jou aandag kan aflei daarvan nie?*

**W:** Daar is, ek het, ek het huh huh huh v-vier jaar terug v-vir 'n jaar lank 'n meisie gehad en sy't my l-letterlik op-opgekikker vir 'n jaar lank en toe en toe einde van die jaar toe los sy my vir my beste vriend en toe word ek weer "down" en nou hierdie jaar, h-het ek we-weer 'n meisie en nou voel ek, t-t-taamlik meer geluk-gelukkig.

**O:** *Ek sien! Ek sien jy "smile" sommer net as jy aan haar dink!*

**W:** Ja, (lag) sy maak my gelukkig!

**O:** *Okay, so hoe lank is julle al saam?*

**W:** Twee maande en drie weke!

**O:** *Okay*

**W:** Dit is baie lank.

**O:** *Wow! Ek kan defnitief sien sy maak 'n sprankel in jou oop... Dit is goed! Dink jy dat vriende, of 'n meisie of jou familie kan mens help as jy deur 'n slegte tyd in jou lewe gaan? Om die lewe vir jou makliker te maak? Of hoe voel jy daaroor? Hoe voel jy oor familie, en vriende en 'n meisie en hulle ...*

**W:** Familie h-help jou baie keer, mmm altyd, en ook 'n, 'n, 'n meisie kan jou ook help. Maar my vr-vr-vriende help nie regtig nie. Ek het een gehad, maar v-vandag, toe toe is hy-hy nie hier nie toe sit ek maar hier voor op die vierkant en toe praat ek maar met my meisie en my sussie.

**O:** *Okay. So kan jy met hulle praat oor die goed wat jou pla?*

**W:** Ja! Altyd!

**O:** *Is dit?*

**W:** Ja.

**O:** *So dan is hulle nogals soos vriende?*

**W:** Ja, h-h-hulle beteken baie vir my. Ver-ver.. huh huh huh veral my meisie, as ek h-h-huh hartseer is, dan gee sy my drukkie en hou vas my altyd. Dan is ek weer bly en begin ek weer van voor af.

**O:** *Oraait.*

**W:** Dan is ek weer gelukkig, dan wil ek weer lag! (lag)

**O:** *(Lag) Dis great! Ja... dink jy as iemand vir jou vra "Is jy oor jou pa se dood?" Wat sou jy sê?*

**W:** Nee.

**O:** *Wat dink jy gaan moet gebeur? Dink jy dit is moontlik?*

**W:** Ek dink ja, ek dink, dit dit is moontlik maar ek het nou al huh huh amper sewe jaar lank probeer om beter te voel daaroor, maar ek kry dit nie reg om daai bladsy om te draai nie. Dit bly net daarso, in jou gedagtes.

**O:** *Ja, wat dink jy gaan moet gebeur dat jy die bladsy kan omdraai?*

**W:** 'n Nuwe begin of so iets, maar as ek aan my stiefpa dink, dan raak ek van vooraf h-h-hartseer, want dan mis ek my eie pa, a –a –as ek oor alles dink.

**O:** *So jou stiefpa sal nooit die plek kan vat van jou pa nie?*

**W:** Nee.

**O:** *Hy maak, dit maak jou eintlik net hartseer? Hoor ek jou reg?*

**W:** Ja, hy, ek hou van hom en ek hou daarvan om vir hom te werk, maar dis oraait, hy's 'n nice ou en hy- hy doen b-baie vir my ma. Maar hy, hy sal nooit soos my r-r-regte pa kan wees nie.

**O:** *Is dit? Ja, want hy sal nooit die plek van jou pa kan vat nie, want hy IS mos nie jou pa nie.*

**W:** Ja, ek neem hom maar vir hierdie tyd, ek kan nogsteeds nie, hy is nog-nogsteeds nie my pa nie.

**O:** *Ja, sjoe. Sê vir my, het jy 'n sekere lewensdroom vir jouself gehad, voordat jou pa dood is? Dat jy altyd gedink het jy gaan, eendag as jy groot is dit doen, of dat jy gedink het jy en jou pa gaan saam 'n besigheid hê...Of is daar 'n sekere droom wat jy gehad het vir jou lewe of vir julle as 'n gesin?*

**W:** Ek het, v-vandat ek, vandat huh huh my pa my gesê het hoe m-mal is hy hy o-o-oor musiek en my laat musiek luister het saam met hom in die sitkamer daai dag, wou ek nog altyd 'n 'n 'n sanger geword het ... en vandat ek agt is, nou nou nou al v-vir n-nege jaar lank wens ek al dat dit sal w-w-waar word. Ek wens nog altyd dat dit sal waar word...

**O:** *(lag) Oefen jy?*

**W:** Ja, ek sit baie daarin.

**O:** *So wat dink jy van goeters soos hierdie "Idols" en kompetisies waarin mens kan gaan sing? Dink jy dit help mense om hulle drome waar te maak?*

**W:** Ja, as ek kon ge-ge-gegaan het dan h-het ek. Ek sou ge-gegaan het maar ek is partykeer huh-huh bang om voor al daai mense te sing. Ek is bang ek sal my w-woorde vergeet en dan sal hulle vir my lag of so.

**O:** *Ja*

**W:** En nee, nee, ek huh huh moet eerder dink ek kyk vir die sterre, dan begin ek om te sing.

**O:** *En help dit dan?*

**W:** So bietjie. Nie baie nie. As ek we-weer my oë uitvee dan sien ek weer die klomp mense voor my. Dan raak ek weer bang.

**O:** *Aaah.*

**W:** Dan sukkel ek weer.

**O:** *Dan raak dit vir jou weer moeilik*

**W:** Ja

**O:** *Dink jy dit is as gevolg van jou pa? Dit klink so oor alles wat jou pa jou geleer het oor musiek? Laat jy die droom het?*

**W:** Hy't my, hy't my huh huh die droom gegee oor musiek. Hy wou wou huh huh ook in sy kinderdae 'n 'n sanger geword het. Maar toe hy hy een-en-twintig was toe besef hy, nee hy gaan nie kan nie en toe begin hy hy net soos 'n 'n gewone mens te w-werk by 'n plek. En toe sê hy dat huh huh ek 'n sanger kan word, want ek het 'n 'n gawe. In my kamer sit ek die musiek aan en dan begin ek saam sing.

**O:** *Lekker! (lag)*

**W:** Ja (lag)

**O:** *Okay. En nou na jou pa se dood, dink jy hierdie wens van jou om 'n sanger te word is groter omdat jou pa dood is? Of is dit maar nogsteeds dieselfde? Verstaan jy wat ek bedoel? Ek wonder eintlik nogals of jou pa se dood jou droom op 'n manier verander het? Dat dit 'n groter droom geword het?*

**W:** Ek weet nie, ek was, toe ek klein was het ek ek baie gesing. En as hy, as hy da.. daar was het dit my nog 'n 'n rede gegee om te sing, as ek net 'n glimlag op sy gesig kan sit, maar noudat hy hy weg is, kan ek nie meer nie. Ek voel net, ek kan nie.

**O:** *Maar dis darem nog maklik om in jou eie kamer te sing as daar nie mense by is nie?*

**W:** Ja, nee (lag)

**O:** *(lag) So miskien as jy net kan sing en alles kan opneem dan gaan dit ook werk!*

**W:** Ja (lag).

**O:** *Wie dink jy help jou om om oor die dood van jou pa te kom? Is daar iemand wat jou help of is daar iets wat jou help? Wat dink jy maak die "road to recovery" makliker?*

**W:** My ma huh huh help my baie keer. Dan sit ek daar in my kamer dan sit ek so buitekant, dan kom sy na my toe dan sê sy "Dit gaan dit

gaan verby gaan”... dan weet weet sy sommer k-k-klaar w-w-waaraan dink ek. Sy w-w-weet net net da-da-dadelik... Ja.

**O:** *So jou ma verstaan jou nogals baie goed?*

**W:** Ja! Sy verstaan my altyd!

**O:** *Regtig? Dis wonderlik. Is jou verhouding met jou ma vir jou belangrik?*

**W:** Ja, na na na als wat gebeur het...

**O:** *Ja... En jou sussie?*

**W:** Aag my sussie, my sussie is ook maar hier en daar help ook so bietjie maar, sy's ook maar, huh huh sy sy ken my nie so goed nie, want gewoonlik dan s-s-sit ek buite dan dink my ma e-e-een ding en dan dink sy sy dink ek dink aan 'n meisie en goed. (lag)

**O:** *Okay... So sy verstaan jou bietjie minder goed as jou eie ma?*

**W:** Ja... (sug).

**O:** *So dit is vir jou makliker met jou ma?*

**W:** Ja.

**O:** *Dit klink regtig asof julle 'n spesiale verhouding het? Dis regtig baie "nice". Sê vir my, ek wonder net, as jy nou moet terugdink aan die verlies en aan jou pa se dood, dit is nou seker sleg om so spesifiek aan die goed te dink en oor te praat né? Maar ek het nou hierso klomp woorde neergeskryf, om aan ander mense te beskryf in een woord. Sal jy sê dit is lewensveranderend, lewensverrykend, positief, negatief, dit gee vir jou 'n vrees vir dood, dit gee vir jou meer of minder empatie met ander mense, dit gee vir jou meer of minder deernis wat ook swaarkry, of dit het jou houding teenoor die lewe verander miskien, of dit het jou houding teenoor die lewe verander. Miskien gee dit jou meer respek vir die natuur, lewe, of gesin of vir liefde. Watter van hierdie goeters is op toepassing van jou en jou lewe?*

**W:** Ek ek ek het net –n-net besef dag tot dag dat ek so veel moontlik moet verander en beter wees met almal om my, dat ek moet net ek

moet net respek kry vir my ma en my broers, want dis al wat ek het en ek is ek's ook regtig huh huh bang vir die dood.

**O:** *Is jy nou meer bang vir die dood as voor jou pa oorlede is?*

**W:** Ja. Die dag toe ek, ek het huh huh eendag gesit, toe sê my ma vir my wil ek na die fotos kyk toe sê ek vir haar ja, toe toe toe wys sy vir my fotos van sy liggaam en hoe hoe hy gelyk het. Ja. Huh huh... As ek fotos sien dan kry kry ek nagmerries.

**O:** *Regtig?*

**W:** Ek het een aand gedroom en toe sien ek net huh huh toe ek wakker word huh huh hom voor my staan en toe ek my oë uitvee toe sien ek net weer swart voor my.

**O:** *Sjoe.*

**W:** Toe't ek vir my ma gesê...

**O:** *Maar mens kan sulke drome droom né?*

**W:** Ja..

**O:** *Ek dink partymaal as mens slaap, dan droom mens goeters wat jy graag wil sien, of goed waarvoor jy bang is of so? So dis normaal dat mens sulke goeters droom.*

**W:** Ek dink dit is normaal maar maar maar dit ontstel my veral omdat dit die eerste keer is in my lewe wat ek sulke goeters droom. Dit maak my nogals bang. Dit laat my wonder...

**O:** *Is dit? Wat laat dit jou wonder?*

**W:** As ek in my kamer sit dan dink ek as al die mense in die wêreld weg is dan dan dan gaan die wêreld weer oor begin dan gaan dit weer beter wees.

**O:** *Is dit vir jou belangrik?*

**W:** Ja. Is is is d-d-d huh huh d-daar 'n manier om om oor te te te b-begin. Dis al wat wat ek glo. Party party mense glo nie, maar maar dis wat ek glo.

**O:** *Gee dit vir jou hoop?*

**W:** Ja. Huh huh huh dan weet ek a-a-as ek weg is, dan gaan ek nie sukkel soos tevore nie. Dan huh huh bring dit die terug wat al weg weg was.

**O:** *Dan vee dit eintlik al die seer uit?*

**W:** So bietjie maar ook nie baie nie. Nie baie nie.

**O:** *Sjoe dit is darem maar groot dinge die né?*

**W:** Ja, veral a-a-as iemand wat regtig naby aan jou was moet weggaan. Soos iemand soos jou pa. As mens net mense kon kry om terug te kom?

**O:** *Kan mense uit die dood uit terugkom?*

**W:** Ek glo nie daai goed nie, huh huh nee. Ek wens net huh huh dat ek hom weer kan sien.

**O:** *Baie mense het daardie droom nadat iemand vir wie hulle lief wat dood is.*

**W:** Ja maar, baie mense wens huh huh maar party keer is dit beter as hy weg is is hy weg. Ek weet 'n 'n eendag in die toekoms miskien.... (stilte) dis al wat ek vir myself kan sê.

**O:** *So jy gee vir jou daardie hoop na baie jare?*

**W:** Ja...

**O:** *Is daar nog ietsie wat jy vir my wil vertel... wat jy nog vir my wou vra of wou sê?*

**W:** Ja, as huh huh a-a-as ek as ek 'n kans kan kry dan s-al ek elke keer wat ek k-k-kan vir haar 'n 'n elke uur sê dankie vir wat sy vir my doen. Ek wil net, ek huh huh het al baie in my lewe vir my pa gesê het da-da-dankie. Huh huh huh maar ek h-h-het nie. Dis vir my belangrik. Ek het huh huh vir ander goed soos as hy vir my geld gegee het. Die groot goed, die groot goed, het ek te groot, nooit tevore het ek vir hom dankie gesê nie. Dit bly- b-b-bly jou by jou, v-vir jou he- h- hele lewe lank.

**O:** *Dink jy nie jy kan vir jou pa 'n briefie skryf om vir hom dankie te sê nie?*



**W:** Ja ek kan ek kan dit doen, maar huh huh hy's ver hiervan af. Dalk kan ek i-i-iets skryf en na na mmm na sy g-g-grafsteen toe gaan. Ek was lanklaas daar, drie jaar terug daar. Op sy graf te gaan sit daarso en net op die graf te sit. Ek weet nie of dit so goeie 'n 'n 'n idée sal wees nie.

**O:** *Ek dink dit is 'n baie goeie idee, ek dink jy moet dit probeer...Ek dink dit sal jou baie beter laat voel, want dan kry jy die kans om dankie te sê.*

**W:** Ja, nogsteeds ek sal bietjie beter voel maar ek sou graag huh huh s-self vir ho-ho-hom wou dankie sê, dan kan hy vir my sê dis 'n plesier.

**O:** *Ja, jy sou dit graag wil hoor ne?*

**W:** Ja.

**O:** Okay, baie baie dankie dat jy met my gepraat het...

**W:** Dit is reg...

**O:** *Ek dink ek het nou nogals hier oor goed met jou gesels wat baie hartseer is, so daar is nou 'n kans dat jy hier gaan weggaan en met jou vuiste teen die muur wil slaan, of ...*

**W:** (lag)

**O:** *...Of bietjie wil huil of so tipe van iets, maar jy weet met wie kan jy praat as jy so voel né?*

**W:** Ja.

**O:** Jou ma en so aan, miskien kan jy more met jou meisie ook gesels. Of jy gaan haar vanaand bel ek weet nou nie. Maar dit is belangrik dat jy nou met die mense met wie jy KAN praat, praat oor hierdie goed, dat jy kans kry om net so bietjie te ontlaai. Okay en as daar enige iets anders is wat jy voel jy later wil byvoeg, wat jy nog vir my wil sê, dan moet jy vir my bel. As jy voel jy het nog nodig om te gesels oor hierdie goed moet jy met tannie Amanda ook kom gesels.

**W:** Ja.

**O:** *Okay, so soos ek vir jou gesê het alles wat ons hier gesels het bly tussen my en jou, so baie baie sterkte, ek dink dis 'n swaar pad wat jy stap.*

**W:** *Ja,,*

**O:** *Maar ek dink jy moet 'n baie sterk ou wees om so ver te gekom het. Okay,... ek gaan nou die tape hier stop...*

**TRANSKRIBERING VAN SEMI-GESTRUKTUREERDE  
ONDERHOUD 5  
VRYDAG 2005/09/16**

**O:** *Onderhoudvoerder*

**M:** **Tiener dogter, 14 jaar oud.**

**O:** *Onderhoud 5 Vrydag 16 September 2005.*

**O:** *Eerstens wil ek vir jou baie dankie sê dat jy op 'n vrydag hier saam met my sit, ek weet 'n vrydag middag is kosbaar. Wat sou jy anders vandag gedoen het?*

**M:** Ek wou by my ma se werk gaan sit het en ek sou huis toe gegaan het en voor die rekenaar gesit het.

**O:** *Lekker, hou jy daarvan om op die rekenaar te speel?*

**M:** Ja.

**O:** *Speel jy "games"?*

**M:** Ja.

**O:** *Wat's jou beste "game" om te speel?*

**M:** "Transport". Dis oor sulke treine, vliegtuie, karretjies en ander goed wat mense vervoer van een plek na 'n ander plek toe.

**O:** *O okay, dit klink interresant.*

**M:** Dit is nogals.

**O:** *Ag lekker.*

**M:** En jy maak baie geld.

**O:** *O is dit?*

**M:** Ja.

**O:** *So jy kan "bank"?*

**M:** Ja (lag)!

**O:** *Lekker (lag) As dit maar net regtige geld was né?!*

**M:** Ja.

**O:** *Oraait. Ek sal... mmm .. so lyk my jy gaan nou net korter by jou ma se werk sit?*

**M:** Ja! (lag)

**O:** *Oraait, maar mmm die ander ding wat ek by jou wil hoor voor ons aangaan. Is ... hoe oud is jy nou?*

**M:** Ek is veertien.

**O:** *Dit beteken jy is in graad...?*

**M:** Graad agt.

**O:** *Graad agt. Ek dink nogsteeds in Standerds. Okay, daar's hy. Vertel my bietjie meer van jouself. Waarvan jy hou, waarvan jy nie hou nie... Jy't klaar gesê jy hou daarvan om op die rekenaar te speel. Is daar nog ander goed waarvan jy hou? Troeteldiere, boeties en sussies of nog ander goedjies?*

**M:** Ekke hou daarvan om op die naweek, hou ek daarvan om voor die TV te lê...

**O:** *Mmm.*

**M:** Want dan kan mens kyk wat op die TV is. Ekke hou van my kossoorte. Waarvan ek hou is pizza.

**O:** *O ja! (lag)*

**M:** 'n Hamburger.

**O:** *Ja.*

**M:** En kook kos.

**O:** *O okay, kan jou ma darem lekker kookkos maak?*

**M:** Ja.

**O:** *Ja, oraaait.*

**M:** Ekke hou van Coke, vrugtesap, veral "orange" of oranje.

**O:** *Ja.*

**M:** En ek drink by die skool net water, want dit hou my gesond en gee my energie.

**O:** *O okay, so jy's 'n gesonde "girl" buiten vir die hamburgers en die pizza!*

**M:** Ja.

**O:** *Oraait.*

**M:** Ek pak nie gereeld vir my kos in nie.

**O:** *Ja.*

**M:** Ek hou nie daarvan om vir my kos in te pak skool toe nie, maar as ek voel in die oggend ek gaan dit nie maak nie, dan pak ek maar vir my kos in. Ek hou nie van mense wat klein diertjies en alles dood maak nie. Ek weet nie eintlik waarvan ek nie hou nie. Daar's eintlik baie goed waarvan ek hou. Maar ek haat of nie haat nie, 'n persoon wat vir mens lag, wat van mens steel of wat vir mens sleg sê agter sy rug.

**O:** *Mmm.*

**M:** Ennnn... (lank uitgerok) Ekke hou ook van.... (stilte) om te speel met my vriendinne.

**O:** *Mmm.*

**M:** Vandag was ek eintlik baie lelik. Ek't 'n ou gehad. Ons het 'n maand en (stilte) 'n paar dae uitgegaan. En vandag toe gaan praat ek met hom, sy naam is \*R<sup>1</sup>, toe gaan praat ek met hom, toe wil ek sê luister, ek dink ek breek met jou. Toe's hy soortvan, ek is besig, toe sê ek, ek en my vriendinne, ek's in die middel met my een vriendin en my ander vriendin. Toe sê ek "Fine! Ek breek!" Toe sê hy "dankie!".

**O:** *O o!*

**M:** Maar dit was nie 'n baie lekker gevoel nie, maar hy was altyd te besig vir my en as hy nie met my wou gepraat het nie, dan sê hy hy't 'n migraine.

**O:** *Ahhh.*

**M:** So ek het baie sleg gevoel, maar ek voel eintlik baie goed daaroor!  
(lag)

**O:** *Okay (lag)*

---

<sup>1</sup> Naam ontbreek ter wille van konfidensialiteit.

**M:** ...Want ek het 'n ander seuns vriend wat my al maandag gevra het, en sy naam is \*J, hy is nie in die skool nie, hy is dertien.

**O:** Ja.

**M:** Hy is in die Engelse skool. Hy kom van Engeland af, maar hy's hier gebore, sy ma en pa is geskei.

**O:** Oo.

**M:** So ek dink hy het ook 'n paar verliese gehad.

**O:** Mmm.

**M:** Ja... mmm.

**O:** *Jy't gesê, hy't ook 'n paar verliese gehad? Voel jy julle twee kan, het nogals met mekaar ooreenstem daar? Want jy't ook 'n paar verliese gehad?*

**M:** Ja.

**O:** Okay.

**M:** En as ons praat, as ons met mekaar praat, dan praat ons altwee met mekaar Engels.

**O:** Ja.

**M:** Want as hy my Engles antwoord dan kan ek nie antwoord in Afrikaans nie! (lag)

**O:** *Nee. (lag/glimlag)*

**M:** So dit sal half sinneloos wees as ek Afrikaans praat en hy Engels so dan praat ons maar altwee dieselfde taal. En nou die dag, sy nefie is in die skool, toe bel hy my en ek is soortvan, ek hou mos nie daarvan as iemand my bel en nie name gee nie.

**O:** Ja.

**M:** Toe bel hy my, en soortvan, gaan jy en \*J uit? En ek is soortvan, Nee? En toe sê hy, nou hoekom sê hy so? Toe's ek soortvan ek weet nie waar jy hieraan kom nie. Maar die antwoord is NEE! En toe vyf minute daarna bel hy my weer en sê "Moet asseblief nie vir \*J sê ek het gebel nie. Toe's ek soortvan, Okay... Toe sit ek die foon neer, toe stuur ek vir hom 'n sms, en vra, "Wat is jou naam? Toe wil die ou

nie sy naam vir my gee nie toe bel hy weer. Toe bel hy weer en sê hoekom soek jy my naam? Toe sê ek, ek wil weet wat jou naam is, dalk ken ek jou.

**O:** *Ja.*

**M:** Hy sê toe ek gaan nie my naam vir jou gee nie. Toe's ek soortvan, "Nee dis reg." So halfuur later toe bel \*J my. Toe sê hy vir my "Did my nephew call you?" Toe's ek soortvan "Yes he did."

**O:** *Mmm.*

**M:** Ek meen.....

**O:** *Ja, jy't nie geweet wie hy is nie?*

**M:** Ja, toe sê hy O okay. Hy's soortvan: "What did he say to you?" Ek's like in: "Well, he said to me that... (stilte) are we going out, 'cause you said so. And I don't know where he coming from that because we never have had gone out, with his friend, and " hy sê: "Okay, I think I'm, going to take a walk now". Toe sê ek...

**O:** *Ooo (lag)! Klink my jy't amper daar familie onmin veroorsaak!*

**M:** Ja, en hy't my gebel, seker so drie ure daarna weer, toe bel hy my weer en vra my wat doen ek. Toe's ek soortvan: "Ek lê en kyk (stilte)... mmm (stilte)... daai nuwe program op Twee, Saterdag, Gabriel. Toe sê ek: "Ek is besig om Gabriel te kyk".

**O:** *Ja.*

**M:** Toe's hy soortvan: "Weet jy wat doen ek nou?" Toe sê ek: "Nee, en ek wil ook nie weet nie". Toe sê hy: "Wel ek gaan elke geval vir jou sê." Ek sê: "Okay, ek luister" Hy sê: "Ek sit buitekant die swembad en bewe my yskoud en my nefie is in die swembad in die water rond", so ek sê: "Sit die foon neer en gaan swem saam met jou nefie!" "Nee maar ek wil met jou praat okay!"

**O:** *Mmm.*

**M:** Sondag het ons niks van mekaar gehoor nie, maandag toe stuur hy vir my 'n sms: "Will you be my girlfriend? \*J"

**O:** *Wow!*

**M:** Toe's ek soortvan, ek het dit ge "ignore" toe stuur ek vir hom 'n "Please call me" dat hy my kan terugbel. Toe bel hy terug en sê: "So what's the answer?" Toe's ek soortvan: "What answer?". Toe maak ek asof ek nie die sms gekry het nie!

**O:** *Ja.*

**M:** Hy's soortvan: "Didn't you get my sms?" Ek's soortvan: "what sms?". Toe sê hy "I sent you "Will you be my girlfriend" en toe's ek soortvan: "Did you really sent that?" (lag)

**O:** *(lag) Toe maak jy seker of hy ernstig is?*

**M:** Ja, toe sê hy "I really have sent that." Toe's ek soortvan "Okay. Well phone me on Friday and I'll say your answer to you". Toe sê hy: " Okay, I can't wait 'till Friday. En vandag toe stuur hy vir my 'n "please call me". Maar gelukkig is my foon baie laag, so stuur ek een terug en ek dink hy gaan my vanaand bel...

**O:** *Okay. (lag)*

**M:** En ek sien nie regtig daarvoor uit nie. Ek het al maandag met my ou gebreek, maar toe gaan ons weer uit toe sê ek vir hom, nee dit werk nie meer tussen ons nie ek is jammer. My vriendin, ons het mos gisteraand 'n sokkie hier gehad,

**O:** *O is dit.*

**M:** En toe't my vriendin ook haar ou gelos.

**O:** *O, so julle is nou nou twee "single girls"?*

**M:** Nee, ons is eintlik nie "single" nie, sy "cheat" op daai ou.

**O:** *O gats!*

**M:** En sy't met 'n ander outjie uitgegaan, maar hulle gaan nogsteeds uit, en sy het met \*B uitgegaan, hy was eintlik 'n "Blind date", en mm toe't ons hom nou gaan uitvra, want sy voel uitgesluit as sy by ons sit en dan het ons, soortvan, ons twee het ouens, ek en my ander vriendin, en dan het sy niks nie. En dan voel sy uitgesluit. So toe besluit ek en my ander vriendin, daarom, okay, kom ons kry vir haar 'n ou, dan sal sy dalk in voel. Toe's sy soortvan, sy soortvan 'n week en



'n paar dae met hom uitgegaan en toe't sy gisteraand met hom gebreek.

**O:** *Aah.*

**M:** En sy't ook 'n paar verliese gehad en ons het baie daaroor gepraat. Ek probeer haar hier en daar help.

**O:** *Mmm.*

**M:** Haar ma en pa is geskei toe sy drie jaar oud was.

**O:** *Sjoe dit is erg.*

**M:** Sy huil nou al vir 7 jaar lank, want die tannie wat by haar bly is 'n regte heks. Ja, ek stem saam met haar, ek het by haar gaan kuier en toe skree sy sommer net op haar en sy't NIKS eers verkeerd gedoen nie!

**O:** *Sjoe!*

**M:** Ek's soortvan, my oë het so groot geraak, ek soortvan, ek kyk die tannie so en ek's soortvan "Is sy elke dag so!?"

**O:** *Sjoe.*

**M:** Toe's sy soortvan... Ja en partykeer sal sy haar sommer klap deur die gesig. Okay. Dit was nie nodig gewees nie..

**O:** *Ja...*

**M:** Mens kan aflei, sy't haar een keer so geklap, haar ring het mos so punt...

**O:** *Ja.*

**M:** Sy't vir \*M so geklap, en ek vra die oggend vir haar: "Wat is hierso, dit lyk asof jy jou gestamp het of iets?" Toe sê sy sy't in die kas vasgeloop. Maar sy't bietjie hard in die kas vasgeloop. Die kas se hoekpunt.

**O:** *Mmm.*

**M:** Toe 'n maand later toe vertel sy my die hele waarheid.

**O:** *Sjoe, dit was seker vir haar baie erg?*

**M:** Ja en haar pa wil nie vir haar luister nie.

**O:** *Mmm, sjoe dit klink my jy weet van baie mense wat ook verliese gehad het né?*

**M:** Ja.

**O:** *Wat sou jy sê is jou verliese wat jy gehad het, soos wat ek nou gepraat het, is daar een spesifieke verlies? Waaraan jy kan dink? Of was daar baie verliese in jou lewe gewees? Iets wat jy oor wil of kan praat?*

**M:** Ja, daar is 'n paar verliese wat ek ook in my verlede gehad het. Ek het ook my oupa verloor toe ek nege jaar oud was.

**O:** *Was jy en jou oupa baie "close" gewees?*

**M:** Ja, ek was baie lief vir my oupa gewees. Ek het my ouma verloor toe ek, ek dink twaalf jaar oud was. Toe't ek my ander ouma verloor en ek was ook baie "close" saam met haar.

**O:** *Ja?*

**M:** Mmm en ek was al twee keer gemolesteer gewees.

**O:** Sjoe...

**M:** ...En my tannie het weggekome daarmee.

**O:** Ja?

**M:** Ennnnn (stilte)... en toe die tweede keer, nie baie lank terug nie, het my oom, my pa se boetie my gemolesteer.

**O:** Sjoe...

**M:** En, dit is hoekom ek weggevat is, maar dit is nie die enigste rede nie. My pa en ma kan nie vir my kyk nie, my kyk nie. My pa het glad nie kos gekoop nie, my pa het net selfone gekoop.

**O:** *Sjoe...*

**M:** En as daar nie kos was in die huis nie, in die aande het my pa my in die aande uitgestuur. Wanneer dit donker beginne raak. Het hy my uitgestuur om kos te gaan soek by mense en mmm as ek niks terug gebring het nie, het hy my geslaan.

**O:** *Ja?*

**M:** ... En op my geskree. En ek moes die hele huis self skoon gemaak het, my ma het, sy't net uitgevee dan het sy die vuilgoed net daar gelos.

**O:** *Sjoe!*

**M:** En ekke was baie verskreeu en ek was baie bang gewees, ek het nie geweet wat om my aangegaan het nie, totdat ekke hulp gekry het van oom \*A... mmm en so.

**O:** *Wie's oom \*A?*

**M:** Mmm. Hy werk daarso by mmm (stilte)... daar by Witrand, Potchefstroom.

**O:** *O okay. Het hulle gehoor, of hoe het Oom \*A van jou uitgevind? Of...?*

**M:** My ma het daar gewerk, by die kiosk wat daar is, en ek het eendag saam met my ma werk toe gegaan, toe het ek daar buitekant in die parkie gesit met my bene, so opgetrek, toe lê ek so op my arms, ek was so ongelukkig ek het nie geweet wat om te doen nie,

**O:** *Ja?*

**M:** Toe kom hy na my toe, ek het baie "down" gelyk. Ek was nie myself gewees nie, ek was baie "down" gewees. Toe vra hy vir my: "Wat's fout nooi?" en ek's toe soortvan: "Niks nie oom." Toe sê my ma vir hom dat ek nie Okay is nie. En my skooljuffrou en my Arbeidsterapeut het toe vir hom vertel...

**O:** *O was jy by 'n Arbeidsterapeut?*

**M:** Ja. En hulle het my BAIE gehelp, want ek het baie dinge gehad om uit te sorteer. En hulle het vol agter my gestaan. Alhoewel ons 'n paar keer baklei het, maar dan kom ons weer altyd bymekaar uit. Oom \*A is baie goed vir my. Dit is baie lekker daar, en ek het elke naweek by hom gaan kuier. En saterdag oggende drink ons sommer koffie in die bed, dit is verskriklik lekker.

**O:** *Het jy nou daarso gebly?*

**M:** Ja.

**O:** *Okay, en jou ma en pa, is hulle nog in Potch?*

**M:** Ja.

**O:** *So is dit oom \*A wat besef het jy is nie meer eintlik veilig daarso by jou pa en jou ma nie?*

**M:** Ja.

**O:** *Is dit familie van jou?*

**M:** Oom \*A is my pa se broer.

**O:** *Bly jy lekker by hulle?*

**M:** Party keer wens ek ek kan teruggaan. Ek mis my vriendinne vreeslik en my ma-hulle ook. Maar ek wil nie eintik weer by my ma-hulle bly nie, want ek kry net negatiewe, negatiewe antwoorde by hulle. My ma en my pa. Ek weet nie wat nie, en ja...

**O:** *Verlang jy nog na hulle?*

**M:** Party keer (stilte) Party keer dink ek so aan hulle, my ouers en nou die dag, ek sit in die klas, toe kry ek sulke “flashes” van gesigte. En dis glad nie lekker nie, want ek onthou die regtig aaklige goeters wat met my gebeur het.

**O:** *Kry jy nagmerries ook of net hierdie “flash-backs” van die goeters wat met jou gebeur het?*

**M:** Ja ...ja.

**O:** *Het jy al vir iemand hiervan vertel?*

**M:** Ja, ja ek het. En toe maak my vriendin my skrik, en toe sy my skrik maak toe begin ek huil. En daai middag, oppad huis toe, toe kry ek weer een.

**O:** *Hoe lank terug het jy hierna toe gekom?*

**M:** Mmm ek het..... mmm.... (lang stilte) amper twee jaar terug.

**O:** *So jy's nou al amper twee jaar hier in Pretoria, in die Wilgers?*

**M:** Ja.

**O:** *Okay...Dit vat maar 'n rukkie om gewoon te raak aan 'n nuwe plek né? Maar ek kan dink dat jy nogsteeds jou vriendinne mis.*

**M:** Ja... Maar party keer dan voel ek net, ek kan niks doen om hulle weer elke dag te sien nie, so kom ons gaan aan met my lewe. En ek het my lewe baie gemaklik begin lewe.

**O:** *Mis jy dit wat jy gehad het toe jy by jou ma-hulle was?*

**M:** In 'n mate, in 'n mate het ek meer. Ek het 'n baie beter lewe en dit. Ek kry elke aand 'n vol bord kos. Ek hoef nie ver te loop nie, as ek honger is is dit my eie skuld, omdat ek net vir myself iets moet kry en (lag) ek het nie al my kos gisteraand opgeëet nie! (lag) Maar ek het geëet!

**O:** *Ok, lekker. Weet jy wat wil ek vir jou vra, as jy terugdink aan hierdie verliese wat jy gehad het, die verlies aan jou ma en pa, die verlies omdat jy getrek het, soos wat jy sê al hierdie slegte goed wat met jou gebeur het, het dit sekere gevoelens by jou gelos, dat jy kan sê dat laat my\_\_\_ so voel?*

**M:** Ja, toe ek my vriendinne moet agter los, ek was baie "down" gewees, ek was baie hartseer. Ek het nie geweet wat om te doen oor hulle nie. Tipe van... My ouers het ek agter gelos en ek het nie geweet of ek hulle ooit weer sal sien nie. Dit was vir my sleg, want ek het nie geweet wat om te doen nie. Ek is nou besig om sterker te word. Maar ek is nou meer sterk.

**O:** *So jy het nou baie mense wat jou kan help? Wie sou jy sê is regtig waar ondersteunend wat 'n groot rol speel in jou "recovery".*

**M:** Ek dink my vriendinne, want ons kom meer oor die weg, ons praat meer oor ... as ons gefrustreerd is dan vertel ons vir mekaar, dan raak dit net beter, soos vandag my een vriendin, en toe ek vandag my ou gelos het, toe weet sy net, want haar ou was ook so. Toe sê sy net: "Jy is gelukkiger so" toe's ek net soos van: "Ja jy is reg!", Maar sy's baie "down" gewees, want sy weet nie van ons ander ouens nie. (lag)

**O:** *(lag)*

**M:** Want sy dink nou ons is single (lag) Nou wil sy ook single wees.

**O:** *Maar jy't klaar 'n back-up plan!?*

**M:** Ja... Ek was altyd so op laerskool, ek het altyd 'n ander ou gehad, ek het een baie hegte verhouding met een seuntjie gehad. Hy was altyd daar vir my gewees. Hy was my beste maatjie gewees. Sy naam was \*C. Sy ma en my ma was beste vriendinne. Ek was baie baie lief vir hulle gewees, en na skool het ek daar gaan speel en so. En daar was die oom wat ook baie lief vir my was, en ek kan nie onthou wat het gebeur nie, (lag) en mmm (lag) en toe die oom eendag..., maar ek kan nie onthou wat het gebeur nie, toe't ek geskrik, toe is die oom soortvan: "Is jy Okay nooi"?, toe sê ek "Ja maar wat het ek verkeerd gedoen!" (lag!)

**O:** *Ag shame. En jou nuwe gesin, praat jy van oom en tannie of...?*

**M:** Ek sê mamma en pappa.

**O:** *En is jy gemaklik daarmee? Voel hulle soos jou mamma en pappa?*

**M:** Die eerste rukkie was ek nie regtig so in die ding van om mamma te sê nie, maar ek is nou al lank daar, so dit is nou vir my beterder om mamma en pappa te sê.

**O:** *Want dan voel jy ook meer deel van die gesin?*

**M:** Ja.

**O:** *Is daar ander kinders ook in die gesin?*

**M:** Ja, hulle het vir \*A, en sy's nou baie klein en irriterend.

**O:** *(lag) Gewoonlik kan sulke klein ou kindertjies partymaal vreeslik irriterend wees né!?*

**M:** Ja, want as ek nie met haar wil speel nie, dan sal sy 'n tantrum gooi!

**O:** *Ag shame, dit gaan seker nog vir so jaar of wat aangaan! Ag siestog! (lag) Dis maar 'n ou kleintjie hoor! Wat dink jy was jou drome vir jou toekoms gewees voordat jy by jou ma-hulle weg was? As jy nou moet dink, dit is 'n hele rukkie terug wat jy moet dink. Het jy sekere drome vir jou lewe gehad, drome vir jou toekoms? Selfs maar net dat jy en \*C vir ewig sou saamspeel? Watter drome het jy gehad?*

**M:** Okay, kom ons kyk. Daar was 'n paar drome. So een of twee.

**O:** *Ja?*

**M:** Ek het gedroom dat ek 'n sosiale werker wou word, ek het gedroom dat ek 'n prokureur sou word. Ek het gedroom dat ek sal trou, ek het gedroom dat ek sal 'n sielkundige word, maar my grootste droom is dat ek twee kinders wil hê. Maar ekke het, vandat al daai "stuff" met my gebeur het, het ek uitgesluit twee kinders, dat ek wil trou, en ek het sosiaal uitgesluit, nou is dit net Sielkundig en prokureur wat oorbly.

**O:** *Hoekom wil jy nadat hierdie goeters met jou gebeur het nie meer 'n sosiale werker wees nie?*

**M:** Ek weet nie, ek weet net jy gaan meeste van die tyd met ouens ook werk en ek weet nie, ek voel net ongemaklik daarmee. Dis maar die ding. Ek het gemaklik op 'n stadium daarmee gevoel, maar toe begin ek ongemaklik te voel. Want toe begin hy vatterig te raak. En toe raak ek bang, want ek meen, hy vat die hele tyd aan my en eers het hy net hande vasgehou, maar later en dit was nie vir my baie lekker nie. Hoe hy my druk en so aan nie (praat al hoe sagter). Maar \*M, haar ou het net so beginne vatterig raak en gisteraand toe wou hy op haar verkeerde plek vat, toe wil sy hom nie meer hê as 'n ou nie. Voordat hy iets verder doen, toe is ek soortvan "Wat ek glo dit nie!", maar agterna toe besef ek, hy het al voorheen probeer.

**O:** *So sal jy eerder 'n werk wil hê waar jy saam met vrouens werk as wat jy saam met mans werk?*

**M:** Ja.

**O:** *So jy is gemakliker met vrouens?*

**M:** Ja.

**O:** *Hoekom sou jy 'n sosiale werker wou word in die eerste plek?*

**M:** Ek weet nie, miskien is dit net om mense te help, wat sukkel en so aan. Ek meen ek het op 'n stadium verskriklik graag 'n sosiale werker

geword het. Die enetjie wat met ons gewerk het, dan het ek altyd gedink, ja, ek wil dit ook doen, maar...

**O:** *En nou?*

**M:** En nou, ek weet nie ek voel net nie meer gemaklik nie. Ek het baie keer al gemaklik gevoel met 'n ou, maar nie nou meer nie. En toe al die goed met my gebeur het (praat al hoe sagter, amper onhoorbaar) As mens negentig persent van dit tyd ongemaklik voel, jy kan nie gemaklik voel nie. Maar \*J het my ook in die eerste twee dae, ek het hom nie geken nie, en toe ek hom ontmoet, dit was soos 'n droom wat waar geword het (lag). Ek het nog altyd gedroom ek ontmoet 'n Engelse man wat ryk is, en ja hy is ryk. En ons het nogals goed oor die weg gekom. En ons ken mekaar vandag vyf maande en twee weke.

**O:** *Sjoe dit is 'n lang tyd. Is jy op jou gemak saam met \*J?*

**M:** Ja, ons sit altyd 'n ent uitmekaar uit, dan voel ek gemaklik.

**O:** *Jy't nog een ander ding gesê, jy't gesê dat jy wou trou eendag, en nou weet jy nie meer so mooi nie.*

**M:** Ek is bang oor daai goeters wat met my gebeur het. As ek net daaraan dink. Ek het, ek het een middag gedink aan my trourok. Hoe ek hom wil hê, hoe ek sal wil lyk en al daai goed, en dit was nogals 'n mooi rok gewees. Dit was so rok, hy loop so, en sit so styf, met sulke blommetjies hier onder. Met sulke blommetjies en steentjies hier onder en dan die... mmm die ...

**O:** *Die "veil"?*

**M:** (lag) Ja.

**O:** *Die sluier?*

**M:** Ja, dit is so spierwit. Met so kant hierso en 'n kroon.

**O:** *Mmm.*

**M:** Dan lyk ek soos 'n prinses, 'n regte prinses. En my skoene, het sulke lekker "high heels" (lag)

**O:** (lag) *Ja...*



**M:** ...En met so 'n ronde punt hiervoor.

**O:** *Sjoe dit klink baie baie mooi, klink asof jy dit goed deurdink het!*

**M:** Ja, dit is lekker om so te droom, maar onmiddelik dink ek aan wat met my gebeur het, dan raak ek bang dat daardie selfde goed weer vorentoe sal gebeur.

**O:** *Is jy bang as jy trou gaan dit weer gebeur of is jy bang dat dit met jou kinders sal gebeur?*

**M:** Dat dit met my kinders sal gebeur.

**O:** *Mmmm ... Wat dink jy kan jou help om weer nuwe drome te kry?*

**M:** Ek weet nie, party maal dan sit ek daarso op my bed en dan dink ek dan is mense saam en dan is hulle nie meer saam nie en dan baklei hulle, en dan vat hulle mekaar weer terug en later is hulle dertig jaar en dan trou hulle. Dis nou die boek wat ek nou die dag gelees het. (Kasset stop hier-die onderhoudvoerder kom dit nie onmiddelik agter nie en van die teks gaan verlore)

**O:** *Dit klink vir my as ek jou nou reg verstaan asof jy sê dat die een groot ding wat vir jou help en wat vir jou gehelp het om deur al hierdie goeters te kom wat met jou gebeur het, is storieboeke?*

**M:** Ja... Storieboeke help vir jou om te dink aan goeie goeters. Nie net slegte goeters nie. Okay, hier en daar, baklei hulle in die boeke, maar almal doen dit. Ek en my vriendinne het een keer vir twee weke aanmekaar baklei. Daar was nie 'n dag wat ons nie baklei het nie.

**O:** *Sjoe dit was seker vir jou baie sleg gewees.*

**M:** Dit was vir my verskriklik sleg gewees, ek het nie geweet hoe om dit te hanteer nie. Ek het begin "down" lyk, totdat ons weer vir mekaar drukkies gegee het. En toe "hug" ons mekaar. Ek kan nie onthou wat het gebeur nie, ons was in wiskunde gewees en ek was nog besig om te skryf, toe "hug" sy my sommer (lag). Toe sê ek vir haar "Ek probeer skryf okay". Toe sê sy vir my kom saam met my badkamer toe, toe vra ek: "Wat wil jy met my in die badkamer gaan doen?" Toe sê sy: "Nee man ek wil water gaan drink!"

**O:** *Nou voel jy dinge is weer reg tussen julle?*

**M:** *Ja!*

**O:** *Okay, weet jy wat wil ek jou vra om mee te eindig. As jy terugdink aan jou verliese, hoe sal jy dit beskryf, ek het nou hier 'n klomp woorde, watter van hierdie is op toepassing van jou? Die een is lewensveranderend, lewensverrykend, positief, negatief, dit gee vir jou 'n vrees vir dood, dit gee vir jou meer of minder empatie met ander mense, dit gee vir jou meer of minder deernis wat ook swaarkry, of dit het jou houding teenoor die lewe verander miskien, of dit het jou houding teenoor die lewe verander. Miskien gee dit jou meer respek of begrip vir die natuur, lewe, of gesin of vir liefde. Watter van hierdie goeters is op toepassing van jou en jou lewe?*

**M:** Ek was baie baie bang vir die dood. Ek het meer empatie met ander mense. My verhouding met mense het heeltemal verander. Ek het baie geleer nie net van hoe 'n mens kan optree nie, en hoe mens probleme kan uitsorteer. Ek was op 'n stadium baie depressief gewees, want ek het nie geweet wat om te doen nie. Mens oordoen jouself, jy sê vir jouself jy het gebreek. En van daai dag af... vandag ... dit het toe gevoel asof ek in 'n blik gedruk was, maar ek voel nou verlig. En ek het nog vir my vriendinne gevra, moet ek nog aangaan of moet ek breek, maar toe ek skree "Ek breek!!" en toe sê hy vir my "Dankie!". En vandag, tweede laaste periode toe kom ons van kuns af, en my een vriendin, sy het geval op die trappe, sy het net gegly, gelukkig is haar knieë nie stukkend nie, sy het net bietjie gegly, want sy het nog sywurms in haar hande gehad!

**O:** *O gats!!! (lag)*

**M:** En toe begin ek te lag, en net soos wat ek so lag, toe kom my "ex"-ou by die trappe afgestap. (lag) en toe kyk hy so, en toe sê my vriendin: "Wat kyk jy!?" en toe is ek soortvan: "\*M! Wat doen jy!?" Toe sê sy "Hy is jou "ex", ek mag so maak". (lag)

**O:** *(lag) Ag shame.*

**M:** Ek het hom nogals jammer gekry, want toe hy my sien toe lyk hy so afgehaal.

**O:** *So hy is nie heeltemal so gelukkig soos jy vandag nie? Sê vir my is daar enige iets anders wat jy nog vir my wil vertel rondom 'n lewendroom of dink jy ons het oor alles gepraat?*

**M:** Daar's 'n ander lewendroom wat ek ook het. Ekke wil eendag uitgaan en voor mense praat. Ekke het baie min vertrouwe in myself gehad. Maar vandat ek hier bly het my selfvertroue verskriklik verbeter.

**O:** *Hoekom dink jy het jou selfvertroue verbeter vandat jy hier is?*

**M:** Ek weet nie. Ek het daarso net nie omgegee wat met my gebeur nie. Ek het nie, nie omgegee nie, ek het net nie myself mooi opgepas nie. Ek het altyd uitgegaan in die aande, en ek het altyd geloop met "pepper gas" in my sak.

**O:** *Om jousef te beskerm?*

**M:** Ja. Maar nou weet ek die Here beskerm my.

**O:** *So jy sê toe jy daar was, was jy net baie happy-go-lucky, maar nou dat jy hier is voel jy baie anders?*

**M:** Ja.

**O:** *So nou dat jy by oom \*A hulle bly gaan dit beter met jou?*

**M:** Ja.

**O:** *Is hulle groot Christene?*

**M:** Ja.

**O:** *So nou dat jy by hulle bly het geloof goeters vir jou belangriker geword.*

**M:** Ja..

**O:** Oraait, okay, wel ek dink ek en jy kan hier stop. Dankie.